
# Briewe aan 'n Gemeente

## Korintiërs



Louis Nel

# Briewe aan 'n Gemeente

## Gedagtes oor 1 en 2 Korintiërs

**Louis Nel**

Eerste Druk 2003

Tweede Hersiene Druk 2014

Derde Hersiene Druk Oktober 2019

Mosbolletjie Boeke

www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

Voorwoord

**Deel 1 - 1 Korintiërs - Die Nagmerrie-gemeente**

1 Die Nagmerrie Gemeente

2 Genade en Vrede!

3 Die Groot Geskenk

4 Eensgesindheid

5 Eenvoud van die Evangelie

6 Hy Gebruik Eenvoudiges

7 Eenvoudige Boodskap

8 Goddelike Wysheid

9 Word Tog Groot!

10 Tuinier vir die Here

11 Bouwerk

12 Tempel van GOD

13 Bestuurder vir Jesus

14 Ware Geluk

15 Alleen by die Huis

16 Suurdeeg

17 Hofsake

18 Prostitusie

19 Die Huwelik

20 Afgodsoffers

21 Onderhoud met Paulus

22 Verantwoordelike Vryheid

23 Lewenswedloop

24 Is Sakramente Genoeg?

25 Nog ‘n Grote Val

26 Verhoudingsmaaltyd

27 Misbruikte Vryheid

28 Die Hoed, O, Die Hoed!

29 Hoe vier ons Nagmaal?

30 Geestesgawes

31 Verhewe Gawes

32 Gebruik Jou Gawes

33 Die Héél Beste Gawe

34 Onverganklike Liefde

35 Glossalalie

36 Orde in die Erediens

37 Hy het Waarlik Opgestaan

38 Lewe na die Dood

39 Splinternuwe Liggaam

40 Help Asseblief!

41 Briefslot

## Deel 2- 2 Korintiërs - Brief aan 'n Gemeente


42 Briewe aan 'n Gemeente

43 Genade en Vrede vir Jou

44 Bemoediging

45 Kritiek

46 Jesus se Wierook

47 Brief vir Jesus

48 Die Nuwe Verbond

49 Die Ou en Nuwe Bedeling

50 'n Sluier oor die Evangelie

51 Skat in Kleipotte

52 Ons Ou Tentwoning

53 Versoenings Bedienaars

54 Alles vir Almal

55 Lewenswyse vir Jesus

56 Tugtiging

57 Slae van die Lewe

58 Gee Aan die Here

59 Versoekings

60 Gee met die Regte Gesindheid

61 Harde Woorde

62 Nederigheid

63 Die Sendingveld

64 Swaarkry

65 Vervoerings en Dorings

66 Ongesonde Kritiek

67 Die Krag In Ons

# Voorwoord

Die vraag wat baie teoloë mekaar vra, is hoeveel briewe Paulus aan die gemeente in Korinte geskryf het? Die antwoord is eintlik heel eenvoudig: Ons weet nie! Wat ons wél weet, is dat daar beslis meer as twee briewe geskryf is - waarskynlik vier Nou waarom sou Paulus so baie tyd spandeer aan briewe skryf aan hierdie gemeente? Bloot omdat daar soveel probleme was, en hulle gedurig sy aandag nodig gehad het.

Alles het begin, vroeg in die jaar 50 nC toe Paulus, Silas en Timoteus vir agtien maande in

Korinte gewerk het. Paulus het by Priscilla en Akwilla - tentmakers nes hy - ingetrek, en saam met hulle gewerk terwyl hy die evangelie aan die mense van Korinte bedien het. Dit was nie maklik nie: die Jode in die stad wou hom nie aanvaar nie, en het hom beledig, met die gevolg dat hy uiteindelik nie meer in die sinagoge kon gaan preek nie. Uiteindelik het hierdie Jode hom dan ook voor die hof gesleep, maar hulle het druipstert daarvan afgekom - die hele spul is uit die hof gesmyt!

Paulus en sy span het dan hoofsaaklik onder die nie-Jode

gewerk, en vasgebyt ten spyte van al die teenstand wat hulle van die Jode gekry het.

Vandag kan elke gemeente steeds leer uit die briewe wat Paulus aan die Korintiërs geskryf het.

***Louis Nel***

# 1 Die Nagmerrie Gemeente

## Inleiding tot 1 Korintiërs

Baie jare gelede het die pragtige Karoodorp Graaff Reinet deur ‘n verskriklike tweestryd gegaan. Die NG Kerk het in twee geskeur oor politiek! Daar was twee leraars in die kerk, die een dominee was ‘n vurige Nat en die ander ‘n Sap. So erg was die stryd, dat hulle ‘n tweede kerk moes bou om albei te akkommodeer! Glo my, gemeentes skeur dikwels uitmekaar omdat sommige lidmate ‘n sekere leraar verkies bo ‘n ander - ek het dit al persoonlik dikwels beleef.

Stel jou voor, jy loop die oggend in ‘n kerk in as vreemdeling in die gemeente, en iemand kom gryp jou aan die mou: “Welkom hier, Vriend,” sê die kêrel oorvriendelik, “ek is van Ds. Poggenpoel se groep. Jong hy is darem nou ‘n man na wie jy kan luister, preek jou tot trane!” En dan karring hy aan oor die voortreflikhede van daardie Ds. Poggenpoel. En terwyl hy nog so voortbabbel, tik iemand jou op die skouer en fluister: “Kom saam met my!” Jy het nie juis ‘n keuse nie, en hy verlei jou na die Ds. Swanepoel-groep. “Van daardie klomp moet jy ver wegbly!” vermaan hy, “Ons luister net na die minsame Ds.

Swanepoel. Ons is die heiligste klomp hier in die gemeente. Weet jy dat een van daardie spul, nogal ‘n ouderling, ‘n verhouding het met sy skoonma!” Jy voel naar! “Ons hier is voorstaanders van die uitgebreide Nagmaal - ons eet almal heerlik saam.” Jy sien juis uit die hoek van jou oog ‘n reuse tafel gedek eenkant in die kerk, oorlaai met berge kos. Daar is tot ‘n speenvark, kompleet met appel in die bek! “Ek sien jy ry ‘n BMW, jy is seker baie welaf, nê? Ek sal sorg dat jy ‘n goeie plek aan die tafel kry.” Gou kom jy agter dat die “gewone” mense daar eenkant eet en net die rykes by die tafel plek kry.

Maar weereens word jy weggelok deur ‘n derde persoon. Baie gou verduidelik hy jou van die skynheilige klomp by die tafel, en dat Ds. van Niékerk se groep die wáre groep is. “Ons maak géén geheim daarvan dat ons sonde doen nie”, lag hy, “Ons dans en dobbel, suip en rinkink, want sien: dis die geestelike in jou wat belangrik is. Wat jou vlees doen is totaal onbelangrik.” Hy gaan voort deur te vertel dat dit nogal jolig kan gaan by hulle. Hierdie klomp het selfs so in die stilligheid die dienste van ‘n bordeel bekom! …. as jy dalk sou belangstel....

Jy soek die eerste geleentheid wat jy kan kry om by daardie kerk uit te glip en die hasepad te kies! Met só ‘n spul wil jy niks te doene hê nie!

‘n Storie? Eerder ’n nagmerrie? Miskien wel, maar hierdie is presies wat Paulus teëgekom het in die gemeente in Korinte, selfs die ou wat ‘n verhouding met sy skoonma gehad het! Die dinge waarmee hierdie gemeente geworstel het, laat behoorlik jou hare regop staan. Maar wat het dit vandag met ons te doen? Dis mos dinge wat al tweeduisend jaar gelede al gebeur het? Dit is vandag irrelevant! Werklik?

Hierdie hartseer brief van Paulus aan die weerbarstige gemeente in Korinte, is vandag nog steeds relevant, want hierdie dinge gebeur steeds in gemeentes! Dalk in ‘n ander vorm, maar ons hoor vandag steeds van dinge wat gebeur in die kerk wat jou hare laat regop staan. Kort-kort is daar berigte in die koerante van ’n ouderling wat sy vrou verneuk het met sy diaken se vrou of ’n dominee wat in dobbelverslawing verval het. Of selfs ’n getroude leraar wat homoseksueel met ander mans rondflenter. Morele verval het nie die kerk gesystap nie! Daagliks lees ons van die

verskriklike dinge wat gebeur - ook met gelowiges.

Ons Westerse samelewing is gegrond op die morele waardes wat deur die vroeë kerk vasgelê is. Baie van hierdie waardes het hulle oorsprong by Paulus, en daarom kan ons vandag baie beslis weer gaan leer wat Paulus oor hierdie dinge te sê gehad het. Die gemeente in Korinte was sterk onder die invloed van die heidense wêreld waarin hulle geleef het, en hulle het riglyne nodig gehad oor hoe om te leef volgens Goddelike beginsels. Dieselfde riglyne geld vandag steeds vir ons as gelowiges.

‘n Studie van 1 Korintiërs kan ons help om onsself beter te verstaan. Wat is die verhouding tussen liggaam en siel? Hoe behoort ons verhouding met ander mense te lyk? Mag ek as gelowige maar ‘n bietjie losbandig leef?

Paulus verduidelik wat die Here van my verwag, en volgens watter reëls ons moet saamleef. Hy verduidelik waarom ons nog steeds kerk is en hoe ons kerk daar moet uitsien.

Korintiërs is noodsaaklik vir elke gelowige om deeglik te bestudeer. Hier ontdek ons weer opnuut die roepstem om as vrygekoopte kinders van God ons

roeping as gelowiges uit te leef te midde van ‘n sondige en gebroke wêreld, om so die gemeenskap van God in die wêreld te vorm. Dit is natuurlik van uiterste belang dat ons onsself nie uit die wêreld onttrek en in afsondering leef nie, maar dat ons júís ons geloof uitleef te midde van die sondige wêreld, sodat God se Koninkryk uitgebrei kan word.

**Gebed:**

**Here, dankie vir Paulus en hierdie wonderlike brief oor hoe om ons lewens te rig.**

# 2 Genade en Vrede!

## 1 Korintiërs 1:1-3

Lentebloeisels tooi die wêreld in ‘n lieflike kleurewonder terwyl Paulus by die venster uitkyk oor die hawestad Efese waar hy al die afgelope jaar of twee besig is om ‘n gemeente te vestig. Terwyl hy sy bekommerde gedagtes laat gaan oor wat besig is om te gebeur oorkant die Egeïese see, in nóg ‘n hawestad, Korinte, sit sy sekretaris gereed om sy brief aan die gemeente in Korinte te skryf. Dit is die jaar 54nC. Paulus het die afgelope ruk allerhande kommerwekkende berigte gekry uit Korinte. Die tyd het

aangebreek dat hy baie ernstig met hulle praat. Dit kan net eenvoudig nie so aangaan nie.

“Van Paulus,” begin die ou man bekommerd dikteer. Die sekretaris doop sy skerpgemaakte gansveer in die potjie ink en begin pynlik netjies die woorde in sierskrif neerskryf. “wat deur die wil van God geroep is om ‘n apostel van Christus Jesus te wees.”

Slegs die krap-krap van die gansveer is hoorbaar, as Paulus se gedagtes terugdwaal na daardie dag buite Damaskus, dié dag toe hy die Opgestane Jesus ontmoet het. Watter onbeskryflike

invloed het daardie traumatiese dag nie gehad op sy lewe nie! Jesus het hom persoonlik aangeraak en hom ‘n uitgestuurde, ‘n apostel gemaak. “Ons moenie van Sostenes vergeet nie”, sê Paulus vir die sekretaris, “hy het immers saam met my gedink oor hierdie brief! Voeg by dat die brief ook van die broer Sostenes kom.”

“Presies hoe moet ek die brief bewoord?” wonder Paulus. Dis ‘n sensitiewe situasie, en hy wil nie die nuwe gelowiges van Korinte wegdryf van die Evangelie af deur onsensitief te skryf nie. Aan die ander kant gebeur daar

afskuwelike dinge in daardie gemeente, en hy durf dit nie maar net daar laat nie! Hy sidder by die blote gedagte aan van die berigte wat sy ore bereik het. Wat ookal die geval - daardie gemeente behoort steeds aan God! “Aan die gemeente van God in Korinte,” dikteer Paulus voort, en dan dink hy eers baie mooi voordat hy die volgende byvoeg: “wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en geroep het om aan hom te behoort.”

“Wat ‘n wonderlike gedagte!” gesels Paulus met sy sekretaris, “Is dit nie heerlik om te weet dat ek en jy en óók die gemeente in

Korinte vir ons Meester afgesonder is nie? Ons is heilig! Hy het ons Sélf, Persoonlik uit die sondige wêreld uitgehaal en ons heilig gemaak! En dit ten spyte van al ons sonde! Maar die dinge wat nou aangaan in Korinte het eenmaal té erg geword. Baie van hulle heul met gnostisisme. Dis 'n verfoeilike ding! Daardie misteriekultus is besig om ál die werk wat ons daar gedoen het, ongedaan te maak. Kan jy glo dat hulle werklik sou dink dat jy onsterflikheid kan kry deur die een of ander inlywingsrite?" Paulus is sommer omgekrap. "Ons moet dit baie duidelik uitspel dat hierdie sogenaamde

‘pneomatikos’ waarvan hulle praat, suiwer onsin is. Hulle wil sowaar beweer dat jy met jou liggaam kan doen nét wat jy wil, solank jy ’n ‘pneomatikos’, ’n geestelik verligte mens is, en bevry is van die liggaamlike. In kort beteken dit mos dat solank jy ’n gelowige is, maak dit nie saak hóé erg jy in sonde leef nie. Nee, dit werk nie so nie! Ons moet mos heilig lewe!”

“Ek dink jy moet vir my nog ’n sinnetjie invoeg by die aanhef: “En verder aan almal, waar hulle ook al mag wees, wat die Naam aanroep van Jesus Christus, hulle Here en ons Here.” Paulus sien

die vraagteken op die sekretaris se voorkop. “Hierdie brief gaan opslae maak! Dalk lees baie meer mense as net die gemeentelede in Korinte dit!”

Paulus glimlag: “Ek wonder tóg hoeveel mense ooit hierdie brief sal lees? As ‘n paar honderd dit onder oë kan kry, sal ek ‘n baie gelukkige man wees! Wie weet, dalk doen hierdie brief vir die volgende jaar of drie nog steeds sy rondtes onder gemeentes. Inderdaad kan ál die gemeentes iets leer hieruit!”

Ja, min het Paulus geweet dat hierdie brief vir die volgende tweeduisend jaar nog steeds sy

rondtes sal doen en baie miljoene mense dit sou lees en daaruit leer. Daardie paar honderd wat hy dalk in gedagte gehad het, het sy stoutste verwagtinge oortref! Sou hy dalk die brief anders bewoord het as hy dit geweet het? Ek twyfel!

“Kom ons sluit die aanhef af met ‘n seënwens: Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!”

Paulus peins diep: “Ek voel so jammer vir daardie arme mense wat so mislei word,” sug hy. “Die morele verval in Korinte is skokkend! Dan is daar boonop die verskriklike verdeeldheid.

Daar is selfs hofsake tussen gemeentelede! Dit mag mos nie? Hoe bitter nodig het hulle nie juis nóú hierdie seënwens nie. Hoe verskriklik nodig het die arme mense nie die vrede van God nie. En natuurlik Sy heerlike genade! Dit is my innige gebed dat hulle dit werklik sal ervaar, en dat al die ander mense wat hierdie brief lees dit óók sal ervaar!”

**Gebed:**

**Here, my hart loop oor van dankbaarheid dat hierdie brief van Paulus vandag vir ons bewaar gebly het, en dat ons steeds vandag daaruit krag en wysheid kan put.**

## 3 Die Groot Geskenk

## 1 Korintiërs 1:4-9

Kerstyd begin almal rondskarrel om geskenke te koop. Die kinders maak lysies en stuur briewe aan Kersvader daar iewers op die Noordpool, en selfs grootmense begin opgewonde wonder wat hulle vir Kersfees gaan kry. Wat is dit wat jou so opgewonde maak oor geskenke? Miskien is die misterie van 'n toegedraaide geskenk die grootste rede tot opgewondenheid, want dit wat jy kry bly vir jou ‘n heerlike verrassing totdat jy sorgvuldig die strik losgeknoop het; die kleefband met moeite losgetrek

het sonder om die papier te skeur; die pragtige, kleurvolle geskenkpapier sorgvuldig oopgemaak het en dan met bewondering kyk na die geskenk wat jy gegee is.

‘n Ander element is die feit dat dit iets is waarvoor jy nie gewerk het nie. Dit is gratis, vry, verniet. Iemand het dit vir jou gegee sonder dat jy dit werklik verdien het! Dit maak dit spesiaal.

Daar is ook ‘n derde element wat so ‘n geskenk vir jou besonders maak, en dit is die feit dat die persoon dit vir jou gegee het omdat hy of sy vir jou lief is en vir jou omgee. Jy gee mos nie

sommer ‘n geskenk vir iemand wat niks vir jou beteken nie!

Maar dan kom daar ook iets anders by die ontvang van ‘n geskenk, en dit is dat jy dankbaar is teenoor die persoon wat dit vir jou gegee het. Jy sal die persoon dalk om die nek val en innig soen. ‘n Jong meisie wat ‘n diamantring van die man kry wat by haar vlerksleep, gaan ronddans van vreugde en hom in trane van blydskap belowe dat sy vir ewig en altyd syne sal wees. En dan gaan sy windmakerig met haar hand so half in die lug loop sodat ‘n ieder en elk, veral haar vriendinne, daardie blink klippie

kan sien. En vir haar pêlle vertel sy net van hoe wonderlik daardie Adonis is!

In 1 Kor 1:4 praat Paulus ook van ‘n geskenk wat die gemeente in Korinte ontvang het. Hierdie is ‘n baie spesiale geskenk, die geskenk van genade wat God in Jesus vir hulle gegee het. Hierdie geskenk was iets absoluut asemrowend, want hy vertel hier van “gawes van woord en kennis” (v.5) wat deel uitgemaak het van die geskenk. Maar dit het veel meer behels, want daar was nie ‘n enkele genadegawe wat nie iewers ingesluit was in die wonderlike geskenk nie.

O, en die wonderlike is dat ek en jy daardie selfde geskenk kry, die dag wanneer Jesus in jou lewe kom. Die vraag is: hoe hanteer ons daardie besonderse geskenk? Eintlik werk dit presies dieselfde as die geskenk wat jy van ‘n geliefde kry. Dit begin by die opgewondenheid en die wonder wat dit mag behels. Jy is gewoonlik baie versigtig om jou te begeef in hierdie nuwe stap in jou lewe (jy maak die geskenkpapier versigtig oop). En dan, wanneer jy eers sien wat Jesus se geskenk alles behels, wil jy op en af spring van opgewondenheid.

As jy egter eers baie mooi gaan kyk na Jesus se geskenk, en begin besef wat dit gekos het, en wat die onskatbare waarde daarvan is, word jy absoluut oorweldig deur dankbaarheid. Ja, inderdaad is die ondenkbare offer wat Jesus gemaak het aan die kruis op Golgota alreeds oorgenoeg rede tot dankbaarheid, maar die dinge wat Paulus aan die gemeente in Korinte beskryf, vul jou verder met borrelende dankbaarheid. Die ryke seën, al die genadegawes, die vryspraak wat Hy ons gee "*sodat daar geen aanklag teen julle sal wees op die dag dat ons Here Jesus Christus kom nie*" (1 Kor 1:8). Dink net: ál

ons oortredinge, hoe groot hulle ookal mag wees, word summier van die klagstaat verwyder. Is dit nie alreeds genoeg rede tot jubelende dankbaarheid nie? Dit is soos om vir iemand wat in die tronk opgesluit is, en wag op die dag van sy teregstelling, op ‘n dag die nuus te kom gee: “Jy is vry! Die president het besluit om jou vry te spreek!” Ten spyte van die misdaad wat jy gepleeg het wat die doodstraf verdien, word jy begenadig en stap jy as vry mens uit die tronk.

Die vraag is: hoe leef ons daardie dankbaarheid uit? Hoe sê ek dankie vir so ‘n reuse geskenk?

In die eerste plek kan ek net eenvoudig nie ophou om verbaal “Dankie, dankie, dankie Here!” te sê nie. Jou hele wese wil net Jesus se voete soen en aanhou dankie sê. Maar dit is nie genoeg nie, want vir iemand wat vir jou ‘n baie groot geskenk gee, sal jy enigiets doen. Dit sal by jou ‘n lewenswyse word van dinge doen wat vertel van presies hoe dankbaar jy is. Liefde is die hoogste vorm van dankbaar lewe. Eerstens ‘n lewendige, praktiese liefde teenoor God, waar jy alles in jou vermoë sal doen om binne Sy wil te leef, en Hom so gelukkig te maak. Maar ware dankbaarheid beteken ook om jou

liefde uit te leef teenoor jou medemens, want dit is wat Jesus van jou vra.

Daar is egter ook ‘n ander aspek: Soos die meisie haar verloofring vir almal wil wys, so wek dankbaarheid ook by jou die behoefte om vir elkeen wat ore het te wil vertel van jou lewensgeskenk, en veral van Jesus wat dit vir jou gegee het. Vraag is: hoe dankbaar is jy?

**Gebed:**

**Dankie Here, dankie vir U groot geskenk aan my. Help my asseblief om my dankbaarheid op elke terrein ten volle uit te leef.**

# 4 Eensgesindheid

# 1 Korintiërs 1:10-17

Op skool wou ‘n onderwyser eendag vir ons prakties probeer bewys dat wanneer mense saamstaan, dan is hulle sterk. Hy het die oggend ‘n dosie vuurhoutjies uit sy laai gehaal en met ‘n groot gebaar een vuurhoutjie uit die dosie gehaal. “Wie dink dat hy hierdie vuurhoutjie kan breek?” vra hy vir ons. Ek onthou nog hoe ons gelag het oor sy simpele vraag. Een outjie - die sterkste van ons klomp - is vorentoe aangepor, en hy kry die taak om die vuurhoutjie te breek, onder luide applous van

sy klasmaats. Toe gooi die onderwyser die hele inhoud van die dosie in sy hand uit; maak die vuurhoutjies in ‘n bondel en gee dit vir die kêrel. “Probeer nou om hierdie bondel te breek,” kom sy tweede opdrag. Op die oog af lyk dit maklik, maar die arme outjie was naderhand rooi in die gesig van inspanning, maar om die dood kry hy nie die bondel vuurhoutjies gebreek nie. “Dit bewys dat as mense saamstaan, dan het hulle groot krag - met ander woorde: eendrag maak mag,” verduidelik die onderwyser.

Op daardie oomblik spring een van die meisies agter in die klas

op: “Aag gee tog hier, dan wys ek julle hoe dit gedoen word,” lag sy, en gryp die bondel vuurhoutjies by die seun. Almal bars uit van die lag, want hier wil ‘n simpel meisiekind die onmoontlike probeer regkry. Hulle is nuwe intrekkers, iewers op ‘n plaas naby Waterval Boven, dus ken niemand haar juis nie. Sy vat die vuurhoutjies vas, en dan val ons monde oop van verbasing as sy sowaar die hele bondel breek. Sy gee ‘n betekenisvolle kyk in die verleë onderwyser se rigting, en gaan sit weer.

Wat niemand geweet het nie, is dat hierdie meisie so sterk soos ‘n

bees was. Deur harde plaaswerk het sy sterk geword - so sterk dat sy ‘n sak mielies in elke hand kon optel en daarmee loop. Ons seuns het gou-gou baie groot respek vir haar gekry, en sy het die bynaam: “Bondelbreker” gekry.

Eensgesindheid onder gelowiges, is iets wat baie sterk op Paulus se agenda is. Ons lees ook daarvan in sy brief aan die Filippense. In vandag se Skrifgedeelte hamer Paulus sommer gróót spykers in hierdie gedagte in, want hy wou die probleme as gevolg van verdeeldheid in Korinte hokslaan.

Verdeeldheid word gewoonlik veroorsaak deur die feit dat verskillende mense verskillende leiersfigure aanhang. Waar daar meer as een leraar in ‘n gemeente is, dan is hierdie probleem feitlik onvermydelik. In ‘n sekere gemeente was daar ‘n jong, dinamiese leraar wat alles op die moderne manier wou doen. Hy wou wegbreek van die ou tradisies. Die tweede leraar was ‘n ou omie wat bly vasklou het aan die ou kerklike tradisies. Daar was baie spanning in die gemeente, want helfte van die gemeente staan bankvas agter die een terwyl die ander helfte die ander leraar ondersteun. Die

gemeente kon eenvoudig nie saamstaan nie.

In Korinte was daar drie leraars betrokke: Paulus, Apollos en Sefas, en elkeen van hierdie drie het hulle aanhangers gehad. Alhoewel Paulus ten tye van die brief lankal nie meer deel was van die gemeente nie, was daar steeds diegene wat van niemand anders wou weet as Paulus nie. Dit is nie noodwendig die leraars wat die verdeeldheid veroorsaak het nie, maar eerder kulturele, sosiale of etniese verskille in die gemeente wat gemaak het dat mense saamkliek. Slawe was as ‘n laer klas beskou, en verstoot

deur sommige. En dan was daar die Jode wat steeds nie met “heidene” wou meng nie, al was albei gelowiges.

Die probleem het nie gelê by die feit dat mense ‘n voorkeur vir die prediking van ‘n spesifieke leraar gehad het nie, maar omdat daar verdeeldheid tussen groepe was, en hulle net eenvoudig nie kon saamstaan en saam aanbid nie. “Is Christus dan in stukke verdeel?” sug Paulus in vers 13.

Dit is wél so dat predikers verskillende preekstyle het. Dalk is dit vir jou meer aanvaarbaar om te luister na ‘n ou tradisionele prediker, en iemand anders

verkies weer ‘n dinamiese prediker. Ons moet egter onthou dat dit nie om die persoon of preekstyl gaan nie. Beide preek wat die Heilige Gees hulle op die hart gelê het, en ons durf dit dus nie minag nie. Ons moet bereid wees om na enige prediker te luister wat die suiwer Woord verkondig. Dit is verkeerd om agter iemand aan te hardloop, net omdat ons sy preekstyl geniet. Dit is na God wat ons luister, en nie die leraar nie.

Dit is egter nog belangriker, dat ons nie durf toelaat dat kultuur-etniese- of sosiale verskille ons as gelowiges van mekaar skei

nie. ‘n Klompie van ons gemeente het per geleentheid saam met ‘n Zoeloe gemeente in ‘n “township” naby Stanger gaan aanbid. Hulle het uit hulle pad gegaan om ons tuis te laat voel, en dit was ‘n heerlike belewenis. As ons net probeer, kán gelowiges saamstaan ten spyte van verskille. Dit maak ons geloof sterk!

**Gebed:**

**Here, vergewe my dat ek dikwels so onverdraagsaam is teenoor ander gelowiges wat anders as ek is. Help my asseblief om te aanvaar en saam te staan.**

## 5 Eenvoud van die Evangelie

## 1 Korintiërs 1:18-25

Is daar enige ooglopende verskille tussen die kerk en die wêreld? “Maar natúúrlik!” sal jy seker vererg wil antwoord. Maar moenie te haastig wees met jou antwoord nie! Ons moet eers ‘n slaggie baie goed gaan kyk, en sien of daar waarlik ‘n verskil is om van kennis te neem. As daar nie is nie, dan is die kerk besig om te sink!

Dominee stap Sondagoggend selfvoldaan die kerk binne. Agter hom streep die diakens en ouderlinge aan ná hulle oggendsessie in die konsistorie

waar hulle belangrike sake bespreek het, soos Saterdagmiddag se rugbywedstryd, die Proteas se vertoning tydens die Wêreldbeker, en wat hulle gaan doen om die ingang na die kerkgebou te verfraai

Die kerkkoor sit héél voor, netjies uitgevat in swart en wit. Dominee is trots op sy gemeente. As hy die kansel bestyg, dink hy aan al die voorbereiding wat gedoen is om hierdie diens spesiaal te maak. Hy het die hele week lank gewerk aan sy preek, en hy is tevrede dat dit van hoogstaande gehalte is. Hy weet ook dat die koor baie

hard geoefen het vir hulle uitvoering van ‘n ingewikkelde Latynse lied met hemelse harmonie.

Agter in die kerk sit ‘n persoon met ‘n baie swaar gemoed. Die laste van die lewe het vir haar te veel geword: haar man het haar verlaat en haar kinders is ‘n mislukking. Vir oulaas het sy gekom om troos te soek voordat sy selfmoord gaan pleeg. Voorlangs sit ‘n man wat besig is met ‘n skema om miljoene te maak uit ander mense se ellende. Hy sit in die kerk om sy gewete te sus. Niemand weet van sy donker geheim nie. Op die verste punt sit

‘n vrou alleen. Haar finansiële toestand het haar gedryf tot prostitusie. Sy wil nie in daardie verskriklike situasie wees nie, sy het hulp kom soek in die kerk.

Die koor het hulle uitvoering voortreflik gelewer, en die mense het selfs spontaan hande geklap, al kon hulle nie ‘n enkele woord verstaan van wat gesing is nie. Die dominee se preek was uit die boonste rakke, en die skyfievertoning wat hy saamgestel het, het asems weggeslaan. Ná die tyd kon niemand onthou wat hy gesê het nie, maar almal het geweet dat hierdie dominee ‘n baie slim man

moet wees om só ‘n voortreflike preek te kon lewer. Hy was tevrede!

Die vrou is huistoe en het selfmoord gepleeg. Die man se skema het op die lappe gekom en hy is tronk toe. Die prostituut het haar eie onderneming begin en baie manne gelukkig gemaak. Die koor het géén verskil gemaak in hulle lewens nie, en só ook nie die uitmuntende preek van die slim dominee nie.

Daar is ‘n gesegde wat lui dat jy só hemels-gebonde kan wees dat jy géén aardse waarde het nie. As gelowiges moet ons baie versigtig wees dat ons nie bó die wêreld

uitstyg nie. Daar is twee dinge wat ons as gelowiges baie goed moet besef: Die eerste is dat ons nie meer deel is van die wêreld nie. Ons moet dus alles in ons vermoë doen om die sondige lewe waarin ons voorheen vasgevang was, agter te laat, en heilig te lewe. Ewe belangrik is, dat ons nie met ons koppe in die hemel kan leef nie. Ons moet steeds in die wêreld leef tussen ongelowiges. Hoe gaan die ongelowiges ooit tot inkeer kom as daar nie gelowiges tussen hulle en saam met hulle is om hulle van God se liefde en genade en Sy verlossingsplan te leer nie? Jesus het immers die

voorbeeld gestel toe Hy saam met tollenaars gekuier het en met sondige mense gemeng het.

Dit is ook van uiterste belang dat ons onsself vergewis van presies wat in die wêreld aangaan, sodat ons empatie kan hê met die probleme van ongelowiges. As ons nie hulle omstandighede verstaan nie, kan ons nie vir hulle preek nie. Sommige gelowiges lees nooit koerant nie en kyk nooit TV nie, want dit kan hulle lewens "besoedel." Ek het baie groot simpatie daarmee, want sodoende kan jy dalk nader aan God leef. Maar dit is tóg belangrik

om jou nie totaal van die wêreld af te sny nie.

Die dominee hier bo sou dalk die harte van die drie mense met probleme kon aanraak as hy die eenvoudige evangelieboodskap verkondig het en sy wêreldse wysheid eenkant gesit het. Die koor kon dalk tot hulle harte deurgedring het deur ‘n eenvoudige lied oor God se genade te sing. Die probleem is dat ons dikwels die eenvoudige Skrifwaarhede as onbelangrik ag en eerder die groot filosofiese kwessies wil aanhaal.

Hierdie is juis een van die groot verskille tussen die kerk en die

wêreld, dat die wêreld die hogere wyshede soek, en die eenvoudige verwerp. Gelowiges se hele bestaan wentel rondom die eenvoudigste begrippe. “Glo in Jesus en jy het die ewige lewe,” is vir baie mense hééltemal te eenvoudig. Vir die gelowige is dit egter die mooiste begrip wat jy ooit oor kon droom. “Wat vir die wêreld die onsin van God is, is groter wysheid as die wysheid van mense”, skryf Paulus (1 Kor 1:25).

Keer ‘n slag terug na die eenvoudige dinge toe!

**Gebed:**

**Here, ek is sélf baie skuldig, want so dikwels probeer ek my eie wysheid bewys, en vergeet ek van die eenvoud van U wonderlike Evangelie.**

# 6 Hy Gebruik Eenvoudiges
# 1 Korintiërs 1:26-31

In die “goeie ou dae” het ons ‘n boshuisie besit in Marloth Park. Met groot ywer het ek ‘n grasperk aangeplant, en hy was welig groen. Maar toe kom daar een jaar ‘n droogte, en te midde van die kosskaarste ontdek die vlakvarke hierdie stukkie oase in die vaal bos. Dit was die einde van my mooi grasperk, en al wat oorgebly het was die kaal grond.

Die volgende lente plant ek met groot ywer wéér ‘n grasperk, maar dié slag gebruik ek wilde

gras wat ek oral in die veld uithaal. Dit was ‘n baie slim idee, altans so het ek gedink. Die varke het gedink dat ek dit spesiaal vir hulle daar geplant het, en ‘n paar weke later was daar nie eers ‘n teken dat daar ooit gras geplant was nie. Toe koop ek grassaad, die beste, taaiste en duurste op die mark. Sorgvuldig berei ek die grond voor, gee kompos en strooi kunsmis. Ek bedek die gras met doringtakke sodat géén vlakvark ooit daar naby kan kom nie. Boonop installeer ek ‘n besproeiingstelsel om die grassies ‘n goeie kans in die lewe te gee.

Die varke het die sproeiers se pypies uitgegrawe om by die water te kom, die takke van die groenigheid afgegaffel en my grasperk wortel en tak uitgegrawe totdat daar net ‘n omgeploegte land oorgebly het! Al my slim planne het net mooi niks opgelewer nie!

In skrille teenstelling hiermee, het ek met verwondering toegekyk hoedat ‘n dorre veld waar slegs klippe en rooi grond na ‘n droogte die landskap oorheers, na slegs een enkele goeie bui reën feitlik oornag omtower word in ‘n grasgroen tapyt, sonder kunsmis, sonder beskerming, versorging!

Waar het ek dan verkeerd gegaan?

Paulus gesels oor ‘n héél ander soort grasperk, maar tóg is daar merkwaardige ooreenkomste.

Die wêreld probeer om “godsdiens” te bedryf volgens hulle eie standaarde. Die slimste mense moontlik word ingespan om met hulle oorvloed wysheid dinge uit te werk, te beplan en te bedink. Invloedryke mense met hope geld in hulle sakke word aangestel om dinge te bedryf. Op die oog af lyk dit dikwels of hulle baie vermag, en dat hulle planne voor die wind verloop. Maar die eerste “droogte” of plaag wat

hulle tref, verongeluk al hulle slim planne, en dit stort in duie.

God werk anders, totáál anders! Hy gebruik dikwels die doodgewone mense om as Sy werkers en gesante op te tree. Eenvoudige vissermanne en plaasboere word bemagtig, en die resultate is verstommend. Die Bybel vertel vir ons van talle sulke gevalle. Nie alleen was daar ‘n Petrus (‘n eenvoudige visserman) en ‘n Amos (‘n plaasboer) wat wondere verrig het as werkers van die Here nie, maar daar was selfs totaal ongeleerde mense soos die Samaritaanse vrou met die slegte reputasie wat Jesus by

die put ontmoet het. Sy het ‘n groot aantal mense na Jesus gelei. En wat van die mal kêrel wat kaal in die begraafplaas rondgedwaal het? Nadat Jesus die duiwels uit hom gedryf het, het hy die woord verkondig in die Dekapolis en ‘n reuse taak verrig.

Uit ‘n wêreldse oogpunt, is hierdie dinge gans onmoontlik, pure gekheid. “*wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam,*” skryf Paulus in 1 Kor 1:27.

Nou wat is die geheim dan? Die groot geheim is dat God betrokke is. Sonder Hom is die mens se beste pogings ‘n totale flop. Mét

Hom is enigiets moontlik. En dit bring ons dan by die betekenis van hierdie gedagte vir my en jou vandag. Hy werk nog steeds op presies dieselfde wyse. Hy gebruik steeds doodgewone mense om die Evangelie uit te dra.

Die NG Kerk het nou begin om oor die internet, doodgewone lidmate op te lei as predikers. Dit maak my baie opgewonde! Om die Woord te verkondig, is nie die voorreg van slegs ‘n paar hoogsgeleerde manne nie. Dit is elke gelowige se plig, en ons as gelowiges moet bereid wees om opgelei te word om dit effektief te

kan doen. Daar is ‘n magdom van leermateriaal beskikbaar wat die oningeligte gelowige die vaardigheid gee om dit te kan doen.

Daar is egter een baie groot voorwaarde: God moet die uitgangspunt, die middelpunt wees van jou bediening. Alles moet rondom Hom alleen sentreer, en jou krag hiervoor kan jy alleen van Hom put. O ja, die Heilige Gees rus jou toe met soveel krag as wat jy kan hanteer, solank jy Hom toelaat om dit te doen. Dit is ook van uiterste belang dat jy jou laat lei deur Hom. Ons moet ook onthou dat

ek en jy slegs ‘n werktuig in Sy bekwame hande is, en dat ons daarom aan die einde van die dag ál die eer slegs aan Hom mag gee. Dit is immers nie my eie slimmigheid nie, maar God wat die werk deur my doen. “**Die wat wil roem, moet in die Here roem.**” (1 Kor 1:31)

**Gebed:**

**Here, ek is beskikbaar - U kan my gebruik waar U wil. Dankie dat ek ‘n instrument in U hand mag wees. Al die eer bring ek aan U.**

# 7 Eenvoudige Boodskap

## 1 Korintiërs 2:1-5

Ek het al predikers beleef wat met sulke hoogdrawendheid en groot woorde praat, dat hulle jou naderhand hééltemal verloor. En ek het al na manne probeer luister wat met soveel "wysheid" preek, dat jy daarvan g'n dooie woord verstaan nie. En dan kry jy ook nog die predikers wat graag wil wys hoe heilig hulle is, deur die manier wat hulle woorde uitspreek. Die baie bekende Prof. Attie Barnard het eenmaal gesê dat 'n predikant se heiligheid dikwels gemeet word aan hoe mooi en hoogdrawend hy

“Mesopotamië” kan uitspreek. Net so het ek al vele male ‘n geestelike boek begin lees wat op dieselfde trant geskryf is, en dan laat vaar ek hom maar na die derde of vierde bladsy. Ek is maar ‘n eenvoudige wese, en ‘n skrywer moet vir my baie eenvoudig skryf, anders verloor hy my.

Aan die ander kant, het ek al geluister na hoogsgeleerde predikers wat in sulke eenvoudige taal en sulke plat-op-die-aarde gedagtes preek, dat ek elke woord daarvan indrink en dit jare later steeds onthou. En dieselfde geld vir boeke. Hoe eenvoudiger

en op die man af dit geskryf is, hoe makliker lees ek dit en hoe dieper tref dit.

Paulus was ‘n man met ‘n baie groot geleerdheid. Hy het die Skrifte van voor tot agter geken, en hy het sy opleiding gehad by die héél beste leermeesters. Hy noem êrens dat die beroemde Gamaliël hom geleer het. Hy moes een van die héél bestes van sy tyd gewees het. Boonop kan ons duidelik sien uit Paulus se briewe dat hy ‘n briljante redenaar was wat op die ingewing van die oomblik blitsvinnig ‘n antwoord kon gee. Hy kon letterlik toor met woorde.

Paulus het egter baie deeglik besef dat groot woorde en ingewikkelde redenasies hom nie baie ver sou bring as hy die Evangelie wou bring na dikwels eenvoudige mense nie. In eenvoud het hy aan die heidene, wat dikwels nog nooit van Jesus gehoor het nie, die boodskap van Jesus se verlossing oorgedra.

As ons aan Paulus dink, sien ons hierdie onverskrokke figuur wat stuit vir g’n duiwel nie, en wat nie bang is vir die tronk of owerhede of selfs om gestenig te word nie. Tóg sien ons in hierdie gedeelte ‘n totaal ander Paulus wat baie deeglik bewus is van sy eie

swakhede, en wat met groot angs en huiwering na mense kom om aan hulle die Evangelie te verkondig. Tien jaar gelede, in 2009 het ek so ‘n ietsie van Paulus se angs beleef, toe ek vir die eerste keer op die kansel moes staan om vir ‘n gemeente te preek. Nou ja, ek is nie ‘n predikant nie, net ‘n gewone Ouderling. Ek het baie deeglik voorberei vir daardie preek, baie ure se bloedsweet. Skielik het ek tot die besef gekom van die reuse verantwoordelikheid wat op 'n prediker se skouers lê. Toe ek die dag voor die gemeente staan, dring dit tot my deur dat ek as gesant van God daar staan. Ek

moes aan die gemeente oordra wat die Heilige Gees my op die hart gelê het. Ek moes ‘n atmosfeer van aanbidding vir die gemeente skep. Ek, die prediker, moes verdwyn sodat die gemeente vir God raaksien, sodat daar waarlik ‘n tweegesprek kon plaasvind tussen Hom en die gemeente.

Menige gesoute leraar staan elke Sondag so in vrees en bewing op daardie kansel, want dit maak nie saak hoe groot jou geleerdheid is, en hoeveel keer jy al gepreek het nie, jy dra steeds daardie verantwoordelikheid op jou skouers. Elke keer as jy die

kansel bestyg, moet jy baie diep onder die besef wees van presies wat die Here van jou verwag. Presies dieselfde geld ook vir my, elke oggend as ek ‘n dagstukkie skryf. Ek durf dit nie uit my eie krag of wysheid doen nie, want dan sal dit bloot ‘n stuk klinkende metaal wees. Dit is vir my ‘n geweldige groot verantwoordelikheid, want duisende mense lees elke dag hierdie dagstukkies, en dit gaan na mense van baie verskillende denominasies. Daarom moet ek des te meer versigtig wees presies wat ek skryf. Liewe leser, daarom vra ek asseblief dat jy gedurig vir my sal bid, dat ek

nooit perspektief sal verloor nie, en dat ek ál my krag, wysheid en inspirasie alleenlik van die Heilige Gees sal put.

Wat het Paulus se prediking so suksesvol gemaak, buiten vir die feit dat hy dit so ernstig opgeneem het? Sy boodskap! Dit was 'n baie eenvoudige boodskap wat vertel het van Jesus Christus wat gekruisig is. Vir baie mense is hierdie eenvoudige boodskap vandag te eenvoudig! Hulle wil iets verhewe hê. Tóg is hierdie eenvoudige boodskap een wat eintlik onverstaanbaar kompleks is, een wat alle menslike verstand te bowe gaan. Om die volle

omvang daarvan te probeer verduidelik, is onmoontlik vir selfs die slimste prediker. Tóg is dit so eenvoudig dat selfs ‘n kindjie dit kan verstaan. Jesus Christus het aan die kruis gesterf en sodoende betaal vir al ons sondes. Al wat my as sondaar te doen staan, is om die vryspraak wat Hy só gee, te aanvaar deur in Hom te glo as my Verlosser. Het jy dit al gedoen?

**Gebed:**

**Here, help my asseblief om my boodskap eenvoudig te hou sodat elkeen dit kan verstaan.**

# 8 Goddelike Wysheid

## 1 Korintiërs 2:6-16

Die wêreldberoemde astrofisikus, Prof. Steven Hawking, word allerweë gesien as een van die wêreld se héél slimste mense, die Einstein van ons tyd. Hy was totaal verlam deur motorneuronsiekte, ‘n kwadropleeg, en hy kon slegs kommunikeer deur sy oë te beweeg, en só ‘n rekenaar te beheer om te praat en skryf. Hy is eenmaal die vraag gevra, wat van die mens word die dag wanneer hy sterf. Sy antwoord was, dat die mens soos ‘n rekenaar is: wanneer die prop die dag

uitgetrek word, skakel die rekenaar af. Dan is hy morsdood!

Hoe tragies dat ‘n man met soveel wysheid nie die eenvoudige boodskap van die Evangelie kon begryp nie. Volgens hierdie slim man is die mens dus sonder siel of gees, bloot ‘n robot wat werk net totdat sy tyd om is en dan ashoop toe gaan.

Paulus handhaaf aan die ander kant ‘n dualistiese siening. Dit beteken in kort dat daar gewoonlik twee kante van elke saak is. So is byvoorbeeld ruimte dualisties, met ‘n sigbare wêreld asook ‘n onsigbare wêreld. Die

harde werklikheid waarmee ons elke dag te doene kry het ook ‘n teenpool van ‘n onsigbare geesteswêreld. Die liggaam is die tasbare deel van die mens, maar hy het ook ‘n onsigbare geestelike sy. In die geesteswêreld is daar weereens aan die een kant God en Sy engelemagte, en aan die teenpool die duiwel en sy demone. Mense word ook dualisties ingedeel: daar is diegene wat vrygespreek is en diegene wat veroordeel is. Daar is nie ‘n goue middeweg nie!

Ons het die afgelope paar dae keer op keer die woordjie

“eenvoud” gehoor. Tóg is daar opgesluit in daardie eenvoud, ‘n skatkis vol wysheid. Maar daar is ‘n reuse verskil tussen wêreldse en Goddelike wysheid. Omdat ons in ‘n dualistiese wêreld leef, is ons geneig om slegs die sigbare, tasbare raak te sien en te ervaar as die enigste werklikheid. Daarom is die wêreldse wysheid vir ons so belangrik. Ons vergeet dus dikwels van die onsigbare, ontasbare Goddelike wysheid wat soveel groter is as die wêreldse.

Die heersers van hierdie wêreld het juis die hoogtes bereik as gevolg van hulle wêreldse

"wysheid". Dit is niks nuut nie, hulle was al daar in Paulus se tyd. Die wysheid wat hulle verkondig is dikwels op die oog af baie mooi en edel. Humanitêre wyshede wat hulle voorstaan, is dikwels selfs aanvaarbaar volgens Bybelse standaarde. Menseregte laat die man op die straat juig, want daar word "liefde" aan hom betuig, en daar word na hom omgesien. Politici wat egter só veg vir menseregte doen dit gewoonlik net om een enkele rede: om hulleself te verryk en vir hulleself groot naam te maak. Daar is uitsonderings, maar hulle is so skaars soos hoendertande! Humanisme is 'n liefde vir mense

sonder dat God daarby betrokke is, en dit is nie wysheid nie maar dwaasheid. Mense word versorg en na omgesien op die tydelike vlak, maar die werklike belangrike, die geestelike, word nie alleen afgeskeep nie maar totaal weggelaat.

Op ‘n ander vlak is wêreldse wysheid die nastreef van wetenskaplike ontwikkeling. Dit is nie op sigself verkeerd nie, maar dikwels word die Skepper van alle dinge totaal hierin geïgnoreer. Prof. Louw Alberts het bewys dat wêreldse wysheid en Goddelike wysheid hand aan hand kan loop as die wetenskaplike maar nét

bereid is om die skeppende hand van God raak te sien in die wetenskap. Hy was onder meer Hoogleraar in Fisika, Vise-President van die Raad op Atoomkrag, President van Mintek en Direkteur-Generaal van die Departement van Mineraal- en Energiesake. Maar ten spyte van al sy prestasies, word hy eerder onthou vir die Goddelike wysheid, dat hy, ten spyte van wat hy in die wetenskap bereik het, steeds tyd gemaak het om die Woord van God aan veral die jongmense uit te dra. Dit is ware wysheid!

Maar waar kom hierdie soort wysheid vandaan?

Paulus antwoord hierdie vraag in 1 Kor 2:10: “*Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God.*”

Is dit dan net ‘n paar uitverkore mense aan wie die Heilige Gees daardie wysheid gee, en die geheimenisse van God bekend maak?

Nee! Dit is aan almal wat “die Gees het”. Dit is ook nie maar net ‘n paar uitverkorenes wat die Gees ontvang nie. Elkeen wat in Jesus is, wat met ander woorde ‘n gelowige is, het die Heilige Gees in hom. Die groot geheim is

egter dat ‘n gelowige moet leer om die stem van die Heilige Gees te kan onderskei. Ons leer dit aan deur naby aan God te leef. Hoe meer ek my toelê daarop om volgens God se wil te leef, hoe duideliker hoor ek die stem van die Heilige Gees in my lewe. Ons het reeds gesê dat ware wysheid alleen van God kom, dus kan ons sê dat jy ware wysheid bekom wanneer jy nader en nader aan Hom leef.

**Gebed:**

“**Wie ken die gedagtes van die Here? Wie sal Hom raad vra? Maar ons, ons het die Gees van**

**Christus" (v. 16). Here, ek dank U daarvoor!**

# 9 Word Tóg Groot!

# 1 Korintiërs 3:1-4

Jesus het eenmaal gesê dat ons weer soos kindertjies moet word in ons geloof. Ons moet dus soos kindertjies onvoorwaardelik glo. Dit is baie waar, en dit is presies waar jou geloof behoort te begin. Ons moenie alles eers wil bevraagteken en die heelal probeer verstaan voordat ons glo nie. Dit is egter nie waar jou geloof moet bly nie. Jy moet groot word!

‘n Kind gaan deur verskillende stadiums van grootword. Eers is dit die baba wat totaal afhanklik is en niks vir homself kan vermag

nie. Hy kan ook niks anders as melk drink nie, want hy kan net eenvoudig nie vaste kos hanteer nie. Soos wat hy groter word, begin sy liggaam vaste kos te weerstaan, en weldra eet hy enigiets wat voorkom. Selfs die honde se kosbakke word gereeld gestroop! En as hy in die tuin kom, verorber hy grond, krieke en enige kriepiekrôlie wat binne sy bereik kom.

Algehele onverantwoordelikheid is gewoonlik die tiener se kenmerk. Boonop sy totale gebrek aan kennis, terwyl hy dink dat hy al die kennis in die wêreld besit. Sy maats is die een dag

beste pêlle, en die volgende dag wil hulle mekaar vermoor. Verliefdheid en jaloesie is die alledaagse. Verskriklike onsekerheid en tegelykertyd ‘n oormate selfversekerdheid.

Die een ding van ‘n kind wat van uiterste belang is, is dat hy nie durf stagnant bly nie. Daar móét altyd ‘n groeiproses wees, anders is daar baie groot fout. ‘n Klein babatjie drink melk, en dit is natuurlik. Hy kan egter nie daar bly nie, en as hy nie later begin vaste kos eet nie, gaan sy liggaam nie die nodige krag, spiere en beenvorming kry nie. Ek het ‘n mamma geken wat haar

seuntjie van 5 jaar oud steeds geborsvoed het. Dit is onnatuurlik, en daardie kind moes lankal gespeen gewees het!

Paulus gebruik hierdie beeld van ‘n kind wat opgroei baie effektief, want net só werk jou geestelike lewe. Wanneer iemand die dag tot geloof kom, kan jy nie vir hom ingewikkelde filosofiese boeke gee om te lees en hom bombardeer met allerhande doktrines en kwelvrae nie. Nee, hy moet die eenvoudigste Skrifwaarhede inkry, iets wat vir hom ‘n vaste basis gaan gee om sy geloof op te bou. Soos wat ‘n jong gelowige se geloof begin

sterker word en vorm aanneem, moet hy weldra begin om vaste geestelike kos in te kry. Al kan hy nie alles verwerk nie, begin hierdie kos sy geestelike spiere en bene te bou.

Ek hoor onlangs ‘n baie interessante verduideliking van waarom daar deesdae so baie jong kinders is met tipe 1 diabetes: dit is omdat hulle te higiënies grootgemaak word. Hulle kry nie die geleentheid om hondekos, tuingrond en krieke te eet nie! Daardie “slegte” dinge bou ‘n kind se immuniteitstelsel, en leer die liggaam watter kieme gevaarlik is. As hy nie daaraan

blootgestel word nie, kan dit gebeur dat die liggaam sy eie organe, veral die pankreas vir “kieme” aansien en dit aanval en vernietig. Dan word hy ‘n diabeet!

Op dieselfde wyse moet jong gelowiges ook blootstelling kry aan die “verkeerde” dinge, sodat hy kan leer om te onderskei. Versoekings wat oor jou pad kom, leer jou om die regte keuses te maak, en soms is dit dalk ook nodig dat jy jou vingers verbrand om te leer wat kan seermaak.

Daar móét ‘n gedurige groei in ‘n gelowige se lewe plaasvind. As jy na jare steeds op die “melkbottel” is, dan is daar baie groot fout. Net

so moet die stadium van eksperimenteer met allerhande dinge ook verby gaan, en moet jy vir jouself kan uitmaak wat reg en verkeerd is. Ook die kinderlike dinge van jaloesie, twis, afguns en rugstekery, wat so dikwels deel is van ‘n opgroeiende gelowige se lewe, moet verby gaan en plek maak vir geestelike volwassenheid.

“Julle is nog wêreldse mense”, gooi Paulus die beskuldiging na die Korintiërs (1 Kor 3:3). Die probleem is dat wanneer jy die dag wedergeboorte beleef, sleep jy nog ‘n spul bagasie saam met jou van jou ou wêreldse lewe.

Hoe gouer jy daarvan ontslae kan raak, hoe beter. Maar baie gelowiges klou krampagtig vas aan die ou lewe, net soos wat ‘n kind soms vasklou aan sy troetelkombersie totdat die ding naderhand net toiings is. Ma moet dit gewoonlik met geweld by hom afneem en verbrand, anders grawe hy hom weer uit!

Die vraag is: wat gebeur as jy die dag geestelike volwassenheid bereik het? Sit jy dan behaaglik terug en sê: “Ek het ge-arriveer?” Nee beslis nie, want dan begin die lewe eers. Iemand wat nie eet nie, verwaarloos sy liggaam. Net so moet ek as volwasse

gelowige, gereeld goeie gesonde geestelike kos inkry om my geestelik gesond te hou. En soos jou liggaam gereelde oefening nodig het om fiks te bly, so het jy geestelik ook gereelde oefening nodig, anders stagneer jy, en word jou geestelike spiere pap. Maar hieroor kan ons dik boeke skryf!

**Gebed:**

**Here, help my asseblief om geestelik gesond te leef en gereeld te bly groei.**

# 10 Tuinier vir die Here

## 1 Korintiërs 3:4-9

Ek is dol oor ‘n kwekery. Om droomverlore tussen die rye en rye plantjies deur te drentel, en my te vergaap aan al die wonderlike plante, dit gryp my aan. Dit is veral die weelderige skaduplante wat my totaal betower. Nee, ek ken nie eers een van hulle se botaniese name nie. Daardie verhewe kennis laat ek maar oor aan die uiters bekwame botaniste wat in die kwekery werk. Ek kan my verluister aan hoe hulle dit regkry om die ingewikkelde name af te

rammel, asof dit doodgewone kruideniersware is.

Ek is nou nie juis iemand wat die groenste van vingers het nie. Ek het al dikwels in my lewe saad gekoop, en dan dink ek dat ek my eie blommetjies aan die groei gaan kry. Waarom moet die kwekerye dan nou geld maak uit my uit? En keer op keer is dit ‘n totale FLOP, met ‘n hoofletter F. Nou laat ek maar die saaiwerk in hulle bekwame hande - hulle weet tóg maar beter, en wanneer hulle plantjies lekker sterk is, koop ek die saailinge en plant hulle in my tuin. As ek hulle dan mooi versorg en onthou om hulle

gereeld water te gee, kry ek hope vreugde uit my tuin.

Maar eintlik is dit nie ek nie, en nog minder die kwekery wat die eer moet kry vir die blommeprag nie. En nee, dit is ook nie eers die wetenskaplikes wat soveel ure se liefde geduld en vindingrykheid ingeploeg het om die een of ander blom te veredel van ‘n niksbeduidende ou veldblommetjie af na ‘n eksotiese pragstuk nie. Dit lê steeds veel dieper. Die groot wonder gebeur wanneer die piepklein saadjie in die regte omstandighede beland en ontkiem. Op die oog af is dit ‘n lewelose korreltjie, en skielik kry

dit lewe, en dit begin groei en groei, en uiteindelik is dit ‘n volwasse plant en dit dra kleurvolle blomme. Nie alleen vul dit die wêreld met kleur nie, maar die heerlike parfuum vul die lug. Insekte word betower deur die kleure en geure en kom soek heerlike, hemelse nektar in die blom en bestuif dit in die proses. ‘n Vruggie vorm, en saadjies.......

Die een element hierin wat géén wetenskaplike nog ooit kon naboots nie, is die lewe wat opgesluit is in elke ou saadjie. Niemand kan lewe gee nie, behalwe God. En dit is waar die

grootste wonder van 'n blomtuin opgesluit lê!

Paulus was ‘n baie omgekrapte man. Hy het verneem dat daar in Korinte ‘n hewige stryery ontstaan het, en hy was héél onskuldig betrek in die rumoer. Ek kan my indink hoe ‘n gesprek moes verloop het: “Die beroemde Paulus het my na Jesus gelei. Wat ‘n wonderlike evangelis”.

“Ag nee man, waar sit Paulus? In die tronk! Apollos, hý is die één! Dis onder sý prediking wat ek gegroei het!”

Kon hulle dan nie insien dat dit nie oor Paulus of Apollos gaan nie? Dis mos nie die botanis of

wetenskaplike wat lewe gee aan plantjies nie? Net so kan géén prediker jou die ewige lewe gee nie.

Paulus het hierdie waarheid by die mense van Korinte probeer tuisbring. Hy en Apollos was maar net werktuie, dienaars! Paulus het die saadjies gesaai en vertroetel tot hulle saailinge was, en toe kom Apollos en hy versorg hulle verder en gee water, verduidelik Paulus. Maar net soos wat dit alleen God is wat vir ‘n saadjie lewe kan gee, so is dit ook alleen Hý wat in enige mens daardie wonderlike geestelike lewe kan inblaas.

Maar hoe werk die geloof-ding? Daar is basies vier dinge wat moet gebeur. Die eerste is dat iemand  die evangelieboodskap aan jou oordra, en hiervoor gebruik die Here mense, nie engele nie!

Die tweede is dat die Heilige Gees deur hierdie persoon met jou praat en jou uitnooi om ‘n koninkrykskind te word. Hy bied as’t ware vir jou ’n geskenk aan, die geskenk van die ewige lewe.

Die derde is dat jy ‘n wilsbesluit moet neem. Jy moet besluit of jy hierdie geskenk wil aanvaar, en of jy dit van die hand gaan wys. Maar jy moet besef dat indien jy

die geskenk aanvaar, dat dit noodwendig gaan beteken dat daar sekere verantwoordelikhede daarmee saamgaan.

Dit bring ons by die vierde element, jou verantwoordelikhede. Hulle is nie ‘n voorwaarde vir die ontvang van die geskenk nie, maar dit is iets wat natúúrlik moet spruit uit die feit dat die Here jou die geskenk gegee het sonder dat jy dit verdien het. Die persoon wat “natgooi” en versorg, is die een wat jou help om hierdie verantwoordelikhede onder die knie te kry.

Ek het al dikwels die voorreg gehad om die Evangelie met iemand te deel. Meestal hoor ek nooit of die persoon dit aanvaar het nie. Maar dit maak nie saak nie, want ek doen slegs wat God van my vra om te doen, en verder is dit tussen daardie persoon en God om die saak te finaliseer. Ek kan nie lewe gee nie. Alleen God kan!

**Gebed:**

**Here, dankie vir die wonderlike voorreg om ook ‘n tuinier te mag wees in U tuin van lewe. Help my asseblief om my werk met volle oorgawe te doen.**

# 11 Bouwerk

## 1 Korintiërs 3:9-17

Enige bouer, argitek en ingenieur sal weet hoe belangrik die fondamente van ‘n gebou is. As grondtoestande swak is, dan is daardie fondament des te belangriker. Ek het vir veertig jaar gewerk as tekenaar wat geboue ontwerp het,  en in daardie tyd dikwels gesien watter gevolge swak fondamente kan hê. Geboue wat uitmekaar bars as die fondamente nie volgens voorskrif is nie. Ballito is grootliks op ‘n reuse sandduin gebou. Stormwater kan baie maklik die sand onder die fondamente

uitspoel as jy nie versigtig is nie. As daardie fondamente dan nie stewig genoeg is om dit te weerstaan nie, tuimel jou huis inmekaar.

Die regte fondament is gegiet in beton wat volgens ‘n baie spesifieke formule gemeng is. Die dikte en breedte van ‘n fondament word deur die ingenieur bepaal nadat hy na ‘n verskeidenheid faktore gekyk het. Wanneer hierdie beton gestol en “ryp” geword het, is dit kliphard, en feitlik onvernietigbaar. Dan kan dit reuse bouwerk ondersteun.

Tweeduisend jaar gelede het mense al geweet presies wat die

waarde is van stewige fondamente. Toe is dit egter nie in beton gegiet nie, maar reuse rotsblokke is gepak onder die grondoppervlak, en daarop is die gebou opgerig. As so ‘n fondament eers in plek is, en die gebou is opgerig, dan is dit onmoontlik om die fondament onder die gebou suksesvol uit te haal en te vervang. Alles moet afgebreek word en die fondament moet met groot moeite uitgehaal word voordat ‘n nuwe fondament gelê kan word. Dan moet bouwerk van vooraf gedoen word.

Paulus gebruik hierdie baie bekende beeld om te verduidelik

hoe belangrik die fondament is waarop jy jou geloofslewe moet bou. “Die Fondament is Jesus Christus” sê Paulus (1 Kor 2:11). Net soos wat die fondament van ‘n gebou nie onderhandelbaar is nie, so is die fondament in jou geloofslewe ook nie onderhandelbaar nie. Die enigste “goedgekeurde” Fondament is Jesus Christus, en slegs Hy alleen. As jy in ‘n gebou se fondament ‘n spul bourommel en klippe saam met die beton gooi, verswak jy dit, en jou gebou gaan kraak. Op dieselfde wyse durf ons ook geen ander voorwaardes in ons geloofslewe voeg saam met Jesus nie, want dan gaan ons

geloofsgebou óók kraak. As die manier waarop sakramente bedien word vir jou verlossings noodsaaklik is, dan is daar probleme met jou fondament. En as politieke oortuigings bepaal of jy die saligheid gaan kry, dan lig ek my wenkbrou. Ek sien eenmaal ‘n videogreep wat tydens ‘n troue geneem is, waar die priester besig was om Nagmaal te bedien aan die bruidspaar. Die stukkie brood val per ongeluk uit die priester se hand uit, en voor by haar rok in. Vir hom was dit ‘n doodsonde as die nagmaalsbrood verlore gaan, en om die saak te beredder, steek hy summier sy hand voor by haar

rok in en grawe die brood daar onder uit waar dit jou laat bloos. Dit was skreeusnaaks, maar dit het my laat wonder oor die suiwerheid van die fondament in daardie priester se lewe.

Daar is egter ‘n tweede saak wat belangrik is in enige bouwerk. Die gebou sélf moet van ‘n goeie gehalte wees, anders kan daar probleme kom. Dit help nie dat jy ‘n fondament het wat uit die boek is, en jy bou ‘n ou sinkpondokkie daarop nie. Jou bouwerk moet pas by die fondament, anders kan dit dalk ‘n belediging wees vir die fondament waarop jy bou.

In ons geloofslewe geld dieselfde. Ons stem reeds saam dat Jesus as Fondament nie onderhandelbaar is nie. Wat jy egter met jou geloofsgebou maak, is elkeen se eie saak. Hoe jy jou geloofsgebou oprig, gaan dalk nie jou saligheid in gedrang bring nie, maar die vraag is of dit nie dalk die Naam van jou Fondament, Jesus, in die skande gaan bring nie? Hoe lyk my geloofsgebou? Dit hoef nie 'n paleis te wees nie! Almal van ons is tog nie Billy Grahams en Angus Buchans nie. Ek moet egter baie deeglik onthou dat die Heilige Gees in my woon, en dat my huis daarom, hoe klein hy ookal is,

skoon en netjies moet wees. Elkeen van ons moet bou volgens sy vermoë, maar dít wat ons bou moet goed wees, en tot eer van die Here.

As jy jou lewe bevuil deur losbandigheid, vuil taal, liefdeloosheid, luiheid, dobbelary, vraatsug en dies meer, is jy besig om die Fondasie waarop jou geloof gebou is tot skande te maak. ‘n Ongelowige mag dalk jou bouwerk sien, en sê dat as dít is hoe ‘n gelowige lyk, dan wil hy beslis niks met Jesus te doen hê nie! Dit maak van jou ‘n geestelike moordenaar, want dan is jy die oorsaak dat iemand wat

dalk die ewige lewe kon hê, daardie lewe kwyt is. Ja, jy sal dalk sélf nog steeds die ewige lewe kry. Jesus het dit immers vir jou gegee, maar jy gaan net-net deurskraap (1 Kor 3:15). Wat ‘n skande!

Hoe lyk jou bouwerk?

**Gebed:**

**Here, ek wil nie vir U tot skande wees nie. Help my asseblief om my geestelike gebou mooi en netjies, en ‘n sieraad vir U te bou.**

# 12 Tempel van God

# 1 Korintiërs 3:16-23

“Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?” vra Paulus geskok! Dan waarsku hy ernstig: “As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle.”

Harde woorde! Maar wat presies bedoel Paulus? Word hier spesifiek gepraat van jou liggaam? As ons ‘n bietjie verder lees, sien ons in 1 Kor 6:19 dat Paulus sê dat ons **LIGGAAM** ‘n tempel is van God, en dat ons dit nie durf besoedel met

(byvoorbeeld) ‘n losbandige lewe nie.

Dit wil egter voorkom asof hier van twee verskillende dinge gepraat word. Paulus verwys na ‘n meervoud, en dus kan ons aanneem dat hy verwys na die kerk of gemeente as ‘n tempel van God sowel as die indiwidu. Dit plaas ‘n geweldige groot verantwoordelikheid op jou. Dit beteken dat jy baie wyer moet dink as net jouself. In die vorige perikoop het ons duidelik gesien hoe jou geestelike bouwerk moet lyk. Nou verduidelik Paulus juis waarom hierdie bouwerk so goed gedoen moet word. Omdat die

Gees van God in daardie gebou van jou woon.

Dalk moet ons eers na die breër prentjie kyk. Hoe raak jou optrede die kerk of gemeente? Onsensitiewe optrede kan ‘n gemeente se beeld baie groot skade berokken. Dalk onthou jy nog van die dominee wat in sonde verval het, en die hele gemeente se naam krater gemaak het. Toe word die buurgemeente óók nog daarby betrek. ‘n Gelowige wat in sonde verval, word baie gou raakgesien deur veral die ongelowiges, en dan word daar vinger gewys, en gesê: “Dis hoe die **KERK** maak!”

Van ‘n ongelowige verwag die wêreld dat hy dalk sal struikel. Die wêreld verwag egter dat ‘n gelowige staande moet bly, en almal wag net vir die dag dat hy óók tot ‘n val moet kom, nét sodat hulle kan sê: “Kyk hoe skynheilig is gelowiges!”

Dit gaan egter nie oor óns, en hoe óns beeld lyk nie, maar ons moet deeglik besef dat ons die beelddraers is van die kerk, Jesus se eiendom. Maar ook die beelddraers van Christus sélf! As ek my beeld dus beskadig deur sonde, dan beskadig ek die beeld van die kerk en van Christus. Daarom is dit so belangrik dat

ons altyd moet onthou dat ons die tempel van God is.

Dit is egter nie net na buite wat ons kan skade aanrig as ons sondig nie, maar ook na binne. Daardie leraar wat in sonde verval het, het ook na binne bitter baie skade aan die gemeente gedoen. Die moreel van die gemeente moes sékerlik na daardie insident uiters laag gewees het, en dit sou baie lank neem voordat hulle weer optimaal kon funksioneer. Dit is veral wanneer dit in kerkleierskap gebeur as iemand struikel, dat dit ‘n groot invloed het op die hele gemeente. Gemeentelede wat nie

baie sterk staan in die geloof nie, word die ergste geraak, en hulle verloor baie gou moed. Dit veroorsaak egter verder ook dat mense sondig, want dan begin hulle skinder en kwaadpraat, en dikwels word selfs onskuldige persone betrek. ‘n Bose kringloop!

Wees dus baie versigtig wat jy doen! En as begeertes jou wil oorweldig - dink aan die gevolge van jou aksies op ‘n baie wye front.

Daar is egter ook ‘n ander, baie belangrike sy van die saak. Jy moet jou liggaam beskou as ‘n tempel van God ter wille van

jouself én jou persoonlike verhouding met God. As ons 1 Kor 6:16 in ag neem, kan ons nie anders nie as om te moet erken dat hier van jou eie liggaam gepraat word. Dit is dus jou verantwoordelikheid om jou liggaam op te pas. “Die tempel van God is heilig,” sê Paulus, en daarom durf ons nie hierdie tempel (liggaam) beskadig nie. Jou liggaam behoort nie aan jouself nie, maar aan God. Hy het dit immers geskep. “Julle behoort aan Christus,” sê Paulus in 1 Kor 3:23. Deur dit doelbewus af te kraak deur ongesond te lewe, is dus sonde. Hoe leef jy ongesond? Verkeerde gewoontes

soos rook, dwelms, drankmisbruik, te veel eet, te min eet. Hierdie is alles dinge wat die liggaam wat Hy aan jou toevertrou het, vernietig.

Daar is ook ander maniere waarop jy hierdie tempel kan onteer: ‘n losbandige lewe is nie alleen walglik en ‘n oneer vir God nie, maar dit stel jou ook in die gevaar om gevaarlike siektes soos vigs op te doen. Nog erger is dat jy selfs hierdie siektes aan ander mense kan oordra.

Maar die Here sê nie net die hele tyd vir ons “Moenie, moenie” nie! Hy wil dat ons hierdie tempel van ons tot Sy eer gebruik. Leef

gesond en straal ‘n positiewe beeld uit met jou liggaam. Straal ‘n beeld uit wat die Naam van God verheerlik. Die doel van ‘n tempel is immers dat jy God daarin sal sien, en dit is presies wat ons met hierdie tempel moet doen. Vriendelikheid, empatie en liefde moet só daaruit straal, dat elkeen God daarin sal herken.

**Gebed:**

**Here, maak my asseblief elke oomblik bewus daarvan dat ek U tempel is, en dat ek daarom U liefde daarmee sal uitstraal.**

# 13 Bestuurder vir Jesus

## 1 Korintiërs 4:1-5

Die koppe rol! Die afgelope tyd is die een hooggeplaaste na die ander se integriteit bevraagteken, en is hulle oneervol onttroon. Talle persone in die hoogste gesag, selfs mense wat gedien het as ministers, staan skuldig voor die regters. Hierdie week is selfs die vorige staatspresident nie gespaar nie. Wie is volgende?

Jesus het eenmaal ‘n gelykenis vertel van ‘n man wat op reis wou gaan, en toe stel hy bestuurders aan om sy geldsake te beheer. Hulle was nou wel slawe, maar hulle het elkeen ‘n belangrike

taak gehad: om te gaan woeker met die man se geld wat hy in hulle sorg gelaat het. Hy het hulle vertrou, want terwyl hy weg was, moes hulle hom as’t ware verteenwoordig in sy huishouding en geldsake. Dit was ‘n baie verantwoordelike taak.

Toe hy na ‘n baie lang tyd terugkom by die huis, moet hy verneem dat twee van hulle uit hulle pad gegaan het om met dít wat aan hulle toevertrou was iets merkwaardig te doen. Hulle het uit hulle pad gegaan en kon groot winste wys. Maar die derde ou het sy geld begrawe en absoluut niks gedoen daarmee nie.

Natuurlik was die slaaf in die sop, want hy het die man se geld bloot gemors! Dit kon immers rente getrek het in ‘n bank! Lees gerus hierdie verhaal in Mat 25:14-30.

Leiers in ‘n gemeente is op presies dieselfde wyse as daardie slawe (bestuurders) aangestel, maar hier in die gemeente verteenwoordig hulle in werklikheid vir God. Hulle is aangestel om die gemeente se sake te bestuur namens die Here. Dit plaas ‘n geweldige groot verantwoordelikheid op die skouers van elke leier, of hy nou ‘n klein takie gekry het en of hy ‘n baie groot taak gekry het. Die

Here verwag van elke leier om sy absolute beste te lewer, al het hy net een enkele ou talentjie ontvang.

Toe Paulus hierdie brief aan Korinte geskryf het, het hy sékerlik gedink aan hierdie gelykenis van Jesus. Hy raak egter ‘n ander baie belangrike aspek aan: in Wie se diens is jy werklik? En aan Wie moet jy verantwoording doen?

Wanneer jy ‘n taak in ‘n gemeente kry, mag dit dalk die gemeente wees wat jou die aanstelling gee, maar die éintlike Een wat jou aanstel is Jesus Christus, en dit moet noodwendig maak dat jy dit

in ‘n totaal ander lig begin beskou. “Van ‘n bestuurder word veral vereis dat hy betroubaar moet wees”, sê Paulus in 1 Kor 4:2

Wat presies beteken dit in die praktyk vir my?

In die eerste plek vra dit van my betroubaarheid. As ek “Ja” gesê het vir Jesus, moet Hy op my kan staatmaak om te doen wat Hy van my vra. Dat ek nie dalk halfpad deur sal omdraai en sê: “Ag Here, ek is nou werklik nie lus hiervoor vandag nie!” As ek vanoggend sou besluit dat ek nie lus is om hierdie dagstukkie te skryf nie, sou daar duisende

mense wees wat nie die dagstukkie gekry het nie. Dalk sou daar iemand wees wat hierdie dagstukkie baie dringend nodig gehad het, iemand met wie Jesus vandag ’n afspraak gehad het deur my dagstukkie. En dan sou my onbetroubaarheid menselewens krities raak. Dit gaan dus nie oor my, my gerief of my gemak nie, maar oor God se handelinge met mense, en dat ek daarin ‘n sleutelrol speel.

Maar ek moet ook besef dat ek aangestel is deur Jesus om namens Hom op te tree. As ek dus byvoorbeeld evangelisasiewerk doen, gaan

praat ek met iemand oor sy saligheid namens Jesus. Ek is Sy spreekbuis, en ek moet baie seker maak dat dít wat ek vir hom sê nie my eie gedagtes is wat ek uit my duim suig nie, maar dat dit Skrifgebonde is, en dat dit van God kom. Ek moet, met ander woorde, luister na die stem van die Heilige Gees en oordra wat Hy vir daardie persoon wil laat weet. Ek dink nie ons besef aldag watter geweldige verantwoordelikheid dit is om in diens te staan van die Lewende God nie.

Dit beteken dan natuurlik ook dat ek my taak biddend sal uitvoer en

geduriglik die wil van God soek sodat ek nie dalk na my eie gedagtes luister nie. Dit beteken ook dat ek ‘n lewende verhouding met God moet hê. Dit is onmoontlik om namens Hom op te tree as my verhouding met Hom nie lewend is nie.

Nie alleen plaas dit ‘n groot verantwoordelikheid op my skouers nie, maar daar is ook ‘n baie groot troos in opgesluit. Omdat ek namens God dit doen, kan mense nie na my vinger wys en my daarvoor beoordeel of veroordeel nie. Ek doen maar net wat Hy vra, en daarom kan ek verder rustig wees daaroor, maak

nie saak wat mense sê nie. Daar is slegs Een wat my mag beoordeel, die Here! Slegs Hy is bevoeg om te kan oordeel, want alleen Hy ken my deur en deur. Solank ek dus doen wat Hy van my vra, en dit getrou en na die beste van my vermoë doen, kan ek rustig slaap.

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek ook in U diens kan staan. Dankie vir die wete dat ek daarom met U gesag kan praat. Lei my asseblief om getrou te wees, en om alleen te doen wat U van my vra.**

# 14 Ware Geluk

## 1 Korintiërs 4:6-13

Paulus stap ongedurig op en af. Hy is bitterlik omgesukkel as hy net dink hoe daardie gemeente besig is om die pot skoon mis te sit! "**Skryf vir hulle**", sê hy omgekrap vir sy sekretaris, "**Wie maak julle so belangrik?**" Dis 'n retoriese vraag, en dit het natuurlik net één antwoord! Hulle moet baie deeglik besef dat dit nie hulle eie goedheid is wat hulle so belangrik maak nie. Slegs God alleen kan voorsien. Natúúrlik is party mense (menslik gesproke) belangriker as ander, maar dan moet hulle baie goed besef

vanwaar dit kom. “**Skryf: En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie?**” Nóg ‘n retoriese vraag. Hulle moet ook besef dat alles wat hulle het, van die Here af kom, populariteit, mooi voorkoms, slimgeit, selfs besittings - alles kom van Hom af! “**Kom ons beklink dit met nog ‘n vraag**” Nou raak Paulus goed opgewerk! “**As jy dit dan ontvang het, waarom stel jy jou so aan asof jy dit nie ontvang het nie?**” G’n mens kan homself so aanstel asof hy sélf verantwoordelik is vir dit wat hy het nie. As die Here nie vir jou gee nie, het jy net mooi niks!

Driftig dikteer Paulus voort: “**Julle het mos klaar alles wat julle begeer!**” O die ironie: op wêreldse vlak het hulle alles, maar van die dinge wat hulle werklik nodig het om geestelik volwasse te kan word, het hulle weinig! Hoe wens hy dat hy net ‘n bietjie ware wysheid in hulle kan inslaan. “**Julle is al klaar ryk!**” Wêreldse rykdom mag hulle dalk hê, maar die ware rykdom van die Woord en van kennis van God - daaraan is hulle brandarm. “**Julle regeer al klaar soos konings!**” Besef hulle dan nie dat ons gelowiges eers eendag in die hiernamaals sal regeer nie? Dan sal elke gelowige natuurlik ‘n

ware koning wees! Maar as hierdie gemeente net die lewe anders benader het, kon hulle alreeds nóú regeer het oor die sonde. Maar hiervoor is hulle gans te onvolwasse. "**Miskien moet ek vir hulle sê dat ek graag saam met hulle op die troon wil gaan sit!**"

Die probleem met die gemeente in Korinte was, dat hulle tóé al gedink het dat jy 'n hemel op aarde moet hê. Hulle het mos nou klaar vir Christus, en dis al wat jy nodig het. Geestelike groei is oorbodig! waarom sal jy jou daaraan steur as jy reeds met die een voet in die hemel staan?

Hoogmoed en baasspelerigheid het botoon gevoer in hulle lewens, en nederigheid was ‘n skaars kommoditeit!

Wat ‘n teenstelling: hierdie gemeente teenoor Paulus en die ander apostels! Paulus het in die tronk gesit, en dit was dikwels ook die lot van etlike van die ander apostels. Paulus het al gesien hoe hy in die arena opeindig om deur wilde diere of gladiators verskeur te word. As jy al die fliek “Quo Vadis” gesien het, dan sou jy weet watter spektakel en skouspel daar gemaak is van die gelowiges. Hulle is beskou as swakkelinge,

dwase. Hulle is uitgejou deur die skare wat net bloed wou sien. Die skare het gehoop dat hierdie Christene darem ‘n mooi geveg sou opsit, maar dit het nie gebeur nie. Soos skape het hulle, al singende in die leeus se bekke ingeloop.

Paulus skryf vir die Korintiërs hoe hy en sy mede-apostels gedurig swaarkry ondervind, dikwels selfs moet honger ly en dat daar van rykdom g’n sprake is nie. Hy het nie eers ‘n huis nie, swerf rond van dorp na dorp (as hy nie in die tronk is nie). En dan moet hy boonop homself aan die lewe hou deur te werk, al het hy die Woord

verkondig. Paulus was natuurlik ‘n tentmaker van beroep, en hy het homself onderhou deur tente te maak of herstel, waar hy ookal gaan preek het. Vir die inwoners van Korinte was dit natuurlik ‘n skande om met jou hande te werk. Slegs slawe het sulke vuil werk gedoen! Al soort werk waarin hulle belang gestel het was kopwerk. Dit was immers edel en nie in so ‘n lae klas soos handewerk nie! Gevolglik was manne soos Paulus wat die vernederende werk soos tentmakery gedoen het beskou as uitvaagsels en skuim van die aarde. Seker een van die redes waarom Paulus en sy

medewerkers dikwels mishandel is.

Die saak was vererger deur die feit dat hulle maar redelik armoedig aangetrek was, en van aardse dinge min gehad het. Dit is so ‘n teenstelling met die sogenaamde "voorspoedsteologie" wat vandag so dikwels verkondig word. "Health, Wealth & Prosperity", word dit ook dikwels genoem, of "Name it, claim it!" Dit is ‘n dwaling om te wil dink dat slegs omdat jy ‘n gelowige is, dit noodwendig finansieel met jou moet goed gaan.

Die gelowige het egter ‘n héél ander soort rykdom: die genade, liefde en innerlike vrede wat slegs God jou kan gee. Ware geluk het absoluut niks te doen met materiële voorspoed of rykdom nie. Innerlike stralende vreugde kan joune wees selfs as alles in die lewe vir jou verkeerd loop. Ons kan daarvan gaan leer by Habakuk! Hierdie dinge is baie meer werd as al die rykdom van die aarde saam. Maak dit jou eie en straal die liefde van Jesus uit met vriendelikheid en omgee. Dit is waar ware geluk lê.

**Gebed:**

**Here, dankie vir die innerlike rykdom wat U vir ons gegee het. Help ons om U liefde deur vriendelikheid uit te straal aan die wêreld.**

# 15 Alleen by die Huis

## 1 Korintiërs 4:14-21

Kinders alleen by die huis kan dikwels groot moeilikheid beteken. Die fliek "Home Alone" is sékerlik baie vergesog en oormatig oordryf, maar dit laat jou dink dat jy nie 'n kind alleen los by die huis nie. Gewoonlik gaan hulle verbeelding met hulle op hol, en dan probeer hulle allerhande dinge wat hulle nooit ooit sou doen as Pa of Ma daar was nie. Of hulle skielike vryheid laat hulle allerhande kattekwaad aanvang.

Ballito sit met 'n reuse kopseer - dit tref ons elke jaar in November:

Matrieks! Hierdie jongmense het nou skielik vryheid, weg van die ouers en owerhede af, en dan haak hulle totaal uit. Die drank- en dwelm misbruik is skrikwekkend, en saam daarmee dikwels 'n walglike losbandigheid en wilde partytjies wat tot dagbreek aanhou. Dikwels gaan hulle só tekere dat die bure dit net nie meer met hulle kan uithou nie. As dit maar net lawaai is, kan jy dalk nog daarmee saamleef, maar hulle sê mos, brandewyn het nie brieke nie, en dan volg vandalisme. Dikwels word groot skade aangerig. En wanneer jy die ouers skakel om te vertel wat hulle kinders doen, dan is die

antwoord gewoonlik: “Ons kinders? Nooit! Dit kan nie hulle wees nie! Jy maak beslis ‘n fout! Ons dogtertjie/seuntjie is goed opgevoed!”

Was dit nie vir 'n organisasie soos Red Frogs, wat wonderlike werk doen onder hierdie klomp nie, dan het dinge dalk nog baie erger gegaan!

Ma, Pa, weet jy wat jou kinders vanjaar aanvang terwyl hulle op die Matriek wegbreek is? Ek vra maar net!

Paulus het met ‘n soortgelyke tameletjie gesit: die verskil was dat sy “kinders” wat alleen by die huis moes agterbly, al mooi groot

was. In ‘n sekere sin was die Korintiërs sy geestelike kinders. Hy het hulle immers deur sy prediking na Jesus gelei. Terwyl hy in Korinte gewerk het, het hy vir die gemeente ‘n baie goeie voorbeeld gegee om ná te volg. Na sy vertrek, begin hulle egter maak net soos hulle wou. Van “Pa” Paulus en sy pragtige voorbeeld het hulle baie gou vergeet, en hulle eie koppe gevolg.

Wat moes Paulus doen om hierdie ondraaglike situasie op te los? Hy dreig dat hy hulle binnekort sou kom besoek en sélf met die belhamels in die

gemeente kom afreken (as die Here wil). “**Wat verkies julle? Moet ek met ’n slaanding na julle kom, of in liefde en in ’n gees van vriendelikheid?**” (1 Kor 4:21.) Paulus het egter nooit daardie kans gekry om terug te gaan na Korinte toe nie. Dit was nie in God se Raadsplan nie!

Paulus bedink toe egter ‘n ander plan: hy sou vir Timoteus stuur na sy “probleemkinders”. Liewe ou Timoteus! Hy het soveel vir Paulus beteken. As jong man het Paulus hom ontmoet tydens sy tweede sendingreis in die stad Listra. Timoteus was toe alreeds ‘n gelowige. Dadelik het Paulus

gesien dat hierdie jong man baie kon beteken vir die Evangelie, en het hy hom summier saamgeneem op sy verdere reise. Later kon hy baie staatmaak op Timoteus, en het hy hom na gemeentes begin stuur as hy nie persoonlik kon gaan nie. Hy moes onder meer die gemeente in Tessalonika namens Paulus gaan besoek, en later is hy selfs permanent aangestel as leraar in Efese.

Maar nou het Paulus eers ‘n baie groot taak vir Timoteus: hy moes die gemors gaan regsien in Korinte. Hy moes hierdie brief na die gemeente toe neem, en dit

waarskynlik vir hulle voorlees. Wat ‘n reuse taak op die skouers van ‘n jong man!

Ek en jy moet onsself die vraag afvra: “Wat doen ek as ek alleen tuis is?” Dalk ‘n snaakse vraag, maar wat ek daarmee bedoel is: wanneer gelowiges besig is met kerkdinge, dan tree ons gewoonlik baie voorbeeldig op. Ons maak al die regte geluide en kom baie vroom voor. As ek met vakansie gaan, dan is daar mos niemand wat my ken nie (altans, so dink ek), en dan haak ek totaal uit. Ek vang dinge aan wat ek nooit óóit sou waag by die huis nie. Gaan my dalk te buite aan

drank, want ek is mos met vakansie! Kerk? Wie gaan dan nou kerktoe as jy met vakansie is? En as dit net ons manne is, en die vroumense is nie naby nie, dan word alles oorboord gegooi! Natúúrlik vat ek ‘n Bybel saam, net vir die wis en onwis. ‘n Mens mag hom dalk nodig kry in ‘n noodgeval!

Wanneer jy vanjaar jou Desembervakansie beplan, nooi die Here saam met jou, en wees gedurig bewus van Sy teenwoordigheid. Ruim tyd in vir kerkbesoek tydens jou vakansie. Ek is opgewonde om in ‘n ander plek in die kerk te kom, en om

saam met totaal ander gelowiges te aanbid, te beleef hoe húlle dinge doen. Selfs stiltetyd wanneer jy met vakansie is, kan ook weer vir jou 'n vars en opwindende ervaring wees, veral as jy die Here só kan ontmoet op die strand of in die stilte van die bos of in die asemrowende skoonheid van die berge.

Maak jou "alleen-by-die-huis" opwindend saam met die Here!

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek U saam met my kan hê, ook wanneer ek weg is met vakansie. Hou my asseblief elke oomblik bewus van U teenwoordigheid.**

# 16 Suurdeeg

# 1 Korintiërs 5:1-13

Die maroelas in die Laeveld het daardie jaar baie mooi gedra, en by my aankoms in die Bos lê die maroelas sulke plate onder die bome, nét reg vir die eet. Vir die ouens wat nie maroelas ken nie: jy pluk nie 'n maroela van die boom af nie. Jy wag tot die vrugte vanself van die boom afval, dan is hulle ryp. Ons tel emmersvol maroelas op, want die goed kan mos nou nie gemors word nie. En toe besluit ek mos in my wysheid dat ‘n bietjie koue maroelabier hier in die warm somerdae nie ‘n slegte idee kan wees nie.

Ek maak elke hol ding wat ek in die hande kry vol opgesnyde maroelas. ‘n Paar koppies suiker wond bygevoeg, en net vir die wis en onwis ‘n paar pakkies suurdeeg om die proses so ‘n bietjie aan te help. Daar word gebrou, en die resultaat is etlike emmersvol heerlike verfrissende maroelabier.

Ek het my egter ‘n bietjie misgis met die hoeveelheid, en die bier raak ons naderhand baas. ‘n Week of wat later hang daar ‘n walm in die huis wat jou op ‘n trip sit nes jy by die voordeur instap. Die laaste emmer het maar daar eenkant gestaan en gis. Almal

was maar half lugtig vir hom. Toe ek uiteindelik die moed bymekaarskraap om die doek te lig, staan hy behoorlik en borrel en kook - ‘n heksebrousel, as daar óóit een was! Een proe van daardie brousel skud my tot in my fondamente. Erger as mampoer! Die suurdeeg het behóórlik sy ding gedoen!

Suurdeeg kan ‘n gevaarlike ding wees as hy misbruik word! Paulus het dit baie deeglik besef. Net ‘n paar ou korreltjies kan in ‘n japtrap alles rondom hom beïnvloed. Op dieselfde wyse kan verkeerde invloed in ‘n gemeente

in ‘n kort tydjie sommer vinnig sy gif versprei en almal aanraak.

So was die gif van die sonde van een van die gemeentelede van Korinte besig om die ganse gemeente te versuur. Die hele ding het waarskynlik baie onskuldig begin. Die tradisie was dat wanneer ‘n man sterf, dan neem die oudste seun die hele huishouding oor. Sy ma en sy pa se ander vrouens (ja, hulle was daardie jare baie braaf!) asook die seuns en ongetroude dogters word almal onder sy sorg geneem. En so het hierdie kêrel van wie Paulus skryf, waarskynlik ‘n huishouding geërf. Een van sy

pa se vrouens (sy stiefma) het egter sy hormone op loop gejaag, en in plaas daarvan dat sy in die spaarkamer haar intrek neem, trek stiefma toe sommer na sý slaapkamer toe. Selfs die heidene het nie eers sulke walglike gedrag geduld nie!

As die gemeente maar iets gedoen het aan die saak, was dit nie so erg nie, maar hulle doen toe net mooi niks! En soos suurdeeg begin hierdie man se sondige lewe later die hele gemeente versuur.

Paulus se reaksie is een van skok. “Doen iets!” wil hy dit uitskreeu, “Raak ontslae van die

gif!" Dan skryf Paulus 'n verskriklike ding, wat dikwels hééltemal verkeerd verstaan word: Hy sê die man moet aan die duiwel oorgegee word!

Hoe kán Paulus so 'n skokkende ding sê? Kom ek verduidelik: Die kerk word beskou as die terrein van God se heerskappy, terwyl die wêreld buite die kerk as die duiwel s'n gesien word. Om iemand aan die duiwel oor te gee, sou dus beteken dat hy uit die kerk geban word. Dit beteken nie noodwendig dat so 'n persoon verlore is nie! Hy het steeds sy geloof in Jesus. Hierdie moet ook nie as 'n "straf" gesien word nie,

maar ‘n liefdeshandeling om daardie persoon tot sy sinne te probeer ruk, sodat hy kan besef hoe erg die sonde is waaraan hy hardnekkig vasklou. Hopelik sal hy dan tot bekering kom en met sy sonde breek. Die kerk sal hom met ope arms terug verwelkom.

Soortgelyke walglike sondes kom vandag dikwels voor in ons moderne gemeentes. Ons het egter al so afgestomp geraak deur die vloedgolf van sonde rondom ons, dat ons dit maar verdra en ons oë toemaak daarvoor. Die tug, eintlik ‘n liefdesaksie, word bitter selde nog in die kerk toegepas. Dalk is dit

een van die redes waarom ons dikwels met gemeentes sit waarvan driekwart dooie hout is wat besig is om te vrot. En die bakterieë wat die vrot veroorsaak versprei stadig maar seker dwarsdeur die ganse gemeente. Dit is net die paar “hardehout” lidmate wat immuun is. As ons nie werk maak daarvan met drastiese maatreëls om die vrot te keer nie, sal ons gemeentes uiteindelik totaal verswelg word.

Terloops, wat beteken tug? Is dit “straf”?

Nee, tug beteken kortliks dat daar met iemand wat in sonde val mooi gepraat word en dat jy hom

probeer oorreed om van die sonde af te sien. As hy weier, word ander gelowiges betrek. Alles moontlik word gedoen om hom op die regte pad te kry. Soms is harde optrede nodig!

Paulus praat vandag hard met ons gemeentes. Ons moet daadwerklik iets doen aan die areas waar daar groot probleme is. Ons durf dit nie maar ignoreer, en hoop dat dit vanself gaan regkom nie. Ons moet dringend iets doen voordat dit dalk te laat is.

**Gebed:**

**Here, gee ons asseblief die moed en krag en wysheid om**

**die probleme in ons gemeente aan te spreek.**

# 17 Hofsake

## 1 Korintiërs 6:1-11

Opspraakwekkende hofsake is aan die orde van die dag. En nou praat ek nie oor 'n hofsaak soos dié van Oscar destyds nie. Ek praat oor siviele hofsake waar mense mekaar aanvat oor die een of ander geskil. Boetíé, dan word die vuil wasgoed gewas dat jy net sien sop spat! Die afgelope paar jaar was daar al verskeie sulke sake. En die tragedie is dat nie een van die twee partye werklik daar uitstap as 'n wenner nie. Albei kry gewoonlik ewe seer! Die enigste wat al die pad bank toe lag is die advokate!

Ons is eintlik baie gelukkig in Suid-Afrika dat die mode van hof-toe-slepery wat in Amerika heers, ons nog nie werklik getref het nie. Daar kan jy die nag nie eers 'n bietjie lekker snork nie, dan sleep jou buurman jou hof toe vir pyn en lyding en verlies van inkomste oor hy nie behoorlik kon werk nie. Jy hou hom mos uit die slaap! Ek dink die enigste rede waarom daar by ons nie baie van hierdie soort hofsake is nie, is omdat dit dikwels baie jare kan neem voordat jou saak voor die hof kan kom. Dit is bloot nie die moeite en die astronomiese koste werd nie.

In Paulus se tyd was daar ‘n baie ingewikkelde en effektiewe regstelsel in plek, bedryf deur die Romeine. Vir gelowiges was die groot probleem egter dat die stelsel bedryf was deur heidene, ongelowiges. Paulus se argument is dat ongelowiges tog nie kan oordeel tussen die sake van gelowiges nie? Hulle het net eenvoudig nie dieselfde standaarde nie. Die kerk of gemeente sou tog die aangewese persoon wees om ‘n dispuut tussen gelowiges op te los. Paulus probeer nie hiermee voorspraak maak vir kerklike howe nie. Die regte ding sou eintlik wees om die dispuut in

liefde uit te praat, en as daar nie ‘n oplossing is nie, moet jy dit aan God oorlaat om as Regter op te tree en as dit dan moet, dan ly jy maar jou skade om liefde en vrede te bewaar.

Die groot probleem met dispute is, dat al die vuil wasgoed gewoonlik uitgeslinger word. Beskuldigings word heen en weer gegooi, en al die ou koeie van baie jare gelede word opgegrawe en vertoon aan die wêreld. Gewoonlik word daar ook nog ‘n bietjie bygelieg om jou saak meer diepte te kan gee, en dan is dit nie net die twee partye wat mekaar in die hare vlieg wat

seerkry nie, maar dikwels ‘n hele klomp ander mense wat ook in die stof byt.

Alles kom eintlik neer op liefdeloosheid. As ons tog maar net wil gaan luister wat die Here in die Woord sê, dan kan bitter baie pyn, vernedering en seerkry gespaar word. Jesus het die wet van God opgesom deur te sê dat jy God en jou naaste moet liefhê soos jouself (Mat 22:37-40). Hy het verder gegaan met die skokkende uitspraak, dat jy selfs bereid moet wees om jou vyande lief te hê (Mat 5:43-44). Daar moet nóg groter liefde wees teenoor jou medegelowige. “Soos

Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet sal almal weet dat julle dissipels van My is.” (Joh 13:34-35).

Groot woorde hierdie, en woorde wat ons gerieflikheidshalwe totaal vergeet wanneer ons deur iemand verontreg word. Kom ons vergeet vir eers van die eerste twee, jou vyand en jou naaste, wat ook ongelowiges kan beteken. Die derde voorbeeld van liefde wat Jesus hier noem is iets baie intiem tussen gelowiges, bloedfamilie, boeties en sussies in Jesus. Natuurlik kan boeties en sussies vir mekaar kwaad word, want nie een van ons is engeltjies

nie. Dit is egter hoe ons hierdie kwaadword vir mekaar hanteer. Kan ons die dinge wat krap in liefde uitpraat en mekaar vergewe? Dit is wat ware broederliefde beteken. Jesus het ons leer bid: “en vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree” (Luk 11:4). Hoe kan ons hierdie gebed bid, as ons nie bedoel wat ons sê nie? Hoe kan ons verwag dat God ons talle sondes moet vergewe, as ons nie eers bereid is om die klein sondes wat iemand anders teen ons doen te vergewe nie? Dankie tóg dat God soveel groter as ons is, en Sy genade so groot dat Hy selfs

bereid is om ons onvergewensgesindheid te vergewe!

Die feit is dat ek bereid moet wees om die ding te gaan uitpraat met my medegelowige. En as dit dan so sou gebeur dat hy hardkoppig is en weier om na my kant van die saak te luister, dan is die regte ding om te doen, om hom te vergewe. En as dit moet, dan moet ek selfs bereid wees om maar skade te ly. Die saak is baie groter as ek, nietige mensie, want dit is God se Koninkryk wat in gedrang is. Die wêreld hou ons met valkoë dop. As gelowiges in ‘n hofgeding kom, is dit

voorbladnuus: “Kyk wat maak Christene!” Ter wille van die heilige Naam van God durf ons nie in sulke dinge beland nie, want dit maak ‘n klad, ’n swart inkkol op die vlekkelose kleed van Jesus.

As daar géén oplossing is vir ‘n geskil tussen gelowiges nie, is die aangewese ding om dit na die kerkraad te neem, sodat die gemeenteleiers kan besluit, en die saak dus tussen gelowiges hou. Sodoende word God se Naam ten minste beskerm.

**Gebed:**

**Here, leer my om waarlik lief te hê, en om te kan vergewe, selfs**

**al is die onreg teen my baie groot.**

# 18 Prostitusie

## 1 Korintiërs 6:12-20

Prostitusie is in Suid-Afrika teen die wet, maar die gereg draai gewoonlik ‘n blinde oog as hulle die dinge sien gebeur. Daar was selfs ‘n groot deel van die parlement wat prostitusie wou wettig. Maar daar is baie ander instansies waar die skeidslyn so dun is, dat dit net sowel as prostitusie gesien kan word, soos ontkleeklubs en dergelike hole.

Prostituse kom egter nie van gister af nie! Ek onthou van jare gelede al hoe die prostitute in Durban by hulle vensters uitgehang het om hulle “ware” te

adverteer. Maar dit kom nog báie verder, word beskryf as die oudste beroep in die wêreld. Ons lees regdeur die Bybel daarvan.

In die hawestad Korinte, was prostitusie in Paulus se tyd ‘n baie winsgewende bedryf. Dit was só erg dat daar selfs op een van die muntstukke ‘n afbeelding was van Afrodite, die seksgodin, om soort-van as ‘n advertensie te dien vir hierdie uiters gewilde bedryf. Mooi, jong slavinne was hoog in aanvraag. Hulle is deur hulle eienaars uitverhuur as prostitute. Daar was van die manne verwag dat hulle die vroue

van die nag sou besoek. Dit was deel van die lewe!

Net soos wat Paulus hom nie uitgespreek het teen slawerny nie, spreek hy hom ook nie uit teen prostitusie nie. Waarom? Beide was heidense bedrywe waaraan Paulus absoluut niks kon doen nie. Die mense sou hom bloot uitlag as hy sou sê dat dit end moes kry. Paulus het egter geweet wat die gevolge is as jy aan sulke dinge deelneem, en daarom waarsku hy die gelowige manne om daarvan weg te bly. Dit was in daardie jare waarskynlik suiwer ‘n man-ding. Vandag besoek vrouens ook bordele, dus

is dit wat Paulus vir die manne sê, vandag net so ook van toepassing op vrouens.

Die oumense het gesê: “Elke ketter het sy letter”. Dit beteken dat jy jou dade probeer regverdig uit wat in die Bybel staan. Wel, Paulus het hierdie ding goed raakgesien in Korinte. Die manne daar het hulle besoekies aan die prostitute ook probeer regverdig deur Skrifuitsprake. “Alles is my geoorloof”, het hulle gesê. Vandag kan ons dit dalk selfs regverdig uit Galasiërs 5:1, waar daar staan dat Christus ons vrygemaak het. Ons is dus nie meer gebonde aan die wet nie,

en om ’n bietjie te sondig is ook maar reg. Dit is egter baie gevaarlik om dinge buite verband te lees. Paulus is dus baie vinnig om by te sê dat nie alles heilsaam is nie. As jy jou met sulke losbandigheid ophou, dan moet jy weet dat jy jou liggaam bevuil. Ons het alreeds gesê dat jou liggaam die tempel is van die Heilige Gees. Jou liggaam is daar om God mee te verheerlik, en deur dit te misbruik deur onsedelikheid, druis totaal in teen die eintlike doel daarvan. Deur onsedelikheid word jy een met die prostituut, sê Paulus. Hoe kan jy dan in dieselfde asem nog steeds een wees met Jesus? Sy is deel

van die bose wêreld, en dus vereenselwig jy jou met die Bose! Jesus kan nie geassosieer of gedeel word met die bose wêreld nie!

Maar Paulus raak ook ‘n ander punt aan, dat sulke seksuele losbandigheid verslawend raak. As jy eers eenmaal in hierdie web van bose genot vasgevang is, kom jy nie maklik uit daardie taai kloue los nie. Ons praat nie net van prostitusie nie, maar al die ander dinge wat daarmee saamgaan, soos ontkleeklubs, skootdansers, pornografie ens. Jy wil net die hele tyd meer en meer hê, en hierdie goed benewel jou

verstand tot so ‘n mate dat jy nie meer ‘n verhouding met God kan hê nie.

Vers 13 word dikwels verkeerd verstaan: “Kos is vir die maag, en die maag vir kos.” Hierdie is eintlik ‘n eufemisme, waar kos dui op seks en die maag dui op die geslagsorgaan. Die Korintiërs het gereken dat dit die gees is wat belangrik is, en dat wat jy met jou liggaam doen, verganklik is en dus onbelangrik. Seks (kos) is bedoel vir die geslagsorgaan (maag), en dit moet so gebruik word, maak nie saak of dit onsedelik is of nie.

As ons mooi dink oor die hele ding van prostitusie, dan is dit eintlik ‘n morsige storie. Die vrou is gewoonlik uitgebuit. Sy is teen haar wil daar. Selfs vandag is sy dikwels ‘n slaaf! Prostitusie is ‘n teelaarde vir gevaarlike siektes, en boonop is dit ‘n wenresep om huwelike te laat verbrokkel. Selfs nog ‘n groter gevaar is dat dit jou geestelike lewe, jou verhouding met God, totaal kan vernietig.

Paulus sluit hierdie hoofstuk af met die woorde: “**Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is**

**betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.**" Niemand kon dit beter stel nie! Ek is baie duur gekoop - die prysgeld was die kosbare bloed van Jesus. Ek behoort nou aan Hom, ek is Sy eiendom. Waarom sal ek dan my liggaam besoedel met enige vorm van onsedelikheid? Dit gaan eintlik veel verder, want ek durf ook nie my gedagtes besoedel daardeur nie, want nie alleen my liggaam nie, maar ook my gees behoort aan Hom. Kom ons hou ons ganse lewe, liggaam en gees rein vir Jesus!

**Gebed:**

**Here, ek bely dat ek aan U behoort. Bewaar my daarvan dat ek ooit in enige vorm van onsedelikheid sal verval.**

# 19 Die Huwelik
# 1 Korintiërs 7:1-40

Dit wil voorkom asof verskeie mense vir Paulus briewe geskryf het oor die probleem van prostitusie. Hy noem dit dat mense al vir hom briewe hieroor geskryf het om antwoorde te kry. Vandag word die vrae selfs nog moeiliker sodat selfs die teoloë sit en kopkrap. En oral probeer hulle vure doodslaan!

Alles het begin by Oer-oupa en Ouma Adam en Eva, en die begeertes wat van daardie jare af in ‘n mens brand. Die probleem is net dat party mense se begeertes soveel erger brand! Hierdie

probleem kom egter al langpad. Paulus het dit maar al te duidelik gesien daar in Korinte. Daarom skryf hy hierdie hoofstuk in groot detail, en hy draai nie doekies om nie. Maar ek moet bieg dat ek eendag ‘n paar vrae vir Paulus het wanneer ek hom sien, want sommige van sy redenasies verstaan ek gladnie. Gelukkig is ek darem nie die enigste nie, selfs Petrus het geskryf dat hy Paulus nie altyd lekker verstaan nie!

In Korinte was daar destyds ‘n baie sterk eindverwagting. Gelowiges het geglo dat die wederkoms van Jesus enige

oomblik kon plaasvind, en so het Paulus ook geglo. Dit is natuurlik ook reg dat ons so moet lewe asof die wederkoms vandag kan plaasvind. Die probleem is egter dat jy só vasgevang kan raak in jou wederkomsverwagting, dat jy heeltemal perspektief van die lewe kan verloor. ‘n Goeie balans sal wees om Jesus vandag terug te verwag, maar jou lewensbeplanning te doen asof Hy eers oor ‘n duisend jaar sal kom.

In die lig van hierdie wederkomsverwagting, wou die Korintiërs weet van die alledaagse dinge, en hoe om dit

te hanteer. Oor seks was daar twee moontlikhede: die eerste was om dan maar totaal losbandig te lewe (soos dit dikwels vandag die geval is!) Dit sou beteken dat die man maar vryelik omgang kon hê met sy slavinne, hulle was immers sy eiendom! Bordele was boonop vryelik beskikbaar vir elke man se genot, en dit lei natuurlik ook tot allerhande ander verhoudings buite die huwelik. Die tweede stroom het weer die totaal teenoorgestelde siening aangehang van totale onthouding, wat eintlik 'n uitvloeisel was van die asketiese beweging. Dit het behels dat daar

‘n totale selfverloëning moes wees op verskillende terreine van die lewe, en dat jy jou selfs geheel van die wêreld onttrek. Volgens hulle was geheel onthouding van seks ‘n voorwaarde vir geestelike groei.

In die geskiedenis het altwee hierdie sieninge ‘n groot invloed gehad op die mensdom. In die sestigerjare het ons byvoorbeeld die Hippie-beweging gehad met “Make love, not war!” as hulle slagspreuk, waar vrye seks aan die orde van die dag was. In die Victoriaanse tyd was dit presies die teenoorgestelde. Enige seks,

selfs binne die huwelik, is gesien as sonde.

Paulus stel dit baie duidelik dat slegs die derde opsie regverdigbaar is. Dit behels dat seks slegs beoefen mag word tussen ‘n man en vrou in ‘n normale monogame huwelik met ‘n lewenslange verbintenis. ‘n Koerantredakteur het eenmaal gesê dat ‘n koerant soos ‘n goeie vrou is: elke man moet sy eie hê, en hy moenie sy buurman s’n lees nie.

Uit wat Paulus sê, is daar ‘n paar dinge waarby ons nie verby kan kom nie:

‘n Huwelik is ewig, en mag nie verbreek word deur ‘n egskeiding nie, buiten in baie spesiale gevalle. Die hedendaagse tendens van “reeksmonogamie”, waar mense aanhou trou en skei, is volgens Bybelse standaarde onaanvaarbaar. Ek lees eenmaal in Beeld van ‘n man wat al elf keer getroud en geskei is! Hoeveel keer was Liz Taylor nou weer getroud en geskei?

Poligamie, waar ‘n man meer as een vrou mag hê, was wel ‘n Ou Testamentiese gebruik, maar nêrens in die Nuwe Testament word dit geregverdig nie. Die huwelike van ons oud-

staatspresident is dus beslis nie op Christelike beginsels gegrond nie, so ook nie die poligame huwelike van die Mormone nie!

Die hele debat oor saamblyery word in hierdie hoofstuk baie reguit beantwoord: daar is absoluut geen gronde om saambly te regverdig nie, en dit is dus ‘n sondige verhouding. Gedurende ‘n Daniël konferensie wat in ons gemeente gehou is 'n paar jaar gelede, het een van die jong manne tot die besef gekom dat sy saambly-verhouding nie volgens God se wil is nie, en net dáár neem hy die besluit en vra die leraar om hom en sy meisie te

trou. Is jy dalk in so ‘n verhouding? Dit is nie te laat om dit reg te stel nie. Doen die regte ding!

Buite-egtelike verhoudings, van watter aard ookal, is verkeerd. Breek daarmee!

Paulus sluit af met sy eie opinie, dat dit beter is om nie te trou nie, want dan kan jy jou beter aan Jesus toewy. Dit is egter slegs sy opinie! My eie opinie is dat die huwelik jou verhouding met Jesus aanvul. In ons huwelik werk dit! Hiermee wil ek vir my eie Mosbolletjie dankie sê dat sy my huweliksmaat is vir 45 jaar al, en dat sy my so wonderlik aanvul.

**Gebed:**

**Here, dankie vir my huweliksmaat. Hou my asseblief getrou aan haar vir altyd.**

# 20 Afgodsoffers

# 1 Korintiërs 8:1-13

Hoe ver strek my Christelike vryheid? Hierdie is ‘n vraag wat elkeen van ons seker alreeds gevra het. Mag ek byvoorbeeld varkvleis eet? Dit word tog duidelik in die Ou Testament verbied! Dan is daar weer gelowiges wat baie bekommerd is oor die kos waarop die “Halaal” stempeltjie van die Moslems geplaas is, want hierdie kos is toegewy en geseën deur ‘n priester. Is dit nie dalk afgodsoffers nie? Hierdie stempeltjie het egter ook ander

implikasies, waarop ek nie vandag wil ingaan nie.

Iemand stuur nou die dag vir my ‘n video, wat handel oor die “biddende hande” beeldjies wat so gewild is, onder veral die ouer gelowiges. Sy bewering is dat dit onheil, en veral armoede kan bring in jou huis, en dat jou armoede kan verdwyn as jy van die beeldjie ontslae raak. Die beeldjie was oorspronklik, volgens ‘n ou legende die “simbool van armoede.”

Die gemeente in Korinte se probleem was nog baie groter, en hulle wou van Paulus weet wat hulle te doen staan.

Afgodsaanbidding was in Korinte natuurlik baie groot, en die gelowiges was maar ‘n klein minderheid. Wanneer ‘n dier geoffer is, is die vleis in drie verdeel. Die vel en bene word geoffer. Die priester kry ‘n deel van die vleis, wat hy gewoonlik dan op die mark verkoop het. Die derde gedeelte kry die persoon wat die offer gebring het, en hy het dan gewoonlik sy vriende genooi vir ‘n feesmaal waar hierdie vleis voorgesit is. Vir die gelowiges was dit natuurlik ‘n baie groot probleem, want hulle het nie geweet of die vleis wat hulle op die mark koop dalk afgodsoffervleis is nie. En om

sake te vererger, het hulle nie geweet of hulle by ongelowige vriende mag eet nie, want dit was dalk afgodsoffers wat aan hulle voorgesit sou word.

Paulus moes hierdie saak baie omsigtig hanteer, want hy wou verhoed dat enige gelowige seerkry in sy geloof. Daarom begin hy met ‘n beskrywing oor wie of wat hierdie sogenaamde afgode dan nou is. Is hulle werklik die magtige gode wat hulle aanbidders wil voorgee dat hulle is? Vandag is daar by die Hindoes die “magtige” gode Chrishna, Vishnu, Shiva en nog ‘n swetterjoel ander. Paulus stel dit

onomwonde dat daar slegs één ware God is. Dit beteken natuurlik nie dat daar geen ander bonatuurlike wesens bestaan nie. Die duiwel het ‘n baie groot houvas op die ongelowiges, en sy demone doen hulle baie kunstig voor as “gode” sodat die duiwel oor die ongelowige heerskappy kan voer.

Paulus se argument is: as daar dan geen ander gode is nie, dan kan ‘n gelowige maar met vrymoedigheid enige afgodsoffer eet. Alles is immers deur God geskep, en ons mag nie wat Hy rein geskep het onrein verklaar nie. Daar is egter ‘n baie groot

voorwaarde aan verbonde: wanneer jy iets eet wat jy weet ‘n afgodsoffer was, dan moet jy bogenoemde in gedagte hou. As jy enigsins daarmee die afgod in aanmerking neem, dan gee jy nie meer die eer aan God nie, maar aan die duiwel, en dan is dit sonde.

Dit bring ons terug by die biddende hande-beeldjie. As jy dit beskou as iets wat jou armoede kan gee, dan is dit eintlik sonde! Dis bygeloof wat jou geloof skade kan berokken!

Oor afgodsoffers: alle gelowiges staan nie ewe sterk in hulle geloof nie. Vir meeste van ons is hierdie

saak gladnie ‘n probleem nie, maar iemand wat swak is in sy geloof, kan maklik struikel wanneer so ‘n ding oor sy pad kom. As hy my dus sien afgodsoffers eet, dan kan hy dink dat dit maar reg is om eer aan die afgod te bring. Dus, om sy onthalwe sal ek my liewer daarvan weerhou.

Wat is die praktiese implikasies vir ons vandag? Die meeste van ons kry tog nooit te doene met afgodsoffers nie? Ons kan dit byvoorbeeld toepas op baie van ons kerklike tradisies. Om ‘n voorbeeld te noem: in die NG Kerk is die eredienste vir baie jare

“stil en stemmig” gedoen. Daar is nooit hande opgesteek of hande geklap of dergelike “onstemmighede” nie, want dit is “sektaries”. Dit gebeur egter nou al hoe meer dat lidmate hulle Christelike vryheid gebruik om uit hierdie tradisies weg te breek. Vir sommige lidmate is dit egter ‘n groot probleem, en ter wille van hulle moet ons maar versigtig wees om nie sommer alles met ‘n groot gejuig te verander nie. Ongelukkig word die term “swak broer” dikwels totaal misbruik, en skuil mense agter dit om hulle eie sin te kry.

Op ‘n ander vlak is daar egter kwessies soos byvoorbeeld die gebruik van drank. Vir sommige gelowiges is enige gebruik van alkoholiese drank, selfs wyn, ‘n baie groot probleem. Vir ander is dit weer gladnie ‘n probleem nie, solank dit net nie misbruik word nie. Ter wille van die persoon wat ‘n probleem het, is dit beter as jy saam met hom liewer gladnie drank gebruik nie. Net so sou dit ‘n Joodse gelowige baie grief as ek saam met hom eet en varkvleis voorsit, want hulle hang gewoonlik nog die ou Joodse tradisies aan.

Die groot geheim is liefde: as ons in liefde omgaan met ons mede-gelowiges, sal hierdie dinge vir niemand ‘n probleem wees nie.

**Gebed:**

**Here, dankie vir die wonderlike vryheid wat U my as gelowige gegee het. Help my asseblief om dit nie te misbruik nie.**

# 21 Onderhoud met Paulus

## 1 Korintiërs 9:1-18

‘n Ruk gelede hoor ek hoe iemand gal-afgaan oor ‘n sekere leraar se vergoeding. Dit sou kwansuis ‘n skande wees dat die gemeente hom soveel moet betaal!

Baie mense gaan nog steeds van die standpunt uit dat ‘n gemeente se leraar op ‘n hongerloon moet klaarkom, want hy doen die werk tog immers uit die liefde vir die saak. En boonop werk hy mos net een dag per week! Sommige reken selfs dat hy sonder enige vergoeding die gemeente behoort te dien, en sélf vir sy onderhoud

moet sorg, soos wat Paulus immers gedoen het!

Ek het die wonderlike voorreg gehad om ‘n eksklusiewe onderhoud met Paulus te voer, terwyl hy in Rome in huisarres was. Dit het só verloop:

“Oom Paulus, daar is teenstrydige berigte oor jou apostelskap. Vertel ons nou vir eens en altyd of jy een is of nie.”

“Is ek nie ‘n apostel nie? Het ek nie vir Jesus, ons Here gesien nie? Kyk ou seun, daar op die Damaskuspad waar ek Hom ontmoet het, het Hy my persoonlik gestuur! Dus is ek in volle reg ‘n apostel, ‘n

uitgestuurde! En die vrug op my arbeid bewys dit!”

“Oom Paulus, die tameletjie-vraag wat ons éintlik wil vra is of ‘n leraar geregtig is op vergoeding?”

“Kyk, nou raak jy ‘n teer puntjie aan. Ek voel soms ‘n bietjie seergemaak oor mense wat my so gedurig wil veroordeel as daar iets na my kant toe kom. Maar gaan kyk ‘n bietjie na Petrus en die ander apostels, en selfs ook ons Here Jesus se eie broer, Jakobus. Hulle het nie nodig om honger te ly nie, en boonop word daar nog vir hulle vrouens ook gesorg! As hulle gaan reis, dan

gaan die vroumense saam, en die gemeente betaal daarvoor. Dis net ek en die arme Barnabas wat bedags ons hande moet deurwerk met die tentmakery om aan die lewe te bly.”

Paulus beduie met ’n krom vinger na een van die soldate wat daar naby wagstaan: “Daardie soldaat - dink jy hy werk vir niks nie? Dink jy miskien dat hy verniet sy land en die keiser dien? Natuurlik nie! Hy word betaal vir wat hy doen!”

“Ja goed Oom Paulus, maar dit is darem ‘n bietjie anders.....”

“Nou goed dan, wat van ‘n boer? Dink jy miskien ‘n druiweboer gaan nie van sy eie druiwe eet

nie? Of die veewagtertjies wat beeste oppas - dink jy miskien dat hulle nie soms van die koeie se melk gaan drink nie? Dis hulle reg! Net so moet ‘n gemeente ook bereid wees om iets af te staan om sy leraar aan die lewe te hou.”

Paulus kry ‘n glimlaggie op sy gesig: “Het jy al ooit gestaan en kyk waar ‘n boer besig is om graan te dors?” Ek verstaan nie mooi waarop hy afstuur nie. “Waarom dink jy dat die boer nooit, óóit die bees wat hy daar gebruik se bek toebind dat hy nie dalk ‘n deel van sy profyt opvreet nie? Dit is omdat Moses se wet sê dat hy dit nie mag doen nie!

Nou waarom sou Moses dan so ‘n simpel wet maak? Was hy lief vir beeste? Nee, laat ek vir jou verduidelik: dit was God se opdrag aan Moses! Nie omdat God bekommerd was oor beeste nie, maar Hy wou iets baie dieper daarmee sê. Hy wou onder andere sê dat evangeliedienaars soos ek en Barnabas, net soos daardie bees, nie verhoed mag word om ook ‘n deel van die gemeente se opbrengs te kry nie. Nes jy daardie bees se bek nie mag toebind nie, so mag jy my bek (geestelik gesproke) ook nie toebind nie. Verstaan jy?”

“Ja Oom Paulus, maar nou is daar ‘n ander ding wat nog minder vir my sin maak. Waarom het jy dan nooit geld gevra van die gemeentes nie?”

“Om die eenvoudige rede, dat die Evangelie vir my so geweldig belangrik is, dat ek eerder myself onderhou met tente maak as om een enkele siel te verloor omdat mense dink dat hulle my moet betaal om te preek. Dit was my persoonlike keuse! Ek put in elkgeval soveel genot uit die verkondiging, dat ek nie nog geld ook wil hê nie!”

“Oom Paulus, wat sou jou boodskap hieroor wees aan die mense van die jaar 2019?”

“Ek sou sê: sorg mooi vir julle leraars! Hulle is immers kosbaar vir die Koninkryk. Moenie toelaat dat hulle hulle kosbare tyd gebruik om rond te skarrel vir aanvullings om aan die lewe te kan bly nie. Steek maar jou hand diep in jou sak sodat daar genoeg in die gemeente se skatkis is om behoorlik vir jou leraar te sorg, en dat daar dan nog oorgenoeg is om die werk van die Here óók te kan doen. Dink aan die sendelinge soos ek en Barnabas, en gee maar mildelik na hulle

kant toe ook, want hulle werk dikwels vir ‘n hongerloon.”

Die vraag wat Paulus dalk vanoggend vir jou en my wil vra, is nie alleen of ons behoorlik vir ons leraar sorg nie. Dit gaan baie verder: het ek 'n oop hand en beursie vir die werk van die Here? Dit gaan nie daaroor dat ek móét gee nie, maar dat ek wíl gee uit dankbaarheid vir wat die Here vir my gedoen het. Dit is een manier om jou dankbaarheid uit te leef.

**Gebed:**

**Here, ek bely vanoggend dat ek nie genoeg gee vir U werk nie.**

# Vergewe my, en help my om my hand oop te maak.

# 22 Verantwoordelike Vryheid

## 1 Korintiërs 9:19-23

O, die wonder van ware vryheid! Vlieg hier eendag mos ‘n klein voëltjie in my kombuis in. Toe ek sy noodroep hoor, gaan ek dadelik kyk wat fout is. En daar sit die verbouereerde klein bedremmelde dingetjie teen die venster. Hy spook en spartel om deur die glas te kom, want anderkant sien hy die wye oop wêreld en die tuin. Maar hier is hy vasgevang in ‘n warboel van goed wat sy lewe wil beheer en hom vasdruk. Versigtig probeer ek hom vang, maar dit maak hom net nóg meer verbouereerd, en

hulpeloos spartel die arme outjie en hy vlieg kruis en dwars deur die kombuis.

Uiteindelik, met groot moeite kry ek hom tóg gevang, en ek voel die warm, brose ou lyfie in my hande. Ek vat hom buitentoe, en maak my hande stadig oop. Skielik sien hy vryheid. Soos ‘n weerligstraal skiet hy uit my hande en gryp die vryheid met albei vlerke aan.

As jong man was Paulus as’t ware in ‘n tronk. Nou nie een met mure en fisiese kettings nie, maar een met reëls en regulasies, rigiede moets en moenies. Hy het nooit uit hierdie tronk probeer

ontsnap nie, maar juis homself al dieper en dieper hier ingegrawe. Stringe en stringe wette het hy uit sy kop geleer, en elkeen daarvan het hy streng en bitter noukeurig nagekom, tot in die fynste detail. Voor daardie dag naby Damaskus toe Jesus hom gekonfronteer het, was Paulus ‘n Fariseër. Eintlik was die Fariseërs nie slegte mense nie, maar baie goeie mense, wat probeer leef het volgens God se wet. In hulle pogings het hulle egter só verstrik geraak in tradisies en mensgemaakte wette, dat hulle totaal die sin van alles - LIEFDE - misgekyk het.

Toe kom maak Jesus daar by Damaskus vir Paulus vry. Hierdie vrymaak-proses het nie sonder sy pyn en trauma gegaan nie. Dit het vir Paulus etlike jare geneem om aanvaar te word en om die ware omvang van sy nuwe vryheid te verwerk.

Vryheid bring egter verantwoordelikheid mee. Toe ek daardie voëltjie losgelaat het, was sy eerste prioriteit om van die gevaar af weg te kom, en veral om die kat te vermy. Vir Paulus het sy vryheid ‘n ander soort verantwoordelikheid meegebring. Sy groot passie in die lewe was om ander mense ook daardie

vryheid te gee wat hy gekry het. In hierdie taak het hy ál sy krag en energie gesit. Soms het dit selfs beteken dat hy van sy eie vryheid moes prysgee net om dit vir ander te kon gee.

Ja, Paulus het homself losgemaak van die ou bindende Fariseërspraktyke, want hy het ál te duidelik besef dat dit nie wette is wat red nie maar alleen Jesus. Soms was dit egter nodig dat hy téén sy grein in weer van hierdie praktyke moes beoefen ter wille van vrede. So moes hy vir Timoteus laat besny sodat hy kon toegang kry tot Joodse sinagoges, al het hy nie daarmee

saamgestem nie. "*Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen,*" sug Paulus in 1 Kor. 9:20. Dit kon nie vir hom maklik wees om weer die ou juk te moes opneem, terwyl hy dit juis uitgebasuin het dat dit nie nodig is om onder daardie juk gebuk te gaan nie.

Vandag sit baie sendelinge in die sendingveld met presies dieselfde dilemma. Alhoewel hulle preek dat Jesus vrymaak, moet hulle sélf dikwels gebonde wees aan 'n sekere vorm van kleredrag en rituele, net om nie aanstoot te gee nie. Deur sélf vrywillig gebonde te wees, wen hulle só

die respek en vertroue van die mense, en dit maak vir hulle deure oop om die Evangelie te verkondig. So byvoorbeeld gesels ek eendag met ‘n sprankelende jong meisie in die sendingveld by Bambizana. In plaas van die gemaklike klere wat by ‘n jong meisie pas, kom sy aangeloop deur die veld, geklee in ‘n lang rok wat tot op haar voete hang, en toegeknoop is tot onder haar ken. “*As ek nie so aantrek nie,*” vertel sy, “*sal die vroue my verwerp, want ek moet soos ‘n ordentlike vrou geklee wees om hulle respek te wen. Hierdie is hoe al die gerespekteerde vroue van die gebied aantrek.*”

Ek dink nie dit was maklik vir Paulus toe hy vir die eerste keer varkvleis saam met die heidene moes eet nie. Dit was immers van kleins af in hom ingedril dat jy niks “onrein” mag eet nie. Maar hy moes al sy fiemies prysgee ter wille van die Evangelie. En wanneer iets vir iemand ‘n probleem was, het Paulus daarby aangepas, net om siele vir Jesus te kon wen.

As gelowiges het ek en jy daardie wonderlike vryheid gekry waarvan Paulus praat. Maar saam met die vryheid kom daar ook ‘n sekere verantwoordelikheid. Die Here wil hê dat ons daardie vryheid moet

geniet, en hy vra ook nie dat ons weer gebuk moet gaan onder die juk van die wet nie. Maar ons moet bereid wees om soms vrywillig ons vryheid prys te gee ter wille van ander mense. Ek is byvoorbeeld baie lief vir my rooiwyntjie, veral daar langs ‘n vuurtjie in die Bos. Maar as dit vir iemand ‘n probleem is, bly ek liewer daarsonder. En ek sal selfs iets eet waarvan ek gladnie hou nie as dit sou beteken dat ek iemand nie te na kom nie. Jesus is belangriker as my voorkeure!

**Gebed:**

Here, help my asseblief om my wonderlike vryheid met verantwoordelikheid te gebruik.

# 23 Lewenswedloop

# 1 Korintiërs 9:24-27

Groot sportgeleenthede is iets waaraan die Grieke goed gewoond was. Die eerste Olimpiese spele het alreeds 775vC plaasgevind, dus was dit alreeds ‘n baie ou instelling in Paulus se tyd. Maar dit was nie die enigste van sy soort nie. in Korinte was Isthmiese spele sommer ‘n reuse sportgebeurtenis. Paulus het by verskeie geleenthede waarskynlik sélf daar op die stadion gesit en kyk na die atlete, want hy gebruik atletiek dikwels as voorbeeld om waarhede tuis te bring. Hy

gebruik weereens beelde uit die wêreld van sport, in sy briewe aan die Korintiërs. Hy het immers geweet dat hierdie mense dit baie goed sou verstaan. Die Isthmiese Spele was baie hoog op die kalender.

Paulus het Jesus se voorbeeld nagevolg, en dikwels beelde gebruik wat sy lesers baie goed ken, om waarhede by hulle tuis te bring. Dit het gewerk, want as jy eers ‘n prentjie in jou kop het waarmee jy ‘n sekere waarheid kan assosieer, dan vergeet jy die waarheid nie sommer nie. Ek is Sondag skaars uit die kerk, dan het ek klaar die dominee se preek

vergeet. As hy egter ‘n aangrypende storie vertel om sy boodskap tuis te bring, dan onthou ek dit dikwels vir baie jare. Ek kan nou nog ‘n preek in redelike detail onthou van Ds. Dana Minnaar van veertig jaar gelede, net omdat hy so ‘n treffende beeld gebruik het om sy boodskap te illustreer. Sekere dele van daardie preek kan ek selfs woord-vir-woord onthou.

Dit is egter interessant om te weet dat Paulus se voorbeelde hemelsbreed van dié van Jesus verskil het. Jesus se totale bediening het op die platteland afgespeel, met uitsondering van

enkele kere wat Hy in Jerusalem was. Die beelde wat Jesus dus gebruik, het feitlik alles te make met plattelandse dinge, gelykenisse van plaasboere, saailande en wingerde.

In teenstelling hiermee is Paulus se totale bediening weer in stede. Sy beelde het altyd iets te doene met die stadslewe en dinge wat in die stad gebeur. Dinge waarmee die mense bekend is en wat dadelik hulle aandag vang.

Wanneer Paulus dan hierdie baie belangrike waarheid by die Korintiërs wil tuisbring, gebruik hy juis ‘n beeld wat by hulle baie bekend is - atlete op die

Isthmiese Spele. In hulle gedagtes kan hulle sien hoe die frisgeboude manne daar op die baan staan, spiere rimpelend in afwagting op die afsetter. Dan val die vlag, en die atlete is weg. Elke greintjie krag word ingespan wanneer hulle voortbeur. Die skare raak histeries as elkeen sy eie held aanmoedig. Wanneer die atlete die eindstreep begin nader, klink dit asof die stadion gaan ontplof. Gedryf deur adrenalien en die aanmoediging van die skare, gee elke atleet absoluut alles wat hy het om daardie lourierkroon te kan dra.

Uiteindelik is dit net één enkele ekstatiese atleet wat eerste by die wenstreep aankom en dan sy hande in die lug gooi van opgewondenheid omdat hy gewen het. Die ander het wel die wedloop voltooi, maar vir hulle almal is dit ‘n teleurstelling, want daar is maar net één enkele kroon. Waarom het hulle nie gewen nie? Het hulle dalk nie genoeg geoefen nie? Was hulle voorbereiding dalk nie goed genoeg nie? Het hulle dalk nie genoeg krag ingesit in die wedloop nie? Daar kan mos maar net een wenner wees!

Wanneer jy ‘n wedloop hardloop, dan moet jy besef dat jy nie noodwendig ‘n prys gaan wen nie. As jy halfhartig hardloop, gaan jy dit beslis nie maak nie. Boonop is daar hope selfdissipline nodig om waarlik bo te kan uitkom. ‘n Top atleet weet byvoorbeeld dat hy baie dinge moet prysgee as hy wil wen. Lekker kos is beslis nie op sy spyskaart nie. Hy moet eet wat hom die nodige krag gee, en dikwels is dit vervelige kos. Hy moet oefen en oefen, en baie tyd in sy voorbereiding sit, tyd wat hy heerlik kon gebruik het vir ontspanning.

As gelowige moet ek ‘n besluit neem: gaan ek maar net tevrede wees om saam te draf, of gaan ek voluit op hierdie lewenswedloop? Draf ek agterna, kan ek uiteindelik ook by die wenstreep uitkom, maar dit sal afgewater wees. Alleen diegene wat alles in die stryd werp, kry die oorwinnaarskroon! Net soos in sport, is voorbereiding uiters belangrik. Ek móét bereid wees om sommige dinge prys te gee. Sonde is een van hulle!

My Handleiding is die Bybel, en ek moet sorg dat ek dit verstaan en deeglik ken. Dit help nie om maar net 'n versie of twee te lees

om my gewete te sus nie. Ek moet verstaan wat ek lees, en ek moet die agtergrond waarteen ‘n Bybelgedeelte geskryf is begryp om sodoende te verstaan wat die ware bedoeling is.

Gebed is my geestelike asemhaling. Daarsonder kan ek die wedloop maar vergeet! My krag en toerusting kom van die Heilige Gees, en ek moet Hom toelaat om my lewe te rig. Maar dan moet ek natuurlik ook die wil hê om die wedloop te wen! Daarsonder gooi ek halfpad al tou op!

Rig vandag jou oog op die wenstreep, en sit álles in om

daardie belangrikste van alle wedlope te hardloop!

**Gebed:**

**Here, ek wil hierdie wedloop wen! Wees U asseblief my Afrigter!**

# 24 Is Sakramente Genoeg?

# 1 Korintiërs 10:1-10

Sommige van die Korintiërs was onder die indruk dat sekere simboliese handelinge hulle sou red. Vandag is daar steeds mense wat glo dat dit die geval is. So het hulle byvoorbeeld geglo dat as jy gedoop is en die Nagmaal gebruik, dan is alles reg. Paulus het 'n groot verrassing vir hulle gehad: Inderdaad is hierdie baie belangrike simbole of sakramente wat ons nooit durf ignoreer nie, maar hulle kan nie vir jou redding bring nie! Paulus wil hierdie gedagte baie duidelik in hulle

gedagtes inskerp, daarom gebruik hy ‘n voorbeeld uit die Ou Testament wat almal baie goed ken: die Israeliete se uittog uit Egipte.

Nadat die Here die Farao op sy seerste plek getref het, gee hy die bevel dat Israel maar kon trek. Vir hóm het hulle net moeilikheid beteken, en as hy van die gebroedsel kon ontslae raak, sou hy dalk ‘n gelukkiger man wees. Moses laat nie gras onder sy voete groei nie, en binne rekordtyd val ‘n paar miljoen mense in die pad (nie almal stem met die getalle saam nie). Dit moes ‘n logistieke omvang gehad

het wat enige generaal nagmerries sou laat kry. Maar toe die Farao die groot stofwolk so agterna kyk, begin hy weer mooi dink, en hy begin besef dat hy eintlik met ‘n slap riem gevang is. Hy was woedend, en toe sit hy die Israeliete agterna in die strydwaens van sy gedugte weermag.

Vir hierdie brose volkie wat maar enkele dae oud was, was dit baie slegte nuus! Hulle was géénsins opgewasse om hulleself teen énige vyand te verdedig nie. Hulle het sékerlik geen wapens gehad nie. Hulle was waarlik 'n sagte teiken!

Maar die Here het ander planne gehad. Hy het vir die volk die rigting aangedui wat hulle moes trek deur bedags ‘n wolkmassa voor hulle te laat uitgaan. En snags was daar ‘n groot vuurbal in die lug voor hulle. Ek kan my voorstel hoe dit moes lyk - ‘n asemrowende gesig! Wat meer is: God was persoonlik in hierdie wolkkolom en vuurbal teenwoordig. In Eksodus 14:19, asook verskeie ander gedeeltes word daar gepraat van die Engel van God wat in die wolk- en vuurkolom was. Die Engel verwys na die tweede Persoon van die Goddelike Drie-eenheid, die Seun, Jesus.

Toe Farao se magte skielik agter die volk opduik, kerm hierdie mense van angs. Toe kom die Here se volgende groot wonderwerk: Hy laat die wolkmassa inskuif tussen die Israeliete (wat op hierdie stadium soos rotte teen die Rietsee vasgekeer was) en die Egiptenare. Al wat die Farao se soldate kon sien, was die ondeurdringbare, pikswart wolk-gordyn voor hulle. Aan die Israeliete se kant was die wolk egter helder verlig, en word die verhoog geskep vir nóg ‘n asemrowende wonderwerk. Moses kalmeer die histeriese mense, en dan strek hy sy hand

uit oor die see volgens die Here se bevel. Skielik steek daar ‘n oostewind op wat die berugte Kaap se Sed’oos na ‘n vulletjie laat lyk. Voor die verbaasde Israeliete se ongelowige oë maak daar ‘n wye pad oop deur die see, sodat hulle droogvoets deur kan gaan. Die res - van hoe die Here die Egiptenare verwar het, en hoedat die hele lot versuip het toe hulle die Israeliete deur die see wou agtervolg, is geskiedenis.

Vir die Israeliete was hierdie ‘n ongelooflike ervaring. Hulle het begin besef dat die Here waarlik God is. Maar die geskiedenis het ons ook geleer hoe gou hulle al

hierdie dinge, asook die talle ander wonderwerke daarna, sou vergeet en die Here verwerp. Ons weet ook dat bitter min van hierdie mense ooit die Beloofde Land gesien het, juis oor hulle ongeloof.

Paulus verduidelik nou vir die Korintiërs dat die Israeliete absoluut alles gehad het om hulle aan God te herinner, maar dat hulle een ding kortgekom het: geloof! Hulle het God uitgetart met hulle afgodsdiens. Die eerste het alreeds gebeur, slegs enkele weke na die uittog, terwyl die Here besig was om vir Moses die wet te gee op die berg Sinai. Die

volk het rondom ‘n goue kalf gedans aan die voet van die berg!

Paulus verduidelik dat selfs ons mooiste rituele, handelinge en sakramente ons nooit in die hemel kan bring nie. Slegs geloof in Jesus Christus kan dit vir ons doen.

Hy waarsku verder, dat ‘n gelowige nie maar kan lewe soos hy wil nie. Baie van die Israeliete het wél geglo nadat hulle die wonderwerke gesien het, maar later het hulle God uitgetart met afgodery, onsedelikheid (letterlik rondslapery), gedurige gemor en gekla en nog baie ander dinge.

Die vraag is: hoe moet ek my geloof uitleef? Is daar dalk ‘n gedurige ongelukkigheid oor hoe God my sake hanteer? Is daar moontlik ‘n afgodjie in my lewe, iets wat vir my belangriker is as God? Dalk sport, dobbel, drank of vriende? Of is daar dalk ‘n onsedelikheid wat my van Hom af wegdryf? Pasop dat jy nie dalk jou “kaartjie” hemel toe verloor nie!

Draai terug na God! Voordat dit dalk soos vir die Israeliete van ouds hééltemal te laat is!

**Gebed:**

**Here, ek wil vanoggend my sondes voor U voete lê**.

**Vergewe my, en help my om U voluit te aanbid.**

# 25 Nog ‘n Grote Val

## 1 Korintiërs 10:11-14

Gister het ons gelees van Moses en die Israeliete, en die wonderwerke wat hulle beleef het. Paulus sê dat hierdie verhale dien as ‘n voorbeeld vir die gemeente in Korinte. Inderdaad dien dit presies net so as voorbeeld vir ons vandag.

Ons is so geneig om die Ou Testament weg te gooi. Ons lees miskien die Psalms en Spreuke en Hooglied, maar die res vermy ons, want dit is propvol geweld en allerhande ou uitgeleefde wette. As ons byvoorbeeld Eksodus lees, dan sien ons twee dinge:

aan die een kant die Israeliete se gemor, opstand, losbandigheid, afvalligheid en ongeloof. Aan die ander kant sien ons weer God se herhaaldelike wonderwerke, liefdeshandelinge, genade en vergifnis ten spyte van die Israeliete se swak gedrag. Maar ons sien ook God se toorn wanneer dinge totaal handuit ruk en die Israeliete Hom uittart.

Dit is waarom Paulus sê: "Daarom, wie meen dat hy staan moet oppas dat hy nie val nie." (1 Kor 10:12). Ja, die Bybel en veral die Ou Testament is propvol voorbeelde van sulke mense. Die grootste (letterlik) hiervan was

seker die reus Goliat. As daar darem nou óóit 'n indrukwekkende man was, dan was dit Goliat. 'n Volle drie meter lank in sy leersandale! En sy wapenrusting was ewe-indrukwekkend. Enigeen wat dit oor sy pad sou waag, sou binne minute 'n stukkie bloederige maalvleis wees. Maar hy het die fout gemaak deur die volk van God te beledig, en so die Here uit te tart met sy arrogansie. Ons ken almal die verhaal van die jong rooigesig skaapwagtertjie wat Goliat in die stof laat byt het met 'n enkele klippie uit sy slingervel.

Goliat is nie die enigste groot held wat geval het nie. Inderdaad laat sy val ons juig, want hy was Goddeloos. Maar dan lees ons later van die geliefde Dawid se val. Die einste Dawid wat vir Goliat laat sneuwel het was later daardie wonderlike koning wie se liedere ons vandag nog in die kerk sing, en wie se gedigte ons so graag lees. Dawid het uitgestyg as ‘n geloofs-reus, waarlik iemand wat God liefgehad het. Maar dan sien ons hoe hy baie hard tot ‘n val kom, as hy van sy balkon af ‘n beeldskone vrou sien bad. Dawid het net een ding op die brein gehad, en uiteindelik lei dit tot ‘n lafhartige

moord. Dawid het gedink hy staan, maar hy het geval - sommer baie hard! Sy seun, Salomo, het dieselfde lot getref. Hy was ‘n ware man na God se hart, en hy het die verruklike liefdesboek, Hooglied in die Bybel geskryf. Weereens was dit sy groot liefde vir vroumense wat sy ondergang veroorsaak het. Salomo se duisend vroue het uiteindelik gelei tot afgodery. En hy het hard geval!

‘n Klompie jare voor hierdie gebeure was dit weer die groot kragman, Simson. Hy het sy lewe aan God gewy, maar toe hy deurmekaar raak met ‘n heidense

vrou, was sy val weereens baie groot. Sy oë is wreedaardig uitgesteek, en vir die res van sy dae moes hy die werk van ‘n donkie doen in ‘n kerker. Sy dag het egter gekom ná sy berou, en met sy reuse krag het hy die tempel van Dagon laat ineenstort op ‘n horde mense wat besig was om God te verkleineer.

Daar is nog talle sulke voorbeelde van groot pilare wat gedink het hulle staan, en toe val hulle eintlik. Die interessante is dat hulle val gewoonlik eenvoudige versoekinge van die lewe was. Nie een van hierdie helde is bo hulle krag beproef nie. Hulle was

almal gedryf deur die een of ander sondige begeerte. In die musiekblyspel “My Fair Lady” sing die een karakter: “*The Lord above gave liquor for temptation, to see if man can stay away from sin. But with a little bit of luck, when temptation comes, you’ll step right in!*” Hierdie is presies hoe baie mense die versoekings van die lewe sien - hulle gaan soek hulle eintlik! “God sal nie toelaat dat jy bo dit waartoe jy in staat is getoets word nie”, sê Paulus in 1 Kor 10:13. Hy gaan voort deur te sê dat God selfs ook die uitkoms sal gee as sulke dinge oor jou pad kom.

As gelowige raak ek en jy dikwels té gerus. Ons begin ons totale afhanklikheid van God vergeet, veral wanneer dit die dag begin goed gaan. Jy begin vergeet om gedurig in gesprek met Hom te wees, en dan begin jy op jou eie krag vertrou - jy het immers baie daarvan! En dit is net dáár waar die groot val begin, want jy dink dat jy hierdie ou versoekinkie wat oor jou pad kom baie maklik self kan oplos. "*With a little bit of luck - when temptation comes, you'll step right in!*" Oor die afgelope paar jaar het ons keer op keer gesien hoe groot steunpilare, rolmodelle van die samelewing, selfs predikante tot 'n groot val

gekom het toe hulle van God vergeet het, en hulle in die versoekings verlekker het.

Paulus maan die Korintiërs om weg te bly van afgodery. In daardie tyd was dit die grootste versoeking. Vandag se “afgodery” is baie meer subtiel. Seks, drank, dobbel, sport, ja selfs ons geliefde spel, rugby kan ‘n afgod word! Leef naby aan God, in volle afhanklikheid aan Hom, en jy sal veilig wees, selfs wanneer die versoekings oor jou pad kom.

**Gebed: Here, ek laat myself so maklik in die versoeking lei. Hou asseblief my hand styf vas, en lei my daardeur.**

# 26 Verhoudingsmaaltyd

## 1 Korintiërs 10:14-22

Oor die vraag oor hoe ver ons Christelike vryheid strek, het ons vir mekaar gesê dat God alles heilig geskep het, en dat ons nie om Godsdienstige redes sekere soorte kos hoef te vermy nie, selfs al is dit oorspronklik bedoel as afgodsoffers. Maar wat van afgodsdiens? Hoe moet ek daarteenoor staan? In Paulus se tyd was afgodery die algemene praktyk vir die mense van Korinte, en die Christene was maar ‘n baie klein minderheid. Paulus se baie duidelike waarskuwing aan die gemeente is dat hulle niks te

doen moes hê met enige vorm van afgodsdiens nie.

Dit klink mos vanselfsprekend, maar dit was nie heeltemal so eenvoudig nie. Groot heidense feesgeleenthede waaraan die hele stad deelgeneem het, was ‘n alledaagse ding. Soos wat ons byvoorbeeld Kersfees sou vier, so sou hulle ‘n heidense fees ter ere van die een of ander afgod vier. Dan was daar boonop nog al die gereelde kultiese maaltye waar nuwe vriendskapsbande gesmee word en besigheidskontakte uitgeruil word, alles ter ere van die afgod, terwyl almal jolig feesvier.

Die Christene in Korinte was hierdie dinge gewoond. Dit was immers alles deel van hulle lewe voordat hulle gelowig geword het. Wat sou nou skielik daarmee fout wees? Wat is fout met ‘n lekker maaltyd en ‘n bietjie joligheid? Die probleem is dat dit ‘n driehoekige gemeenskap tot stand bring, waar die gelowiges, die ongelowiges en die bose geeste of afgode die drie elemente vorm. Géén gelowige kan staande bly as hulle deel vorm van so ‘n gemeenskap nie.

Paulus tref nou ‘n vergelyking met die Nagmaal, waar daar óók ‘n driehoekige gemeenskap ter

sprake is. Hier is dit egter ek as gelowige wat die eerste element is. Saam met my is daar die ander gelowiges en natuurlik Jesus Christus, wat die derde element vorm.

Die vraag is: Wat gebeur eintlik wanneer ons Nagmaal gebruik? Wanneer ek uit die beker drink, word die dinge wat met Jesus gebeur het tydens Sy kruisiging, die versoening met God en die vergifnis van sonde, as’t ware oorgedra aan my. Daar kom dus ‘n gemeenskap met die bloed van Christus tot stand.

Die brood het ook verdere simboliese betekenis. Wanneer

daar in Paulus se tyd brood gebreek is, is dit gewoonlik gedeel met iemand anders. So byvoorbeeld het Jesus die brood gebreek, en is dit uitgedeel aan die groot skare mense wat rondom Hom gesit het. Om so saam te eet, bind mense tot ‘n eenheid. In die Nagmaal werk dit op dieselfde manier: ons deel die brood met mekaar, en daar kom dan ‘n onderlinge gemeenskap met mekaar tot stand. Ons word dus in ‘n intieme verhouding aan mekaar verbind. Maar dit strek verder, want terselfdertyd kom daar ook ‘n gemeenskap met die liggaam van Christus tot stand. Soos ons vroeër genoem het,

word hier ‘n driehoekige verhouding gevorm, want nie alleen is my gemeenskap met Christus ter sprake nie, maar is dit ek, Jesus en my medegelowiges wat almal saam in ‘n hegte verhouding gebind word tot ‘n eenheid van liefde.

‘n Tweede voorbeeld wat Paulus gebruik om hierdie eenheid te verduidelik, is die offers wat die Joodse volk gebring het. Wanneer iemand ‘n offer tempel toe bring, het die priester dit ontvang. ‘n Deel van die dier is geoffer aan God. ‘n Tweede deel het aan die priester gegaan, en die derde deel het gegaan aan

die persoon wat die offer gebring het. Dit is gewoonlik dan tydens ‘n feestelike geleentheid gaargemaak en saam met familie geëet. Daar het dus ‘n driehoekige deelname plaasgevind: God, die priester en ek. Net so is die Nagmaal nooit slegs tussen my en God nie, maar sluit dit altyd medegelowiges in. Ek kan nie op my eie Nagmaal vier nie!

Daar is egter sekere gevolge vir hierdie verhouding. Ons besef almal dat Christus sondeloos, heilig en sonder enige vlek is. Omdat die Nagmaal ons saam met Hom in ‘n verhouding bind,

veronderstel dit dus ook dat ons as gelowiges ‘n sondelose en heilige lewe sal nastreef. Ons is immers brokstukke uit een brood, die liggaam van Christus!

Paulus sluit af met ‘n vraag: “Het ‘n afgod ooit enige betekenis?” Natúúrlik nie! Hulle is verdigsels van die duiwel. Deur met afgodery te heul, beteken egter dat jy met die duistere dinge van die duiwel deurmekaar raak. Ons weet natuurlik dat die duiwel die vyand van God is. Om dus deel te hê aan enige goddelose dinge waarmee die wêreld hulle besig hou, en om saam met die goddelose partytjies te hou en

fees te vier, is om lof te bring aan die vyand van God, die duiwel. As jy deel hiervan is, durf jy dus ook nie deel hê aan die Nagmaal nie, want dan besoedel jy die heilige gemeenskap tussen gelowiges en Jesus. Jy verbreek die nagmaalsdriehoek!

Kom ons hou hierdie verhouding suiwer en heilig, soos Jesus dit beplan het.

**Gebed:**

**Here, help my asseblief om weg te bly van goddelose praktyke en verhoudings.**

# 27 Misbruikte Vryheid

# 1 Korintiërs 10:23-11:1

Ek woon eenmaal ‘n Sinodevergadering by in Pietermaritzburg. Toe ons ‘n blaaskans kry tussen besprekings, stap ek uit op die stoep om vars lug te kry. ‘n Vooraanstaande dominee kom staan langs my, grawe sy pakkie sigarette uit, en weldra staan die blou rookdampe. Ek voel hoe die beklemming om my bors my vasgryp. Binne sekondes is my neus bot-toe, en sit ek met ‘n kloppende hoofpyn. “Waarom moes die man hier in die openbaar kom staan en rook?

Neem hy dan nie enigsins ander mense in aanmerking nie?" wonder ek as ek probeer wegkom uit die kloue van die verstikkende rookwalm.

"Alles is my geoorloof," sê die mense van Korinte vir Paulus. Dit is 'n tipiese Korintiese spreuk. En dit geld veral vir die gelowiges, want hulle is mos nou vrygemaak! Of hoe?

"Ja", sug Paulus, "dit mag dalk so wees, maar beslis nie alles is heilsaam of opbouend nie!"

Is dit sonde om te rook? En wat van alkohol? Is dit sonde om 'n wyntjie of wat te drink?

Nou steek ek seker my kop behóórlik in ‘n byenes. Ek het self baie jare gelede gerook, en ek weet wat dit aan jou gesondheid doen. Toe dit my gesondheid begin aantas, het ek opgehou. Is dit dan sonde? Enigiets wat jou liggaam, die tempel van God benadeel, is sonde. Net so is dit sonde om verkeerd te eet of om jou te buite te gaan met kos. Om te veel wyn te drink is om dieselfde rede sonde. Die feit is dat ons nie net een enkele daad kan uitsonder en sê: “Hierdie ding is nou sonde!” nie.

As ons egter iemand anders benadeel deur ons daad, dan

begin die rooi ligte baie helder flikker. Rook is ongelukkig een van daardie dinge wat ander mense se gesondheid ook kan benadeel. Dit is veral as jy in die geselskap van kinders rook, waar jy groot skade kan veroorsaak aan hul gesondheid. “Maar ek rook nie naby ander mense nie,” sou jy dalk sê. Baie bedagsaam van jou, maar besef jy hoe jy ruik na ‘n rooksessie? Ek deins dikwels terug as ek naby ‘n roker kom.

Nee, ek wil nie die rookgewoonte uitsonder nie, maar ek gebruik dit bloot as ‘n voorbeeld. Daar is baie ander soortgelyke dinge wat

jou medemens kan benadeel, en waarvan jy liefs moet wegbly, al sien jy dit nie as sonde nie.

Paulus noem weer die voorbeeld van die eet van offervleis. “Eet gerus alles wat in die slaghuis verkoop word,” sê Paulus. Daarmee bedoel hy dat die deel van vleis wat priesters kry nadat ‘n afgodsoffer gebring is, dikwels in die slaghuis verkoop is. Jy is dus nooit seker wat jy koop nie, en jy kan netsowel ‘n lekker biefstuk koop wat eintlik deel was van ‘n afgodsoffer. Paulus verduidelik dat dit nie saak maak nie, want alles behoort immers aan die Here.

As jy egter by vriende sou eet, en hulle verduidelik vir jou dat hierdie kos eintlik deel is van ‘n afgodsoffer, dan is dit beter om te sê: “Nee dankie!” Waarom? Sal die vleis dan ‘n slegte uitwerking op jou hê? Nee, dit is nie waaroor dit gaan nie. Deur so ‘n handeling wil jy bloot vir die mense sê: “Ek aanbid God alleen, en ek wil niks met afgode te doen hê nie.” Indien die ander persoon ‘n gelowige is wat dalk nie so sterk staan in sy geloof nie, versterk jy op hierdie wyse sy geloof.

As gelowige het ek ‘n wonderlike nuwe vryheid. Ek word nie meer beperk deur allerhande wette wat

nagekom moet word sodat ek die saligheid kan verwerf nie. Jesus het alreeds betaal vir alles, en ek kan die vryheid geniet. Maar soms vra dit van my as gelowige om daardie vryheid vrywilliglik te beperk ter wille van ander mense.

“Waarom?” wil die Korintiërs van Paulus weet. “Waarom moet ek dan nou my vryheid prysgee oor iemand anders se gewete?”

Moontlik kan ek ‘n voorbeeld gee: ‘n Mammie stap met haar kleuter deur ‘n parkie. Die outjie is uitbundig, en hy hardloop wild rond en skree en sing uitgelate. Daar is absoluut niks mee verkeerd nie. As dieselfde

mamma haar kleuter deur ‘n hospitaal se voorportaal neem, is dit ‘n héél ander situasie. Hy word in toom gehou, en hy mag nie “Kwê” sê nie. Waarom? In die voorportaal sit ‘n ou tannie op krukke, iemand wat krul van pyn, iemand wat ernstig siek is en iemand wat pas gehoor het sy geliefde het gesterf. As die kleuter vryheid gegee word om homself daar te buite te gaan, sou dit ‘n paar mense baie irriteer, en sou hierdie “swak” mense nog meer ly.

Alles kom dus net weereens neer op liefde. Wees vir jou naaste net so lief soos jouself. As jy dus

rook, is dit ‘n saak tussen jou en God. Belangriker is egter dat jy ons arme ouens wat met sinus en asma sukkel, en veral die kindertjies in ag sal neem, en liewer jou vryheid opgee en gaan rook waar jy niemand pla nie. En wanneer iemand met ‘n alkoholprobleem by jou kom eet, dan bêre jy liewer die botteltjie heerlike rooiwyn diep weg!

**Gebed:**

**Here, gee my asseblief die wysheid om te sien waar ek dalk iemand anders kan benadeel, en die vermoë om altyd ander se belange eerste te stel.**

# 28 Die Hoed, O die Hoed!

## 1 Korintiërs 11:2-16

Ek neem stelling in agterlangs in die kerk sodat ek die modeparade mooi kan sien. Daar heers ‘n doodse stilte, en al wat jy hoor is iemand met ‘n lastige kuggie en ‘n kerkbank wat oorverdowend kraak as groot ou Tant Siena haar sit kry. Sy het vandag ’n pienk hoed op, soos sy vir die afgelope twintig jaar al dra. Dit is net dat die rand van die hoed elke jaar wyer raak soos wat sy wyer raak - seker maar vir balans. Een-vir-een kom die skeppings in die middelpaadjie afgesweef. Daar is anties met plêstiek

blommerangskikkings, en plêstiek vrugterangskikkings, en alles word kunstig op die kop gebalanseer. Hoeveel haarnaalde hou sommige van die reuse rangskikkings bo? Kan mos gevaarlik wees! Dan is daar natuurlik nog die wawiele (weë jou as jy agter haar beland!) die kunswerke, die spinnerakke en die visnette. Een ou antietjie dra ‘n dotjie op die kop wat dateer uit die eerste wêreldoorlog. Die motte het al ‘n paar happe daaruit weg, maar dit pla haar nie, solank sy tog maar net ‘n hoed op het!

Tant’ Driekie het ‘n lang swart rok aan, toegeknoop tot onder haar

ken, met ‘n somber swart tjalie, ‘n swart hoed op die kop en ‘n swart sluier oor haar gesig. En dan rond sy dit alles af met ‘n paar swart handskoene. Ek kry haar so jammer, sy rou verskriklik!

Natuurlik dra die manne ook almal hoede, want dis mos mode. Maar voor hulle die kerk se deure instap word die hoed eerbiedig afgehaal, soos dit ‘n man betaam. En dan, as hulle by die loodglasvenster verbystap, dan blink die son in helder kleure op hulle bleskoppe. Géén man, selfs nie eers die jong rebelle nie, het dit durf waag om lang hare te dra nie, want dit is on-Bybels. Dalk is

dit een van die redes waarom Elvis in kerkkringe so sterk veroordeel is.

Ek begin giggel toe Tant’ Sannie en Oom Joorsie die kerk instap. Sy is groot en sy het ‘n paar voorarms aan haar wat ‘n rugby voorspeler sal beny. Sy laat hom voorloop om die regte bank te soek, maar as die arme man per ongeluk die bank verby stap, koes hy al outomaties, want hy weet wat kom. Ja, almal weet wie baas is in daardie huis! Arme Oom Joorsie! Ôk maar ‘n hondelewe!

Onthou jy nog? Foeitog, die arme jonger mense het so baie gemis in die lewe!

Paulus het seker nooit besef wat hy aan die mensdom gedoen het toe hy 1 Korintiërs 11 geskryf het nie. Hierdie gedeelte is baie letterlik opgeneem om presies nét so vandag toegepas te word.

Die feit is egter, dat as Paulus so ‘n bietjie verder sou gaan, en hy sou beskryf watter klere betaamlik is vir ‘n man om te dra, dan sou ons manne almal vandag rokke moes dra! En as ons aan sport sou deelneem sou ons dit poedelnaak moes doen. Dankie

tog dat hy by die hoofbedekking gestop het!

Ek dink almal het al besef dat ons nie Paulus se voorskrifte letterlik moet opneem vir ons lewe vandag nie. Maar waarom is hierdie gedeelte dan vandag steeds vir ons opgeteken? Kan ons óóit enige waarde daaraan heg?

Die agtergrond van dit alles is, dat alle betaamlike vroue in daardie tyd 'n hoofbedekking gedra het, en respektabele vrouens se hare was altyd lank as 'n simbool van haar vroulikheid. As 'n vrou in 'n buite-egtelike verhouding betrokke sou raak,

dan is haar hare afgeskeer om te wys dat sy skande gemaak het. Paulus wil met hierdie gedeelte sê dat die Christene nie moet probeer om die hele sosiale orde omver te gooi nie, al het hulle Christelike vryheid. Leef steeds soos wat die samelewing betaamlik vind. Sodoende kry jy die respek van nie-Christene. In vandag se terme sal ons byvoorbeeld sê dat dit doodnormaal is om op die strand in swemklere te lê. As jy egter in jou werkplek in 'n bikini of speedo opdaag, is dit onbetaamlik!

'n Ander voorbeeld sou wees, as jy by 'n groot maatskappy sou

begin werk, en dinge lyk nie vir jou baie lekker nie. Dit sou uiters dwaas wees om sommer met die intrapslag dinge te probeer verander. Jy gaan nêrens kom nie, en dalk selfs jou werk verloor, én jou kans om dinge reg te stel! Wen eers almal se vertroue deur ‘n groot bate vir die maatskappy te wees, en dan kan jy begin om stap-vir-stap met die base te gesels oor wanpraktyke.

Wat dan nou van die “baasskap” van die man oor die vrou? Nee, Paulus sê nêrens dat hy die “baas” moet wees nie! Hy is die hoof. Die man is geprogrammeer om die hoof te wees, maar dit

beteken nie dat die vrou ondergeskik aan hom moet wees nie. In Galasiërs 3:28 sê die einste Paulus immers dat almal, mans sowel as vrouens één is in Christus. Mans en vrouens is verskillend van mekaar, en elkeen het sy eie nis. Die man is egter die een wat gewoonlik die leier is in die huwelik. Maar dan ‘n leier soos wat Christus was, ‘n dienende leier, wat in groot liefde leiding neem sonder om te oorheers.

**Gebed:**

**Here, help my om so te leef dat ek nooit iemand anders aanstoot gee nie.**

# 29 Hoe vier ons Nagmaal?
# 1 Korintiërs 11:17-26

Vanoggend s'n is 'n baie eenvoudige onderwerp - altans op die oog af. Ons ken almal die gebruike rondom die Nagmaal, en die betekenis daarvan. Wel, dit is wat ons dink, maar dit is gladnie so eenvoudig soos wat dit wil voorkom nie. Waarom vier ons die Nagmaal soos ons dit vandag doen, en waar kom die gebruike vandaan?

Daar is die bekende storietjie van die dogtertjie wat staan en kyk het hoe haar ma 'n hoender gaarmaak. "Ma, waarom breek mammie die vlerkies af?" wou sy

weet. “Omdat my mamma my so geleer het”, antwoord die ma. Kort daarna vra die dogtertjie vir Ouma waarom ‘n mens die hoender se vlerkies moet afbreek as jy hom gaarmaak, en weereens kom die antwoord dat sy dit van haar ma geleer het. Toe die dogtertjie uiteindelik die geleentheid kry om met Ouma Grootjie te gesels, is sy baie nuuskierig oor hoekom Oumagrootjie dan vir Ouma en Mamma so geleer het. “Nee, my kind”, kom die bewerige ou stemmetjie, “Daardie jare was my kastrol te klein, en ek moes eers die vlerkies afbreek om die hoender te kon inpas.”

Ek het nou ook maar altyd aangeneem dat die Nagmaal vandag so gevier word omdat die vroegste kerk dit so gedoen het. Ek was verkeerd!

Ons weet natuurlik dat die Nagmaal sy oorsprong het by die aand voor Jesus se kruisiging, toe Hy en Sy twaalf dissipels saam die Paasmaal geëet het. Etlike jare later lei ons af uit Paulus se brief aan die Korintiërs dat die gelowiges gereeld 'n gemeenskaplike maaltyd gehou het, waar die gemeentelede hulle kos en wyn saamgebring het na die erediens om dit saam te geniet, en so ook die Nagmaal te

vier. Dit was nie maar ‘n simboliese maaltyd met ‘n flentertjie brood en ‘n paar druppels wyn nie, maar ‘n behoorlike maaltyd.

Meer as ‘n duisend jaar het verloop voordat daar weer behoorlik na die gebruik rondom die Nagmaal gekyk is. Intussen het die Roomse kerk die mis gehad waar ‘n vorm van daaglikse nagmaalviering betrokke was. Toe Martin Luther in 1517 sy 95 stellinge van hervorming teen die kerkdeur in Wittenberg vasgespyker het, het dinge begin verander, maar die Nagmaal het baie dieselfde gebly.

Zwingly (nog ’n groot Hervormer) het ’n paar jaar later eers voorgestel dat dinge moes verander. Uiteindelik was dit Calvyn wat ‘n behoorlike uiteensetting van die nagmaalsgebruike ingestel het. Volgens hom moes dit elke week gevier word, want Woordverkondiging moet gepaard gaan met Nagmaalsviering. Om praktiese redes het die weeklikse viering later maandeliks en later kwartaalliks geword. Verder het die hele karakter van Nagmaalviering ook deur die jare verander. Wat oorspronklik ‘n vreugdesmaal was, het

stelselmatig verander in een van rou en droefheid.

Selfs in ons eie Afrikaanse geskiedenis het die gebruike rondom Nagmaal oor die afgelope 100 jaar drasties verander. Destyds het ‘n Nagmaal maklik twee weke geduur. Boere het van heinde en verre gekom en op die dorpsplein uitgekamp. Daar is gekatkiseer, getrou, kerkgehou en Nagmaal gevier. Selfs toe ek nog kind was, was Nagmaal steeds ‘n baie groot geleentheid, wat ‘n hele naweek geduur het. Vrydagaand was dit die voorbereidingdiens. Sondagoggend Nagmaal, die

middag nabetragting en Sondagaand danksegging. Vandag het dit totaal afgewater, en ek dink ons maak gans te min daarvan! Die wonderlike simboliek van Nagmaal gaan dikwels by ons verby, omdat dit dikwels slegs ‘n noodsaaklike ritueel en ‘n stukkie onverstaanbare tradisie geword het wat in ‘n vlietende oomblik tydens ‘n doodgewone erediens verbyvlieg.

Hoe ons Nagmaal moet vier, word ongelukkig nêrens in die Bybel vir ons uiteengesit nie. Paulus het juis in Korinte ‘n groot probleem gehad, omdat hulle

nagmaalsviering totaal handuit geruk het. Sommige mense het hulleself totaal te buite gegaan met kos en wyn, terwyl ander moes honger ly. Dit het die hele gees van Nagmaalviering totaal doodgemaak. Paulus se eenvoudige riglyn vir wat moet gebeur, beskryf hy in 1 Kor 11:23-26, waar hy bloot verduidelik dat die Here op die laaste nag die brood saam met Sy dissipels gebreek het en vir hulle gesê het dat dit Sy liggaam is wat gebreek is vir hulle, en dat hulle dit moes gebruik tot Sy gedagtenis. Toe het Hy die beker met wyn omgestuur en verduidelik dat dit die nuwe verbond is wat deur Sy bloed

beseël is, en dat hulle dit tot Sy gedagtenis moes gebruik.

Wat maak ek en jy met hierdie gedagtenismaaltyd? Is dit nog vir ons ‘n besonderse vreugdemaal ter ere van Hom? Of is dit dalk maar net ‘n stukkie onverstaanbare tradisie? En Ds./Pastoor, wat maak jy om vir jou gemeente die Nagmaal ‘n besonderse belewenis te maak? Het dit vir jou ook maar net ‘n formaliteit geword wat afgehandel moet word, of is dit iets wat jou laat bewe van opwinding, en doen jy spesiale moeite om dit vir jou gemeente ‘n wonderlike belewenis te maak?

**Gebed:**

**Here, so dikwels het Nagmaal al by my verbygevlieg. Help my om dit weereens te beleef as iets baie spesiaal.**

# 30 Geestesgawes

## 1 Korintiërs 12:1-11

Van kleintyd af was ek nog altyd geweldig gefassineer deur die natuur. Jy het dit sékerlik al agtergekom uit my skrywe. As klein seuntjie was ek in verwondering oor die brute krag van ‘n eenvoudige miskruier. Ek kon vir ure hierdie besies dophou en hulle krag toets. Ek het hulle soos osse ingespan aan ‘n garingdraadjie voor ‘n vuurhoudjiedosie gelaai met klippertjies. Niks was ooit te swaar vir hierdie goggas om te trek nie. In die plaasdam was dit weer die eenvoudige ou

platannas wat my in verwondering gehad het. Hierdie glibberige paddas het die vermoë om hulleself uit feitlik enige situasie uit te wurm. As jy hom probeer vasvat, dan skop hy vas met sy skerp naels en wurm sy glibberige slymlyf uit jou greep.

In die randjies was dit weer die ribbokke wat my verbeelding aangegryp het. Ek het my oopmond staan en verwonder hoe hy vlugvoetig op volle vaart teen die gevaarlikste hellings hardloop op die randjie van duiselingwekkende kranse. Nooit het een van hulle ooit gegly en geval nie. O, daar was baie meer

wondere as wat my verstand kon opneem. Daar was die sonbesies wat so verskriklik hard kon skree, maar terselfdertyd totaal verdwyn. Jy moes baie goed wees om hom op te spoor. Die otter wat net eenvoudig onder die water verdwyn en wegkruip dat g'n mens hom kan kry nie.

As ons met hierdie onderwerp begin, dan is daar geen einde nie. Die wonder van hoe elkeen van die diere "aangepas" is om sy nis in die lewe te vul, verstom my keer op keer. Ons kan dalk 'n groot debat oor hierdie een voer, maar ek glo steeds dat dit nie "aanpassing" is nie, maar een van

die talle wonders van die skepping.

Vanoggend gesels Paulus met die Korintiërs oor ‘n baie soortgelyke onderwerp: die sogenaamde “Gawes van die Gees”. Hieroor is daar al heftig gestry, debat gevoer en verwyte geslinger. Baie mense is jaloers op gawes wat ander het, en wat hulle nie kon kry nie. Maar kom ons gaan kyk wat Paulus hieroor te sê het.

As aanloop begin hy deur te sê wat NIE gawes van die Gees is nie. Ons moet die agtergrond verstaan om te begryp wat Paulus eintlik bedoel. Die gebruik in die heidenwêreld van Korinte

was dat die priesteres in die Apollo tempel in vervoering geraak het deur Lourier- of Beukeblare te kou en kruierook in te asem. Dan het sy ‘n brabbeltaal gepraat wat deur ‘n priester uitgelê en in versmaat neergeskryf is. Dikwels is die Here vervloek in hierdie brabbeltaal. Paulus waarsku baie sterk dat gelowiges baie versigtig moet wees, en moet seker maak dat sulke ongewone tale werklik van die Heilige Gees kom en nie van die bose nie. Geestesgawes moet te alle tye op só ‘n wyse beoefen word, dat dit mense onder die heerskappy van God plaas. As hierdie kriterium nie

nagekom word nie, is daar baie groot fout.

Maar wat is hierdie “Gawes van die Gees?” In die eerste plek moet ons beklemtoon dat, net soos wat daar in die natuur so ‘n geweldige verskeidenheid van wonderlike gawes is, daar vir ons as gelowiges ook ‘n ryke verskeidenheid van gawes beskikbaar is. Ons kan nie gawes op iemand afdwing nie, soos wat dit dikwels die geval is. En ons durf ook nie jaloers raak op die gawes wat iemand anders ontvang het nie. Elkeen se gawes pas by sy persoonlikheid en omstandighede.

Paulus praat van drie tipes gawes. Dié wat hy noem, is egter slegs enkele voorbeelde.

Die eerste is gawes van die verstand, byvoorbeeld wysheid en kennis. Ek staan dikwels verstom oor die kennis wat sommige mense het van die Bybel, en hoe hulle die agtergrond van die Bybelgeskiedenis lewendig kan maak.

Die tweede groep gawes wat Paulus noem, is dié van wonderwerke. Hier is die gawe van besonderse geloof, dié soort wat letterlik berge kan versit,

asook die gawe van genesing ter sprake.

Die derde groep gawes is dié van spraak. Daaronder sorteer die gawe om te kan preek, oftewel die boodskap verkondig. Saam daarmee die gawes om ‘n boodskap te kan beoordeel, ongewone klanke en tale te kan praat, en om dit te kan uitlê.

Dit is belangrik om te onthou dat jy nie ‘n ander durf veroordeel oor ‘n gawe wat hy gekry het nie, of dalk jaloers soek om ook dieselfde gawe te kan kry nie. Dit is ewe belangrik dat jy die geestesgawe wat die Heilige Gees jou gegee het, hoe gering

dit ookal mag voel, moet gebruik met ál jou mag tot eer van God. Onthou ook dat jy te alle tye hierdie gawe gebruik in volle afhanklikheid van God.

Dit is ook belangrik dat jy jouself nooit óóit verhewe durf sien bo ander wat nie jou spesifieke gawe het nie. Ek het al so dikwels gehoor dat iemand neerhalend sê dat iemand wat nog nie in tale gepraat het, nie vervul is met die Heilige Gees nie. Dit is geestelike hoogmoedigheid!

Ons mag nie die een gawe bo 'n ander verhef nie! Elkeen is ewe belangrik.

**Gebed:**

**Here, help my asseblief om my gawes met groot oorgawe, en in totale afhanklikheid van U te gebruik, tot eer van U grote Naam.**

# 31 Verhewe Gawes

# 1 Korintiërs 12:12-26

Het jy al ‘n slaggie mooi na die natuur gekyk, en gesien waar elkeen inpas? Kyk jy na ‘n suksesvolle ekosisteem soos die Kruger Wildtuin, dan staan jy verstom oor hoe elke ratjie sy presiese plek het. Daar is ‘n uiters fyn balans regdeur die stelsel. Die ou heel grote, die olifant, sorg dat die bos nie te wild groei nie, en dat daar darem oop kolle is vir gras om te groei. Buffels, in hulle reuse troppe, hou weer die lang gras in toom, sodat die ander grasvreters soos sebras en blouwildebeeste kort gras het om

te kan vreet. Leeus hou die getalle van rooibokke, buffels en sebras onder beheer. Bosluise sorg dat ou en swak diere vinnig verder verswak, wat maak dat hulle maklike prooi word vir veral kleiner roofdiere. En so word die trop gesond en paraat gehou sodat slegs die beste gene oorgedra word. Eintlik is dit baie meer ingewikkeld as hierdie vereenvoudiging. Die natuur is soos ‘n baie delikate horlosie met fyn en uiters ingewikkelde ratwerk. As een enkele ratjie verwyder word, dan is die hele horlosie in die moeilikheid! Dan kan hy nie behoorlik funksioneer nie. En as een rat toegelaat word

om te groot te word, dan word die balans ook versteur, soos wat soms gebeur met die ontploffing van olifantgetalle. Die ganse bos word dan bedreig!

Die kerk van Christus is ‘n ewe-delikate klokwerk wat baie fyn gebalanseer is deur ‘n groot verskeidenheid ratjies van verskillende formate en groottes. Hierdie klokwerk kom op baie verskillende terreine voor. Nie alleen bestaan die kerk uit ‘n groot verskeidenheid nasionaliteite, etniese groepe, kleure, tale, volke, ryk en arm nie, maar daar is ook ‘n groot

verskeidenheid aanbiddingstyle onder gelowiges.

Gister het ons gesels oor die verskeidenheid van Geestesgawes. In vandag se gedeelte wil Paulus illustreer dat al die verskillende gawes tóg ‘n eenheid vorm.

Iemand was eenmaal baie geskok omdat ek die kerk met diere of die natuur probeer vergelyk het. Paulus het ‘n ewe skokkende stelling gemaak vir die Korintiërs, deur die Geestesgawes te vergelyk met die liggaam. Skokkend, want die Korintiërs het die liggaamlike absoluut verag! Die gemeente in

Korinte het egter ‘n ander probleem gehad, om een van die Geestesgawes te verhef bo al die ander, en hierdeur ‘n wanbalans te veroorsaak. Die gawe wat hulle so hoog geag het, was die gawe van spraak. Met hierdie gawe was jy verhewe bo die res, want dan het jy die klinkklare bewys gehad dat jy die Heilige Gees in jou het en dat jy deur die Gees praat. Die res was op ‘n laer vlak, dus wou almal slegs die gawe van spraak beoefen. Sodoende het daar ‘n wêreldse klasseskeiding in die gemeente ontstaan. Dit het só erg geraak, dat mense met hierdie gawe hulleself eksklusief as Christene

beskou het. Dit het ‘n soort modegier geword.

Daarom het Paulus hierdie absurde vergelyking gemaak met die liggaam, om te wys hoe belaglik hulle handeling werklik is. ‘n Liggaam bestaan uit baie ledemate, verduidelik hy, en as die liggaam slegs uit een eksklusiewe ledemaat bestaan het sou dit net eenvoudig nie kon werk nie. As die hele liggaam byvoorbeeld net oog was, sou dit ‘n tragedie wees, want hoe sou jy kon hoor sonder die “minderwaardige” oor? Dit sou ‘n baie vreemde en beslis bizarre situasie afgee.

Op dieselfde wyse is daar ‘n groot verskeidenheid geestelike gawes nodig om die “liggaam” van die kerk behoorlik te kan laat funksioneer. En die een is nie verhewe bo die ander nie. As almal byvoorbeeld net wou profeteer en in tale praat, sou daar ‘n reuse wanbalans in die kerk wees. Verséker is hierdie gawes belangrik, maar ons moet versigtig wees om nie ‘n enkele gawe uit te sonder en dit te verhef bo die ander nie.

Daar is egter ‘n ander gevaar wat die kerk bedreig, wanneer die een gawe bo die ander verhef word, en dit is geestelike hoogmoed. In

Korinte het die rykes en vernames op die “onaansienlikes” neergesien. Die rykes was uiteraard die slim en geleerde mense, en vir die armes wat nie opleiding kon bekostig nie, was dit ook nie beskore om die nuwe gier van spraak-gawes te bemeester nie. “Ek het jou nie nodig nie”, sê Paulus, is die reaksie van die rykes teenoor die armes, omdat hulle nie die eksklusiewe gawes het nie.

Paulus raak amper banaal as hy steeds die liggaamsdele met mekaar vergelyk, en dan tot die slotsom kom dat die dele waaroor ons nie eers wil praat nie, nét so

‘n belangrike plek inneem as die hoogverhewe oog.

Ek is al verskeie male aangeval omdat ek sekere Geestesgawes nog nie “bemeester” het nie. Ek is dolgelukkig met dit wat die Here my gegee het, en ek gun elkeen die gawes wat hy gekry het, en is saam met hulle bly daaroor. Moenie dat ons op mekaar jaloers raak of dat ons onsself verhef bo iemand anders nie. Onthou altyd waarvandaan jou gawes kom, en leef in afhanklikheid van God!

**Gebed:**

**Dankie vir die gawes wat U my gegee het, Here. Help my om dit in nederigheid te gebruik.**

# 32 Gebruik Jou Gawes

# 1 Korintiërs 12:27-31

Dis Geloftefees op Waterval Boven. Buite die dorp, teen ‘n koppie staan die Geloftesaal, ‘n sinkafdak wat regdeur die jaar verlate staan, maar op 14 Desember, twee dae voor Geloftedag, is daar skielik lewe. Al wat leef en beef trek daar saam vir die fees van alle feeste, en die aanloop tot daardie gewyde dag, is ’n reuse plesierigheid. Daar word vleis gebraai, toesprake gehou, gesing en speletjies gespeel vir ‘n vale. Op die 15de bereik alles ‘n hoogtepunt, en dit was veral vir

ons kinders vet pret met al die Boeresport. Toutrekspanne het mekaar die stryd aangesê. Spanwerk was hier van baie groter belang as die brute krag wat in sekere spanne was. As ’n span goed georganiseer was, het hy die grootste bulle in die stof getrek. Maar dan was daar ook nog die sakresies, eier-in-die-lepel resies, en dan die moeilikste van almal, die driebeenresies. Hierdie een verg van jou saamwerk soos min met jou spanmaat. Jou regterbeen word aan sy linkerbeen vasgebind, en dan moet julle soos een man reageer. As julle bene nie eenhonderd persent saamwerk

nie, gaan julle in die stof byt. Letterlik!

Paulus is steeds besig met die Geestesgawes, en hy wil wys dat, alhoewel daar ‘n verskeidenheid is, hulle tóg ook ‘n eenheid moet vorm. As gelowiges hardloop ons ook in ‘n driebeenresies, en saamwerk is die groot geheim.

Natuurlik is daar ook ‘n rangorde. In enige organisasie moet daar iemand wees wat leiding neem, anders kan daar geen orde wees nie. Paulus noem sy rangorde: Apostels, wat oorkoepelend oor al die gemeentes toesig hou, Profete - leiers in die plaaslike gemeente, leraars, mense wat

wonderdade doen, mense wat kan gesond maak, en diegene wat ongewone tale gebruik. Dan vra Paulus ‘n retoriese vraag: “Is almal miskien apostels? Is almal profete? Is almal leraars?” (1 Kor 12:29).

Paulus se lysie, moet ons onthou, het slegs betrekking op sy eie tyd. Apostels bestaan reeds vir 2000 jaar nie meer nie, en al die kerkstrukture het totaal verander, etlike kere al. Sy lysie is ook nie veronderstel om volledig te wees nie. Hy wou bloot ‘n waarheid probeer tuisbring by sy lesers. Presies dieselfde waarheid wat vir die mense van Korinte 2000

jaar gelede bedoel was, is vandag steeds nét so relevant. Maar ons lysie vandag gaan totaal anders daar uitsien as Paulus s'n. Vandag sal dinge soos rekenaarvaardigheid, sangtalent, gasvryheid, skryfkuns en dies meer baie van die gawes vervang of aanvul. Die punt wat Paulus probeer tuisbring is dat die kerk en die gemeente op só 'n wyse moet funksioneer dat ál hierdie wonderlike gawes wat die Here vir ons as gelowiges gegee het tot hulle reg sal kom in die kerk. Mense moet voel dat hulle deel is van die liggaam van Christus, en dat almal mekaar

aanvul en ondersteun deur hulle verskillende gawes te gebruik.

In Paulus se tyd was ‘n gemeente maar baie geïsoleer, en dikwels het mense nooit verder as hulle eie dorp uitgereik nie. Vandag is die ganse wêreld een groot stad, en kan mense van verskillende kontinente met mekaar kommunikeer asof hulle naby mekaar is. Kommunikasiestelsels soos die internet, TV en satelliet-tegnologie het almal feitlik saamgebring onder een sambreel.

Al hierdie tegnologiese ontwikkelings bied totaal nuwe uitdagings vir ons as gelowiges.

Ons moet bereid wees om baie verder te kyk as slegs ons eie klein gemeentetjie. Die wonderlike is dat die Here ons as gelowiges die gawes gee om gebruik te kan maak van die tegnologie. As gelowiges kan ons nou met ander gelowiges regoor die wêreld gesels en ons vreugdes en probleme met mekaar deel. Ek het al talle male die wonderlike voorreg gehad om vir medegelowiges in Durban, Nelspruit, Australië en Engeland van hulp te wees op die een of ander wyse. Deur die gawes wat die Here my gegee het, kon ek die hulp van ’n pastorale sielkundige in Korea kry vir

iemand elders in die wêreld op 'n ander kontinent. Deesdae bereik hierdie boodskappies mense regoor die aardbol, nie alleen deur e-pos nie maar nou ook deur Whatsapp.

Die groot geheim is dat ons baie wyer moet kyk as een enkele Geestesgawe. Vir ons gelowiges was die verskeidenheid van gawes nog nooit so groot as juis nou nie! “Lê julle toe op die beste genadegawes”, sê Paulus in 1 Kor 12:31. Gaan sit ‘n bietjie en dink (biddend) oor al die gawes wat die Here jou gegee het, en gebruik hulle na die beste van jou vermoë in diens van die Here. Ja,

hulle mag dalk vir jou op die oog af lyk na sekulêre gawes, maar dalk is dit presies wat die Here wil hê dat jy moet inspan om in Sy diens te gebruik.

‘n Dame het eendag vir my gesê: “Ek het geen gawes nie - wat moet ek doen?” Werklik? Elkeen van ons het gawes, al is dit dan ook om ‘n plek mooi skoon te kan maak, of om pannekoek te kan bak. Gebruik dit wat Hy jou gegee het met vreugde en entoesiasme tot eer van God.

**Gebed:**

**Here, help my asseblief om my gawes voluit vir U te gebruik.**

# 33 Die Héél Beste Gawe

## 1 Korintiërs 13:1-7

Engeletale, galmsimbale,
het ek nie liefde dan maak ek geraas.
Waar is my vriend'likheid, waar my geduld?
Daarsonder is ek by liefde in skuld!
Grootpraat en afguns en daarby verwaandheid,
eie belang soek, o die lig-liggeraaktheid!
Boekhou van kwade en bly oor die onreg.
Met dit in my lewe is die liefde net skoon weg!
*Maar liefde.*

Dit jubel en dit lag as die waarheid seëvier.
Is verdraagsaam, onverganklik, groter as alles hier.
Profesieë sal vergaan, tale ophou bestaan,
Maar liefde dié sal vir ewig bestaan.
Liefde sal nooit as te nimmer vergaan.

Het ek die gawe om mooi te kan preek,
Het ek geloof om selfs berge te breek.
Gee ek my liggaam prys om te kan roem,
Sonder die liefde is alles gedoem.

Tale sal ophou, ook kennis en klanke.
Al wat sal oorbly is die hoop onverganklik.
Nou bly nog hoop en geloof en ook liefde.
Maar die grootste van alles is die kosbare liefde.
*Ja, liefde.*
Dit jubel en dit lag as die waarheid seëvier.
Is verdraagsaam, onverganklik, groter as alles hier.
Profesieë sal vergaan, tale ophou bestaan,
Maar liefde dié sal vir ewig bestaan.
Liefde sal nooit as te nimmer vergaan.

Liefde sal nooit as te nimmer vergaan.

Luister gerus hoe die liedjie klink, by **bit.ly/engeletale**

1 Korintiërs 13 is, naas Psalm 23 seker een van die mees gelese gedeeltes in die Bybel. Nogtans is dit seker die deel waarop ons die minste ag op slaan. O, die gedagtes is so mooi, maar wanneer dit by die praktiese uitleef daarvan kom, dan skiet dit dikwels baie ver tekort by die meeste van ons gelowiges.

Paulus beskryf die gawe van liefde as die allerbeste gawe. Dit is so maklik om met enige van die geestesgawes 'n groot kop te kry,

en dalk jou eie beuel te wil blaas. “Ek het die gawe van genesing gekry, en nou is ek ‘n vlak hoër as my medegelowiges.” So spog ons soms! Ons het egter uit die vorige paar dagstukkies gesien dat hierdie gawes nie vir ons gegee is tot ons eie verryking nie, maar om ons medemens op te bou. Verder in nederigheid en volle afhanklikheid van die Gewer van ál die gawes.

Alles kom uiteindelik op liefde neer, want deur jou gawes uit te leef, betoon jy liefde aan jou medemens. Liefde is nie ‘n gevoel nie, maar ‘n werkwoord! Liefde maak boonop nie

onderskeid tussen mense nie, maar dieselfde liefde wat jy uitleef teenoor iemand ná aan jou hart, moet jy ook kan uitleef teenoor iemand wat vir jou afstootlik is. Dit is nie maklik nie!

1 Korintiërs 13 is ‘n wonderlike gedig wat Paulus geskryf het om liefde te illustreer. Dit is opgedeel in drie dele: In die eerste vertel hy hoe noodsaaklik liefde is. In die tweede maak hy dit duidelik wat liefde is en wat dit NIE is nie, en in die derde deel besing hy die onverganklikheid van liefde.

In vers 1 tot 3 wil Paulus dit baie duidelik stel dat die mooiste gawes wat ons uitleef, absoluut

nutteloos is as dit nie met die regte gesindheid uitgeleef word nie. Dit maak nie saak hoe edel my gawe is nie - dit kan een wees van genesing of tale of profesie. Dit kan selfs beteken dat ek my lewe waag vir ander of dat ek al my besittings weggee om armes te help. As hierdie dinge egter enigsins beteken dat ek hieruit roem vir myself wil kry, dan is dit betekenisloos. As dit sonder die nodige liefde bedryf word, dan het ek net ‘n stuk blik geword wat geraas maak.

Ons staan soms in verwondering oor iemand wat kan preek dat jou tone omkrul van pure lekkerkry.

Hy het die mooiste woorde en gedagtes wat jou inspireer tot groot hoogtes in jou geestelike lewe. Hy sê dinge wat jou laat snak na jou asem uit pure verwondering.

As daardie prediker egter liefdeloos optree of nie die liefde waarvan hy so mooi preek prakties uitleef nie, dan het hy daardie spreekwoordelike galmende simbaal geword wat maar net geraas maak.

Dieselfde geld vir iemand met die wonderlikste geloof wat letterlik berge kan versit. Mense stroom na hom vir genesing, want onder sy hande verdwyn die aller-

afgryslikste siektes soos mis voor die son. Maar as liefde in sy lewe kortkom, help al hierdie mooi gawes net mooi niks.

Wat is die eienskappe van liefde? Geduld en vriendelikheid, selfs as jou geduld tot die uiterste beproef word en iemand jou treiter. Soms voel dit vir jou asof die laste van die lewe jou in die aarde indruk. Dan moet jy steeds vriendelik wees. En as daardie têksie jou siel versondig of voor jou indruk terwyl jy laat is vir werk, dan moet jy steeds geduldig kan bly. Dis nie maklik nie! Dit vat harde werk en baie deursettingsvermoë van jou kant af om in sulke

omstandighede steeds kalm te kan bly en Jesus se liefde uit te straal.

Vir afguns is daar nie plek nie, en eie belang speel géén rol nie. Verwaandheid, afguns en grootpraterigheid, is dinge wat ver verwyder is van ware liefde. Totale vergifnis (vergewe EN vergeet!) is een van die kenmerke van liefde in jou lewe, en so ook verdraagsaamheid.

As gelowiges behoort ons baie gereeld 1 Kor 13 te lees, en ons lewe hierin te spieël, want ons vergeet só maklik. Leef ek werklik nog liefde uit soos wat die Here dit van my verwag? Het ek werklik

die allerbeste gawe wat die Here my gegee het bemeester?

**Gebed:**

**Here, ek moet vanoggend my kop in skaamte laat sak, want my lewe skiet so bitter ver tekort wat die uitleef van my liefde betref. Help my asseblief om weer waarlik lief te kan hê.**

# 34 Onverganklike Liefde

## 1 Korintiërs 13:8-13

Ons het alreeds in die vorige dagstukkies gesien hoe belangrik Paulus die liefde ag. Dit is die grootste van ál die gawes, en dit kan alles bedek. Nou besing Paulus ook die absolute onverganklikheid van die liefde. Dit sal tot in alle ewigheid bestaan, selfs nadat al die ander gawes al in die niet verdwyn het.

Maar daar is ‘n probleempie - ek en jy is steeds verganklike mense wat aardsgebonde is. Ons is nie perfek nie en ons het maar ons swakhede! Ons kennis is so verskriklik beperk dat selfs die

hoogsgeleerde professor nog steeds maar net ‘n ou klein gedeeltetjie ken. Dit is uiters frustrerend, want daar is so baie vrae waarvoor ek nie ‘n klinkklare antwoord het nie. So dikwels vra mense my kwelvrae, en dan moet ek soms ook maar net my skouers ophaal en sê: “Jammer, ek weet ook nie!”

Paulus vergelyk ons kennis met ‘n spieël. Het jy al op ‘n koue winteroggend in die badkamer probeer skeer of grimering aansit, terwyl die spieël bly toewasem? Dit is ‘n frustrasie! Die beeld wat jy daar sien is dof en feitlik onherkenbaar. Dan gaan dit maar

so mog-het-troffe, dikwels met liederlike gevolge! So is ons geloofskennis ook maar uiters gebrekkig. Maar eendag sal daardie spieël helder blink, en sal ons al hierdie dinge duidelik kan sien en verstaan. Dan sal dit in elkgeval ook nie eers meer saakmaak nie, want dan sal ons die Here van aangesig tot aangesig sien, dan sal alles volledig wees.

Die groot geheim oor jou onkunde, is dat jy gedurig moet leer, navors en die waarheid soek in die Woord van God. Jy moet dus daardie spieël blink poleer! Paulus vergelyk ons met kinders

wat moet opgroei. As ons maar net tevrede is met die ou bietjie wat ons geleer het as kinders, dan word ons geloofslewe ‘n stagnante moeras. Dan sal ons ook nooit werklik weet hoe om daardie liefde, wat Paulus so hoog aanskryf, behoorlik uit te leef nie. Ons moet die kinderagtigheid afskud en deur harde werk, oefening, studie en praktiese uitleef van dit wat ons leer, opgroei om volwassenes te word in die geloof. Alleen dán kan ons waarlik begin om liefde prakties uit te leef.

Dit is egter nie ons swakhede waarvan Paulus wil praat nie,

maar dit is die liefde wat hy besing, en veral die absolute onverganklikheid daarvan.

As ek werklik wil weet van liefde, en hoe onverganklik dit is, dan moet ek eintlik die Bybel begin lees van Genesis 1 af. Die talle en talle uitreike van liefde van die Here wat deur die geskiedenisboeke van die Ou Testament aangeteken is, begin vir ons ‘n prentjie vorm van hoe ver Sy liefde strek. Dit begin by Adam en Eva. Hy wou vir hulle ‘n Vriend wees, selfs saam met hulle in die tuin gewandel. Hulle het Hom verraai! Sulke liederlike verraad het eintlik die doodstraf

verdien, maar God se genade is só groot dat Hy hulle steeds in liefde spaar. Dan gee Hy selfs vir hulle nog beloftes ook!

Deur die duisende bladsye van die Ou Testament lees ons die name van mense aan wie Hy liefde bewys het. Name soos Noag, Abraham, Isak en selfs Jakob, die bedrieëр. Só groot is Sy liefde dat Hy vir Jakob, na ál sy bedrog, steeds die vader gemaak het van die volk Israel. Vir Moses, die moordenaar, het Hy in liefde geroep om die grootste leier van alle tye te word. Hy het vir Moses en sy opstandige, murmererende,

afvallige volk in liefde geneem deur die onherbergsame woestyn tot by die beloofde land, ten spyte daarvan dat hulle gedurig agter ander gode aangehardloop het, en oor elke ou dingetjie gemor en gekla het. As dit nie liefde is nie......!

Dan was daar natuurlik nog Dawid die egbreker-moordenaar en, Salomo die veelwywer. En wat van Jona die onwillige, Simson die rokjagter, Ragab die prostituut en nog talle ander name? Maar liefde het tot die absolute hoogtepunt gekom toe die Seun van God mens geword het en die verskriklikste

vernedering, vervolging, verwerping, spot, marteling en teregstelling moes deurmaak om versoening te kon bewerkstellig. Daar het die Here die grootste offer van liefde óóit gebring.

Maar dit was maar net die begin, want hierdie liefde strek van dáár tot in die onmeetlike ewigheid, want eers ná die voleinding van die wêreld sal ons kan ervaar wat ware liefde is, en sal ons dit ook kan uitleef.

En vandag? Is dit nog ooit die moeite werd dat ek enigsins probeer om liefde uit te leef? My liefde is dan so gebrekkig! Wat help dit tóg?

Dit is juis oor die onmeetlike liefde wat God deur die eeue openbaar het, en veral oor die finale prys wat die Seun betaal het vir ons versoening, dat ons gelowiges álles in ons vermoë moet doen om liefde uit te leef uit dankbaarheid vir Sy groot offer. Hy het geen steen onaangeroer gelaat om vir ons te betaal nie! Nou is dit ons beurt om die grootste gawe van almal terug te ploeg in die wingerd van God.

**Gebed:**

**O Here, my liefde is so gebrekkig. Help my asseblief om dit ten volle uit te leef om op hierdie manier vir U dankie**

**te sê vir wat U alles vir my gedoen het.**

# 35 Glossalalie

## 1 Korintiërs 14:1-25

Ek sit in die dokter se spreekkamer, druk besig met my eie gedagtes. Die spreekkamer is vol, en ek sien sommer, dit gaan vanoggend ‘n lááng wag wees! ‘n Mamma kom in met haar seuntjie. Hy sien die kas speelgoed in die hoek en kies reguit koers daarheen. Ek wonder watter soort speelding hy daar gaan kies. Die mannetjie gryp hier, los daar en dan trek hy uit die dieptes van die kas ‘n ding uit wat my hare laat regop staan. Wie sou so onnosel wees om ‘n blokfluit tussen die speelgoed in ‘n dokter's

spreekkamer, daar waar stilte so nodig is, te gaan ingooi?

Die mannetjie se gesig straal. Hy trek sy longe vol lug en blaas met alle mag. Een ou omie wat aan die slaap geraak het val so ampertjies van sy stoel af. ‘n Aaklige skree-fluit op een vals toon vul die vertrek. Dan ontdek hy dat as hy die gaatjies toedruk, hy ander klanke ook kan voortbring. Die “musiek” wat hy maak het geen ritme nie en geen wysie nie, en ek wil my ore toedruk. Maar die mannetjie is in ekstase. Hy is die enigste een in die hele vertrek wat sy uitvoering geniet en verstaan. Genadiglik

kom Mamma tot al die teenwoordiges se redding - tot groot ontsteltenis van Junior.

Paulus wy die hele hoofstuk 14 aan glossalalie, oftewel die gebruik van ongewone tale of klanke, en profesie, die gawe om God se boodskap te verkondig. Hy verdeel dit in drie afdelings: In vers 1-25 verduidelik hy dat glossalalie en profesie verstaanbaar moet wees, en dat dit nie net gelowiges nie, maar ook ongelowiges moet kan opbou. In vers 26-37 sê hy dat dit ook ordelik moet geskied. In vers 37-40 vat hy alles saam, en vra dat hierdie dinge nie verbied moet

word nie, maar dat daar terselfdertyd ook orde in die erediens moet wees.

Eredienste in daardie jare het totaal anders daar uitgesien as waaraan ons vandag gewoond is, veral in die geordende gereformeerde kerke. Daar was absoluut geen leiding van enige persoon nie. Dit het enige gemeentelid, ongeag sy herkoms of status, die reg gegee om op te staan en 'n bydrae te lewer in die diens. Dit kon 'n woord van wysheid wees, 'n Psalm, openbaring of 'n uitspraak in 'n vreemde taal of klank. Alles was aanvaarbaar.

Ongelukkig het mense met mekaar gekompeteer. Sommige wou die “supersterre” wees en vir hulleself aansien verwerf. Dikwels het mense mekaar verskree. Om ‘n ordelike beurt te kry was dikwels ‘n onbegonne taak. Daar is baie gepraat, min geluister, en bitter min het aan die einde van die dag sin gemaak. Mense het kwaad vir mekaar huistoe gegaan. Dit was ‘n droewige situasie van wanorde.

Paulus se doel was om met hierdie skrywe basies twee dinge te bereik: eerstens om daardie liefde waarvan hy so pas gesing het, en vrede tussen die

gelowiges te herstel. En tweedens wou hy probeer orde skep in die erediens.

Die eerste groot doring in die vlees was glossalalie wat so gruwelik misbruik is in die gemeente. Hulle moes baie mooi verstaan wat hierdie gawe werklik is, en hoe dit reg gebruik moet word.

Glossalalie is die uiter van vreemde klanke of tale. Dit is eintlik ‘n gebed of lofprysing, ‘n kommunikasie met God, en is nie bedoel as ‘n verstaanbare kommunikasie met ander mense nie. Dit dien slegs tot opbouing van die persoon wat dit uiter, en

nie vir die res van die gemeente nie. Paulus verduidelik dit in 1 Kor. 14:2-4.

‘n Klompie jare gelede was ek saam met ‘n klomp ander gelowiges van ‘n verskeidenheid kerke, toe die persoon wat leiding neem sê: “Kom ons bid saam”. Ek was totaal onvoorbereid vir wat sou volg. Rondom my het almal skielik gelyktydig hardop gebid, sommige van hulle in vreemde tale. Vir my as stoere NG man, asook vir ’n hele paar ander mense, was dit totale wanorde. Wat begin het as ’n groot geestelike ervaring, het alles vir my totaal platgeval. Baie van

diegene wat daar betrokke was, het net eenvoudig nie weer soortgelyke byeenkomste bygewoon nie. Wat veronderstel was om gelowiges byeen te bring, het gelowiges uitmekaar gejaag.

Paulus gebruik die analogie van ‘n fluit wat net ‘n warboel van klanke speel (soos die seuntjie in die storie hier bo). Dit maak jou ore seer, maar as daar ‘n herkenbare wysie is, is dit ‘n totaal ander saak. As die spreek van tale nie gepaardgaan met ‘n Gees-geïnspireerde uitleg daarvan nie, dan moet dit liewer tuis bly.

Profesie daarteenoor, is van baie groter betekenis. Dit stig mense en bou die gemeente op. Dit trek gelowiges van uiteenlopende denominasies saam as ‘n hegte eenheid.

Is dit dan verkeerd om in tale te praat? Nee! Paulus het dit self ook gedoen (vers 18). Maar as jy dit wil doen,dan moet dit op die regte plek en tyd geskied, sodat niemand daardeur ontstig sal word nie.

**Gebed:**

**Here, gee my asseblief die wysheid om die gawes wat U my gegee het op die regte tyd te gebruik sodat mense**

**daardeur gestig sal word en sodat dit tot U eer sal geskied.**

# 36 Orde in die Erediens

# 1 Korintiërs 14:26-40

In 1956 gaan hou Nelle vakansie in Amanzimtoti. Een van die móét-sien plekke is natuurlik die Oosterse mark in Durban. Ek was so agt jaar oud, en hierdie uitstappie was natuurlik vir my gróót opwinding. Die baie geure was oorweldigend! Kerrie wat bitter gevaarlik gelyk het, is in netjiese hopies uitgestal. Liggeel, helder geel, bruin en helder rooi. En dan het die goed die allerverskriklikste name gehad wat ek nie durf nasê nie, anders is my mondjie met seep skoongeskrop! Daar was ook ‘n

duiselingwekkende magdom ander handelsware, materiale van skokkend-helder kleure, skoene, handsakke - omtrent enige ding onder die son is op daardie mark uitgestal, selfs vis!

Aan die een kant het ek my verwonder oor al die vreemde dinge, maar as plaasseun was ek tegelyk totaal verbouereerd. Die eng gangetjies en al die verkoopsmanne wat almal gelyk praat en hulle ware aan ons wil opdring. As jy eers so ‘n effe belangstelling toon in ‘n produk, dan probeer hierdie man jou inpraat met ‘n gladde tong en hope oorredingsvermoë, sodat jy

later voel dat jy die hasepad wil kies. Dalk was dit juis die totale wanorde van die mark wat soveel mense daarheen gelok het.

As ons terugdink aan gister se dagstukkie, dan kon jy dalk die wanorde wat geheers het in die gemeente in Korinte vergelyk met daardie ou Oosterse mark van die vyftiger-jare. Soos wat die verskillende handelsware op die mark luidrugtig tentoongestel is, was die gawes van gemeentelede in die erediens tentoongestel. Dit laat jou sidder! In die tweede deel van 1 Korintiërs 14, pleit Paulus dan juis vir orde in die erediens.

Paulus begin in vers 27 met glossalalie, die spreek van tale. Hy verduidelik dat slegs twee of drie hierdie gawe mag gebruik, en nie gelyk nie maar elkeen op sy beurt. Daar is egter ook 'n voorwaarde, dat daar iemand moet wees wat dit kan uitlê, anders moet hulle stilbly en dit by die huis gaan doen, waar jy persoonlik met God kan praat.

Die tweede sakie wat Paulus aanroer, is die een van die profete. Weereens mag slegs twee of drie hieraan deelneem, een-vir-een, en dan moet dít wat hulle sê beoordeel word deur die ander om te verseker dat die

dinge wat hulle sê waarlik van God af kom, en nie maar uit die duim gesuig is nie.

Dit klink dalk vir ons baie snaaks, maar ons moet onthou dat die gelowiges in daardie jare nie die wonderlike riglyne gehad het wat ons vandag het nie. Al waarop hulle kon gaan, was Paulus se woord en Ou Testamentiese geskrifte. Die Bybel, soos ons dit vandag ken, het toe nog gladnie bestaan nie. Dit is eers baie jare later saamgestel. Profete het onder die leiding van die Heilige Gees sekere uitsprake gemaak, maar dan moes daar séker

gemaak word dat dit werklik die werk van die Heilige Gees is.

Hoe bevoorreg is ons nie vandag om die Bybel te hê, en saam daarmee ‘n magdom kommentare, agtergrondstudies en uitlegte. Boonop het ons leraars wat vir jare lank studeer om ons leiding te kan gee.

Paulus wil dit baie duidelik stel dat daar orde moet wees in die erediens. Elkeen kan nie maar maak soos hy wil, nét wanneer hy wil nie, maar alles moet ordelik en stigtelik geskied.

En dan kom Paulus by ‘n baie teer sakie, een wat al vir baie debatte en hartseer gesorg het,

die plek van die vrou in die erediens. “Hulle word nie toegelaat om te praat nie,” sê Paulus. Dan blyk dit dat hy dit eintlik teen die vrae het wat die vrouens vra, en dat hulle dit liewer tuis vir hulle mans moet vra. Wat sou hy hiermee bedoel?

Daar is twee moontlikhede. Die eerste is bloot dat dit in daardie tyd in die spesifieke gemeenskap onbetaamlik vir ‘n vrou was om in die openbaar haar mening te lug. Hierdie was die manne se voorreg! Onthou, vrouens het geen status gehad nie. Hy wou nie hê dat die Christenvroue die sosiale orde omkeer nie. Onthou

jy nog die dagstukkie oor die hoed? Vandag is dit (dankie tog!) baie anders.

Volgens die Bybellennium was die gebruik van heidenvroue om na die tempel van Apollo te gaan en al hulle vrae oor dinge soos geboorte, huwelik, hertrou ná ‘n egskeiding en beroepe vir hulle kinders na die priesters te bring. Dit was moontlik dat die Christenvroue nou met dieselfde soort vrae na die profete gekom het in die erediens. Dit is dinge wat nie in die erediens hoort nie, maar eerder in privaat gesprekke.

Paulus sluit af deur te sê dat glossalalie nie verbied moet word

nie, maar dat alles ordelik moet geskied.

Nou wonder ek net, sou ‘n erediens soos die een in Korinte vandag vir ons werk? Natuurlik met die nodige orde soos wat Paulus bepleit! Dalk sou dit ‘n baie interessante eksperiment wees, dat gemeentelede vir ‘n slag al die werk sélf doen, en hulle nie gevoer word deur die leraar nie. Watter leraar gaan so braaf wees om dit te probeer?

**Gebed:**

**Here, soos wat daar orde in die Erediens moet wees, so wil ek ook vra dat U orde in my**

**persoonlike geestelike lewe bring.**

# 37 Hy het Waarlik Opgestaan

# 1 Korintiërs 15:1-11

In 1 Korintiërs 15 verduidelik Paulus dat die Christelike geloof beslis nie ‘n misteriekultus is nie.

Waarom sou hy so klem lê daarop? Die antwoord lê opgesluit in die tempel van Demeter waar jong meisies sekere rituele uitgevoer het. Demeter, die godin van landbou se dogter, Persefone, is volgens die legende deur Hades, die god van die doderyk ontvoer diep onder die aarde in, waar sy gedwing is om met hom te trou. Terwyl Ma Demeter gaan soek na haar dogter, verwaarloos sy haar

verantwoordelikhede, gevolglik begin die plante doodgaan. Gelukkig gryp haar pa, Zeus in, en help haar om Persefone te kry. Maar sy moes eers ‘n ooreenkoms met Hades aangaan: Persefone kan terugkeer, op voorwaarde dat sy die helfte van elke jaar by hom kom bly. Dit het veroorsaak dat dit die helfte van die jaar somer is en die ander helfte winter, terwyl sy daar onder is.

Hierdie absurde storie het ‘n geweldige invloed gehad op die mense van die tyd. Jong meisies is ingelyf in hierdie misteriekultus, waar hulle onder meer tydens

dramatiese opvoerings in die see gedoop is en heilige drankies in die tempel moes drink. Hulle het dan in ‘n geestesvervoering gegaan om een te word met Demeter en die gees voor te berei vir ‘n lewe ná die dood. Alles het natuurlik ook gepaard gegaan met allerhande onsedelikheid.

Die probleem was dat hierdie misteriekultus so ‘n integrale deel was van al die inwoners, dat bekeerlinge uit die heidendom moeilik daarmee gebreek het. So beland dit dan ook in die gemeente. Die verhaal van Jesus se sterwe en opstanding was vir

hulle maar net nóg ‘n mite. Doop en Nagmaal het vir hulle op dieselfde wyse as Demeter en Persefone ‘n eenheid met Jesus gegee. Op daardie wyse is hulle gees so vernuwe. Selfs die seksuele wanpraktyke het deel gebly hiervan. Hulle leuse was: “Laat ons eet en drink, want more sterf ons” (1 Kor 15:32). Alles wat Paulus hulle geleer het, moes in die lig van die misterie kultus gesien word.

Om hierdie saak te beredder, moes Paulus alles in perspektief stel. Hy herinner die gemeente aan die dinge wat hy hulle geleer het van die Evangelie wat hy

oorspronklik aan hulle verkondig het. Dit is van uiterste belang om te besef dat daar alleen redding is in die Evangelie, die blye boodskap oor Jesus, en dat niks anders jou kan red nie. Hy impliseer dat hierdie misteriekultus wat so die gemeente ingesluip het, hulle geloof tevergeefs maak.

Paulus vertel in ‘n neutedop hoe Jesus vir ons sondes gesterf het, begrawe is en opgestaan het uit die dood. Anders as die mitologiese verhaal van Demeter, is Jesus se opstanding nie maar net ‘n misterie of ‘n geestelike opstanding soos

sommige geleerdes vandag wil beweer nie, maar ‘n fisiese, liggaamlike opstanding. Daar was talle getuies wat Hom gesien het ná Sy opstanding. Op een geleentheid was daar 500 mense bymekaar toe Jesus aan hulle verskyn het. Vyf honderd getuies kan tog nie almal verkeerd wees nie!

Die feit is dat Jesus se sterwe, begrafnis en opstanding ‘n werklikheid is, en nie maar ‘n mite nie. En wat meer is: Jesus het in óns plek gesterf om versoening te bewerkstellig tussen ons en God. Hy is die enigste Weg na God! Daar is géén ander manier

waarop ons versoening kan kry nie. Maar dit is nie al nie: God verwag van ons om Hóm alléén te aanbid. Daar is dus géén plek vir enige ander misteriekultus van énige vorm om saam met ons Godsdiens gebruik te word, soos wat die geval was met die Korintiërs nie.

Maar ons glo mos nie meer vandag aan Griekse gode nie! Wat het hierdie dan met my uit te waaie? Miskien, maar daar is baie ander, dikwels baie meer subtiele vorms van misteriekultus wat dikwels so ongesiens in jou lewe kan inkruip. Om enkele voorbeelde te noem: een

waaraan baie gelowiges hulle skuldig maak is sterrewiggelary. Dit is nou hierdie "onskuldige" sterre-voorspel of sterretekens. Ek wil ontplof as iemand vir my vra onder watter sterreteken ek gebore is. Dit is niks anders nie as 'n misteriekultus, waar die sterre veronderstel is om jou toekoms te bepaal. Nie alleen is dit die grootste snert nie, maar jy speel ook reg in die hand van die duiwel met hierdie okkulte bedryf.

Nog 'n baie ontstellende ding is die "onskuldige" praat met die geeste van afgestorwenes. Daar was al 'n paar TV programme waar mense sogenaamd met

afgestorwe geliefdes in aanraking gebring word. Nie alleen is dit on-Bybels nie, maar dit is ‘n duiwelse praktyk. Met baie mooi praatjies beweer die medium dat sy of haar sogenaamde heldersiendheid van God kom. Die duiwel kom soms met baie mooi praatjies na ons!

Bly weg van die okkulte! Dit kan en mag nooit saam met jou geloof in Jesus, die enigste Weg beoefen word nie! Jy kan nie God en Mammon tegelyk dien nie. Besluit vandag wie jy wil dien. Maar ek en my gesin - ons sal die Here dien!

**Gebed:**

**Here, die duiwel kom met so baie mooi praatjies. Help my asseblief om duidelik deur sy masker te sien.**

# 38 Lewe na die Dood

# 1 Korintiërs 15:12-34

Ek lees 'n paar jaar gelede ‘n beriggie in 'n koerant wat my nekhare laat regop staan het: In ‘n gevestigde Gereformeerde kerk in Nederland preek ‘n geordende leraar dat daar geen God is nie! God is net in die gedagtes van mense - so wil hy beweer. Van die lidmate was ontsteld, en uiteindelik is dit na die hoogste gesag, die sinode verwys. Die sinode se besluit was dat daar nie werklik gronde was waarop hierdie ateïs-leraar afgedank kon word nie. Hy kon dus rustig sy ateïstiese leringe bly

voortpreek! In ons eie land, Suid-Afrika, het daar enkele jare gelede onder ‘n paar hooggeleerde teoloë die gedagte ontstaan dat Christus nooit opgewek is uit die dood nie, maar dat dit slegs gebeur het in die gedagtes van Sy dissipels.

As ek sulke dinge hoor, dan stoot hier so ‘n naar gevoel onder uit my maag uit op. Hoe kan mense, veral hoogsgeleerde Bybelkenners, ooit so dink? Wat het verkeerd geloop in hulle lewens, dat die kern van die Christelike geloof vir hulle verlore geraak het? Hierdie is egter nie ‘n nuwe gedagte nie. Paulus spook

met presies dieselfde probleem wat sy kop uitgesteek het in die gemeente in Korinte, en hierdie probleem wil hy in die kiem smoor voordat daar te veel kleintjies uitbroei!

Ek het eenmaal op ‘n plaas naby Welkom gewoon. Vroeg een oggend skrik ek wakker van ‘n aardige gedreun. Ek vlieg vervaard op en kyk by die venster uit. ‘n Ry trekkers kom die grondpaadjie opgery, en begin met hulle ploeë die rooi aarde oopskeur. Wanneer hulle klaar die hele land omgeploeg het, saai hulle sonneblomsaad in die vore.

Daardie aand stap ek in die aandskemer deur die land. Daar is geen teken van die saad wat gesaai is nie. Dis begrawe en morsdood. Aand-vir-aand stap ek ‘n draai deur die dorre land om te sien of daar nie dalk iets gebeur nie. Maar niks!

Een oggend vroeg loer ek deur die venster. My hart gaan wild aan die bons! Oor die rooi grond is daar ‘n vae groen skynsel. Ek hardloop opgewonde na die land toe. So ver as wat ek kyk is daar piepklein groen blaartjies wat deur die verstikkende grond beur. Ek wil dit uitjubel: “Daar is lewe na die dood! Hier is die klinkklare

bewys!" 'n Paar dae later is die lap dorre rooi aarde 'n welige groen tapyt van jong sonneblomplantjies. In my geestesoog sien ek al die massa goudgeel sonneblomme, swaar in die saad, gereed vir die groot oes. Alles was die moeite werd!

Hoe waardeloos, absoluut bejammerenswaardig sou ons geloof gewees het, as Christus nooit uit die graf opgestaan het nie. Paulus sê dat dit natuurlik sou impliseer dat daar ook nie vir my en jou 'n opstanding sou wees nie. Dan sou die beroemde fisikus, Steven Hawking reg wees met sy stelling, dat die mens soos

‘n rekenaar is: as jy die kragprop uittrek, dan is alles verby - dan is jy morsdood!

Ons weet egter anders: Ons het al telkemale gesien dat daar verskeie ooggetuies was van Jesus se opstanding uit die dood. Daardie selfde oggend vroeg nog het van Sy volgelinge Hom alreeds gesien. Dieselfde middag het ‘n paar manne saam met Hom na die dorpie Emmaus gestap, en het Hy met hulle gesels en vir hulle verduidelik wat gebeur het. Vir hierdie getuies was dit ook soos die sonneblomsaad wat hulle sien sterf het in die grond, en dan

gebeur die wonder as die saad wat dood was weer lewe kry en heldergroen uit die dorre aarde uitbeur en wys dat daar wáárlik lewe is!

Die getuienis dat Hy lewe, en dat Hy na die hemel opgevaar het, is absoluut oorweldigend, ten spyte van die skeptiese mense wat dit as stories wil probeer afmaak. Dit het egter vir ons ook ‘n ander gevolgtrekking: As dit so is dat Jesus uit die dood opgestaan het, dan kan ons ook aanvaar dat daar vir my en jou as gelowiges ook ‘n soortgelyke opstanding uit die dood kan wees. Ons weet natuurlik uit die ooggetuies se

verslag, dat Jesus se opstanding nie alleen ‘n geestelike opstanding was nie, maar dat dit liggaamlik was.

Thomas kon sy vingers in die gate druk wat die spykers in Jesus se hande gemaak het tydens die kruisiging.

Hy het saam met hulle op die strand gesit en geëet van die vis wat hulle gebraai het.

Hy was nie ‘n gees nie, tóg was Sy liggaam anders - ‘n verheerlikte liggaam. So sal ek en jy ook eendag na die dood opstaan en ‘n wonderlike verheerlikte liggaam kry. Ons sal nie maar net gees wees nie, maar

herkenbare mense met ‘n onverganklike liggaam sonder die beperkinge van ons ou aardse “tentwoning” vandag.

Die wonderlikste van alles is egter dat ek en jy saam met Jesus sal wees en Hom kan sien in al Sy heerlikheid en majesteit.

As ons hierdie dinge begryp het, kan die gesegde “Laat ons eet en drink, want more sterf ons”, nie meer deel van ons lewe wees nie, want dan sal ons Jesus vandag ten volle dien ter voorbereiding van daardie groot dag.

**Gebed:**

**Here, ek wil voluit lewe tot U eer, want heerlikheid wag op my wanneer ek eendag met ‘n splinternuwe liggaam by U sal wees.**

# 39 Splinternuwe Liggaam
# 1 Korintiërs 15:35-58

Gister het ek geskryf oor die sonneblomland. Maar ek wil hê dat ons weer ’n slag teruggaan daarheen. Ek wil jou graag iets opwindend wys! Kyk ’n slaggie mooi na een van hierdie sonneblomsaadjies. Wat sien jy? ’n Vaal, swarterige, onaansienlike pitjie wat nou nie juis veel om die lyf het nie. Maar gaan begrawe hom, en kyk net wat gebeur! As hy die dag ontkiem, dan gebeur daar ’n asemrowende wonderwerk. Daardie eerste ou brose blaartjies wat hulle koppies deur die harde grond uitsteek laat

jou al klaar snak na jou asem. Wat gaan van hierdie klein plantjie word? En jy soek verniet na die oorspronklike saadjie wat jy geplant het. Al wat daarvan oorbly is ’n leë doppie. Die klein plantjie groei in ’n relatief kort tydperk tot ’n groot plant. En dan blom hy! En wat ’n blom! Goudgeel, so groot soos ‘n bord, en gelaai met ryk saad wat skitter in die son. En die sonneblom hou altyd sy gesig gerig op die helder son. As jy probeer om hierdie manjifieke plant te vergelyk met die oorspronklike dooie saadjie, dan staan jy verwonderd. Hoe is dit moontlik dat daardie vaal ou

korreltjie so ‘n mooi plant kon word?

Paulus vra: “Hoe word dooies opgewek? Watter soort liggaam sal hulle hê?” (1 Kor 15:35). “Dom vraag!” sê Paulus. Maar eintlik is dit gladnie so ‘n dom vraag nie, want dit word baie dikwels gevra. Ja, ons sal dalk nie hardop vra nie, maar heimlik wonder elkeen van ons hieroor. Hoe gebeur dit? Kry ek ooit weer ‘n liggaam? Vergaan my ou liggaam nie maar die dag wanneer ek sterf nie? Natuurlik doen hy! Maar word ek dan maar net ‘n gees? Gaan my ou geraamte dalk eendag met die wederkoms weer vleis en vel aan

kry? En wat daarvan as my liggaam veras is en die assies in die see gestrooi is?

Paulus verduidelik dat daar diskontinuïteit is wanneer jy sterf - jou ou liggaam vergaan. Tóg is daar terselfdertyd ook kontinuïteit, want jou gees bly lewe. In ‘n sekere sin bly ons dieselfde, want presies dieselfde mens wat sterf, leef steeds voort. Sien, die werklike jy is eintlik gees, en jou liggaam is net ‘n dop wat jou gees huisves. Maar dan gebeur die wonderwerk: soos wat daardie sonneblomsaadjie skielik totaal van vorm verander, so verander ons ook. Soos wat die lewenssap

van die saadjie eenvoudig oorgaan en die kern vorm van die splinternuwe sonneblomplant, so gaan jou “lewenssap”, jou gees oor in die splinternuwe liggaam, ‘n verheerlikte liggaam.

Jesus het dit vir ons kom demonstreer ná Sy kruisiging. Toe Hy die dag uit die graf opstaan, was hy in sekere opsigte nog presies dieselfde. Sy wese het nie verander nie, en Hy het met Sy vriende gesels. Tóg was Hy tegelyk ook baie anders, want Hy het byvoorbeeld in ‘n vertrek ingekom terwyl die deur nog gesluit was. Hy was nie meer gebonde aan die gewone ou

natuurwette nie. Hy was steeds herkenbaar, en selfs die gate in Sy hande was steeds daar, waar daar enkele dae tevore rowwe spykers deur Sy vleis geskeur het. Tóg was dit nie meer rou wonde nie, maar sigbare tekens van die duur prys wat Hy moes betaal vir ons sonde. Ja, Thomas kon sy ongelowige vingers deur die gate druk om eerstehands te ervaar dat Jesus ‘n werklikheid is. Eenders, tóg báie anders!

My ou aardse liggaam is tog só kwesbaar! Ek besef dit dikwels baie deeglik wanneer my brose liggaam nie lekker wil saamwerk met my gees nie. Maar eendag,

as hierdie ou lyf die dag totaal uitgedien is, dan gaan ek ook so ‘n wonderlike verheerlikte liggaam kry. Dan gaan hy ook soos Jesus s’n, nie meer gebonde wees aan die natuurwette nie. Hy gaan onverganklik wees en siektes sal absoluut geen uitwerking op hom hê nie. Dit gaan ‘n volmaakte, perfekte liggaam wees!

Die vraag is egter of ons dan almal eenders gaan lyk? Kom ons gaan weer terug na die landerye toe. Ek plant ‘n sonneblompit, ‘n mieliepit en ‘n grondboontjie langs mekaar. Gaan die nuwe plante eenders lyk? Natúúrlik nie! Hulle gaan hemelsbreed van

mekaar verskil, al is hulle al drie “opstandingsplante”. Paulus verduidelik dit deur te verwys na die sterre. Al die goeters daar bo in die lug is immers hemelliggame, maar die son en maan is totaal verskillend, en so ook die sterre. Paulus het nie ‘n teleskoop gehad nie, maar ek dink hy sou verstom staan as hy boonop deur so ‘n ding na die sterre sou kon kyk en sien dat daar feitlik nie twee sterre is wat eenders lyk nie. Sommige “sterre” is selfs galaksies of gasnewels.

Daar kom ‘n dag wanneer trompetgeskal sal weerklink oor die wêreld (1 Kor 15:52). Dit sal

die wederkoms van Jesus aankondig. Op daardie oomblik sal almal wat reeds gesterf het ‘n splinternuwe liggaam kry, en diegene wat dan nog lewe se liggame sal verander word om onsterflik te word. Almal sal splinternuwe klere kry om Jesus, die Koning te ontmoet.

“Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal,” jubel Paulus. “Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?” (1 Kor 15:54,55)

**Gebed:**

**Here, ek sien opgewonde uit na daardie dag wanneer ek ook ‘n**

**splinternuwe opstandingsliggaam gaan kry.**

# 40 Help Asseblief!

## 1 Korintiërs 16:1-12

Jerusalem was in groot nood: die gelowiges het in armoede verval. Paulus sê nie pertinent wat gebeur het nie, ons kan maar net raai. Dalk was die verwagting op Jesus se wederkoms so groot, dat mense bloot ophou werk het. Nou sit hulle en wag dat Hy hulle moet kom haal. Die verklaring wat dalk meer sin maak, is vervolging! Die Jode het baie sterk familiebande gehad, wat nie alleen die naby familie ingesluit het nie, maar ook 'n wye uitgebreide familie. Hierdie familie het deur dik en dun bymekaar

gestaan, mekaar ondersteun en gedra.

Maar toe gebeur die “verskriklike” ding, dat van die familielede hulle geloof “verraai” en Christene word. Vir die stoere Jode was dit een te veel, en alle familiebande is met hierdie “wegbrekers” verbreek. As jy nie meer familie is nie, dan word jy op géén wyse meer ondersteun nie. Die probleem was dat die mense só afhanklik van mekaar was, dat die arme Jode wat Christene geword het, skielik totaal sonder enige inkomste gesit het, want niemand wou meer met hulle handel dryf of hulle op enige wyse ondersteun

nie. Hulle was nou slegs aangewese op hulle nuwe familie, hulle mede-Christene. Ongelukkig was omtrent almal van hulle in Jerusalem in dieselfde bootjie. Hulle het mekaar gehelp, maar uiteindelik was daar net eenvoudig nie meer middele om mekaar te kon help nie.

En dit is waar die gemeentes in die buiteland ingepas het. Hulle het nie dieselfde probleme van verwerping gehad wat in Jerusalem geheers het nie, en hulle lewe kon dus normaal voortgaan. Paulus doen nou ‘n beroep op die gemeente in Korinte om ook te maak soos die

ander gemeentes. Wanneer hulle Sondae bymekaar kom, moes hulle geld saambring vir die gelowiges van Jerusalem. Wanneer daar dan genoeg is, sal ‘n paar manne dit wegbring na die Jerusalemgemeente.

Wanneer Paulus hierdie brief skryf, is hy in Efese. Maar soos gewoonlik, is sy plan om weer binnekort aan te skuif. Die lang pad wink vir hom, en hy besef dat daar nog vir hom ‘n groot sendingveld ooplê. Hy beplan om met ‘n groot ompad deur Masedonië te reis om gemeentes daar te besoek, en dan uiteindelik by Korinte aan te doen. Daar wou

hy dan ‘n tydjie deurbring. Dinge het egter vir hom anders uitgewerk as wat hy beplan het. Die probleme in Korinte het later baie groter blyk te wees as wat hy gedink het, en toe moes hy inderhaas op ‘n skip klim en die Egeïese see oorsteek na Korinte om dinge daar te gaan regmaak. Dit was egter nie ‘n baie geslaagde besoek nie!

Intussen stuur Paulus vir Timoteus na Korinte om sake daar in orde te probeer bring. Timoteus moes ook Paulus se brief in Korinte gaan aflewer. Paulus maak dus voorbrand in sy brief by die Korintiërs om

Timoteus vriendelik en gasvry te ontvang. Hulle moes hom ook finansiëel bystaan solank hy daar was. Timoteus was nog maar ‘n jong man, en die  mense kon dalk op hom neersien. Daarom vra Paulus pertinent dat hulle hom sou respekteer, en nie op hom sou neersien nie.

Paulus en Timoteus kom natuurlik al ‘n langpad saam. Paulus het hom ontmoet tydens ‘n besoek aan Listra. Sy ma was ‘n Jodin wat tot bekering gekom het, en sy pa ‘n Griek. Timoteus was toe ook reeds ‘n gelowige, en Paulus het sommer dadelik gesien dat hierdie man baie potensiaal het

as ‘n evangelis. Toe begin sy onderrig onder leiding van die groot meester, Paulus. Wat ‘n wonderlike voorreg! Vir Paulus was Timoteus van onskatbare waarde op sy sendingreise. Ná sy terugkeer uit Korinte het Paulus vir Timoteus in Efese agtergelaat om daar as leraar op te tree.

Aan die einde van Paulus se brief maak hy melding van Apollos, en dat hy hom na Korinte wou stuur, maar dat Apollos geweier het. Ons sal dalk maklik vir Apollos daaroor wou veroordeel, maar dit was nie so eenvoudig nie. Daar was ernstige groepvorming in Korinte, en Apollos het geweet

dat as hy daarheen sou terugkeer, sou dit sake net vererger. Daarom bly hy liewer weg en bewaar die vrede.

Deur hierdie stukkie geskiedenis praat die Here vandag ook met jou en my. In die eerste plek moet ons weet dat daar vandag, net soos in Paulus se tyd, groot getalle gelowiges is wat wreed vervolg en onderdruk word, bloot omdat hulle Christene is. Geopende Deure en Inkonteks vertel die hartseer verhale van miljoene sulke mense. Hulle het ons hulp en ons gebede dringend nodig. Wat doen ons daaromtrent? Bibles for Believers

vertel weer aan die ander kant van baie miljoene gelowiges wat nog nooit in hulle lewe ‘n Bybel besit het nie. Hierdie organisasie versprei Bybels waar mense so arm is dat niemand ‘n Bybel kan bekostig nie. Ons sit met ‘n oorvloed! Kom ons help, en maak ‘n reuse verskil in iemand se lewe.

**Gebed:**

**Here, in ons oorvloed vergeet ons so dikwels van ander wat niks het nie. Maak asseblief ons oë en hande en beursies oop vir ander se nood.**

# 41 Briefslot

## 1 Korintiërs 16:13-24

Soos ons oor die afgelope twee maande agtergekom het, het Paulus hierdie brief aan ‘n gemeente geskryf wat hom nagmerries gegee het. Alles wat kon verkeerd loop in die gemeente, hét verkeerd geloop! Daar was tweespalt, dwaalleringe en gruwelike sondes. Sommige gemeentelede het gedink dat hulle verhewe is bo die res, en die gawes van die Heilige Gees is liederlik misbruik.

Tóg gesels Paulus in die briefslot met hulle met die grootste liefde, soos ‘n pa sou maak met sy klein

kindertjies. “Wees waaksaam,” dikteer hy vir sy sekretaris. “Staan vas in die geloof, wees manmoedig, wees sterk!” Paulus bemoedig hulle, al het hulle hom so liederlik diep bedroef.

In my geestesoog sien ek ‘n stokou oumatjie op haar rystoel. Rondom haar raas en speel en gil die kindertjies so erg, dat sy lus voel om haar ore toe te druk. Klein Jannie trek Sannie se vlegsel, en sy tjank al gillende dat hoor en sien vergaan. Kosie gooi vir Pietie met ‘n modderkoek dat hy so hik, en dan is die duiwel behóórlik los.

Skielik wink Ouma hulle almal nader, en dan, sonder om kwaad te wees of geïrriteerd te klink, maak sy hulle bymekaar soos ‘n ou broeis hen haar kuikentjies. En dan begin sy hulle liefdevol en met groot passie ‘n storie vertel. Al die frustrasie wat sy so pas beleef het, is vergete as sy met volle oorgawe die kindertjies se onverdeelde aandag vasvang met haar wonderlike stories.

Om maar net altyd beskuldigings te gooi en te verdoem, mag dalk regverdig wees teenoor ‘n gemeente wat skoon skuins-dwars is. Vir ons voel dit dalk asof dit die enigste weg is met sulke

moeilike mense. Om egter slegs te beskuldig en te bestraf, gaan daardie mense net die harnas injaag, en vet op hulle vuur gooi. Dis immers dalk nét wat hulle wil hê! Deur egter die saak in liefde en met baie deernis te hanteer, kan jy moontlik nét daardie mense wen vir die Here. Het Paulus nie immers júís die uitnemendheid van die liefde so besing in hoofstuk 13 nie? Hier sien ons hoe hy dit prakties toepas in sy eie lewe, en met hoeveel liefde en deernis hy daardie afvallige gemeente hanteer. Wat 'n pragtige voorbeeld vir my en jou om na te volg.

Maar dit is nie net in die hantering van ‘n gemeente wat jy iemand met sulke liefde hanteer nie. Dit werk ewe goed op persoonlike vlak. Gaan probeer dit gerus uit op iemand wat moeilik, ongeskik en skuins-dwars is met jou. Jy sal baie gou agterkom dat daar wonderwerke besig is om te gebeur! Die voorwaarde is egter dat daardie “liefde” van jou nie bloot aangeplakte toneelspel moet wees nie, maar waarlik ongeveins diep uit jou hart uit kom.

Paulus pleit nou by die gemeente om tog vir Stefanus en sy huisgesin te erken as leiers in die

gemeente. Hierdie man is bereid om tot diens van die gemeente te wees, maar as hy nie aanvaar word nie, is dit tevergeefs. Met aanvaarding kan hy ‘n groot verskil maak in die gemeente. Mense soos Stefanus behoort erkentlikheid te ontvang.

Hoe dikwels sien ons nie, dat ‘n leraar, wat bereid is om absoluut alles te gee vir ‘n gemeente, groot kritiek moet verduur van sommige lidmate. Ek het dit al baie male beleef, dat daardie arme leraar net eenvoudig niks reg kan doen in hulle oë nie. Gee hom die nodige ondersteuning en erkentlikheid, en maak sy werk vir

hom ‘n plesier. Dan sal hy blom, en waarskynlik nog ‘n baie beter diens lewer in die gemeente. Natuurlik geld dit ook vir enige gemeenteleier.

In die paar slotsinne van Paulus se brief, dra hy groete oor van ander gemeentes en van bekende persone, soos Akwilla en Priscilla. Hulle het vroeër ook in Korinte gewoon. Hulle het destyds daarheen gevlug toe die Jode uit Rome verban is, maar nou het hulle hulle in Efese kom vestig. Later het hulle weer sendingwerk gedoen in Rome. Met hierdie groete wil Paulus op ‘n baie subtiele manier vir die

gemeente in Korinte laat verstaan dat hulle nie maar ‘n alleenstaande gemeente is nie, maar dat hulle deel is van ‘n baie uitgebreide groter organisasie, die gelowiges van regoor die wêreld. Hulle moet inpas in hierdie groter gemeenskap, en deel wees daarvan. So is dit natuurlik vandag nog steeds. Géén gemeente is ‘n losstaande struktuur nie! Jy is in die eerste plek natuurlik deel van die groter organisasie van jou eie denominasie, maar ook van al die ander denominasies. As gelowiges is ons almal deel van God se uitgebreide gesin, maak nie saak watter kerk jy aan

behoort nie. En so moet ons in liefde teenoor mekaar reageer. Ons moet mekaar ondersteun en onderskraag en dra in die gebed.

Ten slotte skryf Paulus self met sy eie bewerige hand die laaste sinne: “Maranata - kom Here!” Hy sug sy verwagting uit op JESUS se koms. En dan bevestig hy sy liefde vir hulle: “My liefde is by julle almal in Christus JESUS.”

**Gebed:**

**Dankie Here, vir hierdie inspirerende en opbouende brief van Paulus, en dat dit ook op my lewe ‘n invloed kan hê.**

# Deel 2

# 2 Korintiërs

# 42 Briewe aan ‘n Gemeente

## Inleiding tot 2 Korintiërs

Die vraag wat baie teoloë mekaar vra, is hoeveel briewe Paulus aan die gemeente in Korinte geskryf het? Die antwoord is eintlik heel eenvoudig: Ons weet nie! Wat ons wél weet, is dat daar beslis meer as twee briewe geskryf is, en dat 2 Korintiërs verséker nie slegs die tweede brief is nie. Nou waarom sou Paulus so baie tyd spandeer aan briewe skryf aan hierdie gemeente? Bloot omdat daar soveel probleme was, en hulle gedurig sy aandag nodig gehad het.

Alles het begin, vroeg in die jaar 50 nC toe Paulus, Silas en Timoteus vir agtien maande in Korinte gewerk het. Paulus het by Priscilla en Akwilla ingetrek. Hulle was ook tentmakers nes hy en hy het saam met hulle gewerk terwyl hy die Evangelie aan die mense van Korinte bedien het. Dit was nie maklik nie, want die Jode in die stad wou hom nie aanvaar nie. Hulle het hom só beledig, dat hy later gladnie meer in die sinagoge kon gaan preek nie. Uiteindelik het die Jode hom voor die hof gesleep. Hulle het egter druipstert daarvan afgekom, en die hele spul is uit die hof gesmyt!

Paulus en sy span het gevolglik hoofsaaklik onder die nie-Jode gewerk, en vasgebyt ten spyte van al die teenstand wat hulle van die Jode gekry het.

Pas na hulle vertrek na Sirië, het Paulus alreeds sy eerste brief geskryf om hulle te waarsku teen onsedelikheid. Die jong gemeente het hierdie brief totaal misverstaan, en toe skryf hulle ‘n brief aan Paulus, en stuur dit met ‘n afvaardiging na hom. Hulle was nie gelukkig nie!

Voor hierdie afvaardiging hom bereik, skryf Paulus egter ‘n tweede brief aan die gemeente, die bekende 1 Korintiërs, waarin

hy baie van hulle vrae reeds beantwoord. Toe hierdie beswaarde manne egter by Paulus aankom, besluit hy dat daar nou vinnig ‘n ding gedoen moet word om dinge te kalmeer in Korinte. Die jong Timoteus word afgevaardig om dinge daar te gaan regruk. Maar steeds was dinge nie lekker in Korinte nie, met die gevolg dat Paulus sélf ‘n kort noodbesoek moes gaan doen. Hierdie besoek was vir hom bitter onaangenaam, omdat hy daar grof beledig was deur iemand.

Na hierdie traumatiese besoek, skryf Paulus weereens ‘n brief

aan hulle, die sogenaamde "tranebrief." Titus moes die brief gaan aflewer. Met groot afwagting het Paulus uitgekyk vir Titus se terugkeer. Hy wou weet wat daar aangaan, en of sy brief ooit die nodige uitwerking gehad het. In sy brief vra hy onder meer dat die moeilikheidmaker kortgevat moes word.

Titus het goeie nuus gebring - die gety het gedraai in Korinte! Nou kon hulle begin werk aan die dinge wat werklik saakmaak, naasteliefde en versoening.

In ongeveer 55nC skryf Paulus hoofstukke 1 tot 9 van 2 Korintiërs as 'n versoeningsbrief.

Hy stuur dit weereens vir hulle met Titus. Hierin maak hy onder andere ook voorbrand vir ‘n kollekte wat ingesamel moes word vir die verarmde gemeente in Jerusalem. Dit wil voorkom asof dinge hierná weer versleg het in Korinte. Paulus is dus genoodsaak om ‘n paar maande later wéér 'n brief te stuur, hoofstuk 10-13 van 2 Korintiërs. Hierin skryf hy dat hy binnekort persoonlik weer ‘n besoek aan hulle sou aflê. Volgens Romeine 15:25-26 kry ons die indruk dat hierdie derde besoek van Paulus geslaagd was, en dat hy boonop ‘n goeie bydrae gekry het van hulle om na Jerusalem te neem.

Dit is só jammer dat die ander briewe van Paulus aan Korinte nie behoue gebly het nie. Maar nogtans kan ons uit die twee wat wél vir ons bewaar is, ‘n goeie prentjie vorm van die gemeente wat ons so baie laat dink aan baie van ons eie gemeentes vandag. As Paulus darem vandag vir elke gemeente moes skryf, sou hy seker ‘n vroeë dood gesterf het! Dit is egter baie belangrik dat ons uit Paulus se briewe aan Korinte moet leer oor ons eie situasie, en moet toepas waarvoor Paulus pleit.

Die eerste belangrike ding wat ons moet leer, is die toewyding

wat Paulus gehad het aan sy roeping, selfs wanneer hy beledig, teleurgestel en verwerp was. Kerkleiers moenie moed verloor nie, maar vasbyt, met die oë gevestig op Jesus, en voortgaan met ons roeping, ten spyte van!

Gemeentelede moet dééglik kennis neem van hoe om steeds meelewend te wees, en sensitief vir mekaar se omstandighede in ons moderne, voortsnellende samelewing. Ons durf nooit maar net teoreties kyk na ander se nood nie, maar ons moet prakties iets daaromtrent doen. Gelowiges

se omgee vir mekaar het beslis ook finansiële implikasies!

2 Korintiërs leer ons om ons dag se pligte na te kom volgens die eise van die Evangelie, en om uit te leef wat ons bely. Dit leer ons van dissipline, toewyding en lojaliteit, en dat onderkruipery, magsmisbruik en skinderpraatjies nie in die gelowige se woordeboek durf verskyn nie. Hierdie brief vra dus van ons 'n toegewyde geloofsverhouding met die Lewende Here!

**Gebed:**

**Here, dankie vir hierdie brief van Paulus. Help my asseblief om dit op my lewe toe te pas.**

# 43 Genade en Vrede vir Jou

## 2 Korintiërs 1:1,2

Dis November 1973. Onder my blaaie slaan die koue, klipperige grond van Potchefstroom swaar deur my slaapsak. Die grond is bitter hard en ongemaklik, as ek my op my elmboog stut. Maar vanaand dink ek nie eers oor die koue of die ongemak nie. Al wat ek in my gedagtes sien, is my geliefde. “Oor drie weke raak ons verloof,” borrel dit in my, “sodra ek uit hierdie militêre kamp kom!” In die flikkerende liggie van die paraffienlamp trek ek my skryfblok nader. Hoe begin jy ‘n liefdesbrief? Ek het nog nooit so

‘n ding in my lewe geskryf nie! Op skool het hulle my geleer van sakebriewe, nie liefdesbriewe nie! “My liefste,” begin ek. “Ons het maar so pas in Potchefstroom aangeland, en ek verlang my klaar morsdood na jou!” ‘n Klip onder my elmboog steek pynlik, maar ek voel dit skaars. Die enigste ding in my gedagtes, is die groot liefde van my lewe. En dan stort ek my hart uit, ál my verlange op die stukkie papier.

Tóé was pen en papier die enigste manier van kommunikasie! In Paulus se tyd was dit nog erger: géén telefone, selfone, whatsapp of e-pos nie.

Selfs nie eers ‘n posdiens nie! As Paulus dus sy brief aan die gemeente in Korinte begin skryf, moet hy baie seker maak dat elke woord perfek is, want iemand sal dit persoonlik moet gaan aflewer, en dit gaan daardie persoon weke se reis neem.

“*Van Paulus,*” dikteer hy. Hy sukkel om te sien, want sy oë is maar swak, en sy handskrif laat véél te wense oor. Dus moet iemand maar sy skryfwerk doen, iemand wat mooi kan skryf. En die ontvangers moet boonop wéét dat hy hierdie moeilike brief nie op eie gesag skryf nie, maar op gesag van God. Die Heilige Gees

het dit op sy hart gelê! "'*n apostel van Christus Jesus deur die wil van God,*" gaan hy dus voort. Ja, nie almal aanvaar sy apostelskap nie, maar hy is vas oortuig dat hy baie beslis 'n gevolmagtigde gesant van Jesus Christus is! Het Jesus hom dan nie Persoonlik aangestel daar op die pad na Damaskus nie? Dáár het hy alreeds die opdrag van Jesus ontvang om te doen wat hy vandag doen! Nee, hy is nie deur 'n mens aangestel nie, maar deur God self!

Boonop skryf hy darem ook nie hierdie brief op sy eie nie. Timoteus lewer ook sy insette!

Liewe Timoteus, wat sal hy tog sonder hom doen? Elke keer as daar iewers probleme is, kan hy maar net op die jong man se knoppie druk om te gaan regmaak. Eendag gaan hy nog vir Timoteus aanstel as ‘n leraar iewers in ‘n gemeente. Ja, Timoteus was saam met hom toe hulle die gemeente in Korinte gestig het. Daardie mannetjie het hard gewerk daar in Korinte. Dalk sal dit nie ‘n slegte idee wees om vir Timoteus te stuur om persoonlik hierdie brief te gaan aflewer nie. Dan kan hy mos sommer ook dinge weer ‘n bietjie gaan regruk waar dit nou besig is om hééltemal skeef te loop. Of

wat van Titus? Ja, Titus is miskien eerder die regte een om die brief te gaan aflewer.

"*Skryf daar by: en van die broer Timoteus.*" beduie Paulus aan sy sekretaris.

"*Aan die gemeente van God in Korinte,*" dikteer hy voort, as die sekretaris hom in afwagting aankyk. Inderdaad is dit God se gemeente, al is daar so baie probleme. Soms wil dit amper lyk asof hierdie gemeente gladnie aan die Here behoort nie, maar Hy het 'n wonderlike doel met hulle, en keer op keer moet Paulus maar net weereens sien hoedat die Here voorsien en

hoedat Hy hulle weer optel, elke keer wanneer hulle geval het. Maar belangriker nog, is die feit dat hierdie gemeente, met al hulle gebreke, afgesonder is vir God. Hulle is almal heiliges, toegewy aan die Here. Is dit nie uiteraard maar wat die kerk is nie? O hoe groot is God se genade nie! As dit bloot menslik was, sou die gemeente al hóéka uitmekaar geval het. Maar deur God se groot genade het hulle behoue gebly, en dit lyk amper of hulle darem nou weer op pad is in die regte rigting.

Paulus onthou skielik van al die ander gemeentes rondom

Korinte: "*en aan almal wat aan die Here behoort in die hele Agaje.*" Almal moet die brief lees, nie maar net hierdie enkele gemeente nie. Die ander gemeentes moet óók kennis neem, want dit is mos nie hy, Paulus wat die brief skryf nie. Hy skryf dit mos in opdrag van God, van die Heilige Gees wat hierdie gedagtes op sy hart lê!

"*Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!*" Inderdaad "Genade" vir die Grieke en "Vrede" vir die Jode! So begin hierdie tydlose brief, wat vandag nog steeds vir elke gemeente

uiters relevant is, nie net dié van Korinte nie. Omdat dit deur die Heilige Gees geïnspireer is, is die brief persoonlik aan my en jou ook gerig, en móét ons ter harte neem wat Paulus skryf. As hy dus vir my en jou vanoggend genade en vrede toebid, dan beteken dit dat ons dit maar ons eie kan maak.

Mag daardie wonderlike genade van die Here, en die vrede wat alle verstand te bowe gaan, vandag joune wees, en mag jy dit baie duidelik ondervind, elke oomblik van die dag.

**Gebed:**

**Here, dankie vir hierdie wonderlike brief, en dat dit vir my persoonlik bedoel is.**

# 44 Bemoediging

## 2 Korintiërs 1:3-11

Die sentrale tema van Paulus se brief kan dalk wees: **God is getrou en Hy gee ons moed, selfs wanneer ons ly of in die moeilikheid is**. Hierdie gedagte kom helder en duidelik na vore in die aanhef van die brief.

Dit is nie maklik om iemand te bemoedig as jy nie ook sélf al swaarkry in die lewe beleef het nie. Om ‘n voorbeeld te noem: probeer om iemand wat onlangs ’n lewensmaat verloor het, vertroos. As jy nie al self deur daardie pyn gegaan het nie, kan jy mos nie vir daardie persoon sê

dat jy weet hoe sy voel nie? Hoe weet jy? Daardie pyn, eensaamheid en groot gemis is iets waarvan jy slegs kan praat as jy dit al sélf ondervind het. En dieselfde geld vir swaarkry, angs en doodsgevaar. Hoe bemoedig jy iemand in so ‘n situasie, as jy nie al self daardeur was en dit ondervind het nie?

Paulus is baie beslis die regte persoon om oor hierdie soort dinge te praat, want hy was deur die meule. Ons kan dus nie sê: “Hy is ‘n mooi een om te praat - wat weet hy van ons moderne moeilikheid af?” nie. Paulus het deur baie dieper waters gegaan

as wat enigeen van ons óóit sal ondervind!

Toe Paulus die dag vir Jesus by Damaskus ontmoet het, het hy eensklaps álles wat hy in die lewe gehad het, verloor. Onthou, hy was ‘n vooraanstaande Fariseër wat in hoë kringe beweeg het, en hy het sékerlik baie invloedryke vriende gehad. Toe hy skielik ‘n Christen word, los al hierdie vriende hom soos ‘n vrot lap. Hy verloor sy inkomste, want hy het ‘n lewe gemaak deur Christene te vervolg, en hy is sékerlik betaal vir hierdie “edel” diens. Nou sit hy op straat, sonder vriende en sonder ‘n inkomste. Die Christene

hardloop weg as hulle hom sien, want hoe kon hulle hom vertrou? Paulus moes letterlik vlug vir sy lewe.

Wanneer hy uiteindelik na etlike jare die Christene se vertroue wen, word hy na die heidenwêreld gestuur. Daar jaag die Jode hom weg omdat hy ‘n Christen is, en die heidene wil hom doodmaak omdat hy hulle godsdiens probeer omvergooi. Hy beland keer op keer in die tronk. Hy word gegésel, met klippe gegooi, en leef gedurig onder doodsdreigemente. Boonop sink sy skip ‘n paar keer onder hom,

en is dit net ‘n wonderwerk dat hy nie nog versuip ook nie.

Deur al hierdie teenstand, moet ons onthou dat daar geen moderne vervoerstelsels was nie, en dat Paulus duisende kilometers te voet moes aflê, dikwels deur baie gevaarlike of onherbergsame dele van die wêreld. Hy moes honger, dors, koue en hitte trotseer, en hy moes sékerlik baie nagte op die harde grond onder die sterre slaap. Maar dalk was die héél moeilikste vir Paulus sy persoonlike lewe. As gebore Fariseër wat grootgeword het met die Joodse wette en tradisies, moes hy leer om met

heidene saam te leef en sy tradisies en alles wat vir hom saakgemaak het en kosbaar was, prys te gee. Van swaarkry kon jy Paulus niks vertel nie! Ek dink nie ons héél ergste swaarkry of moeilikheid kan eers vergelyk met sy beste dae nie!

Daarom kan Paulus uit ondervinding praat wanneer hy mense bemoedig. Hy was daardeur, en hy weet waarvan hy praat.

Maar wat sê Paulus? Hy begin nie met ‘n klaaglied nie, maar ‘n lofprysing! Hoe begin my gebed? Dikwels met ‘n klaaglied oor ons omstandighede, en net vir die wis

en onwis, gooi ons hier aan die einde ‘n halfhartige lofprysinkie in. Paulus het egter agtergekom waar sy hulp vandaan kom, en daarom kan hy nie anders as om God te loof omdat Hy die Een is wat bemoediging en krag gee. Hy dra Paulus deur al sy moeilikhede. En ons? Ons kla dikwels omdat ons dink dat God dalk nie ons gebed verhoor nie! Kom ons begin ‘n slaggie die positiewe raaksien, en loof Hom daarvoor!

Beteken dit dat as ons anders begin bid, dat al ons omstandighede gaan verander? Gaan ons probleme soos mis

voor die son verdwyn met die een of ander wonderwerk?

Dit is nie wat Paulus sê nie. Natúúrlik is niks vir God onmoontlik nie, maar die groot ding is dat ons kan wéét dat Hy ons sal bemoedig en versterk om staande te kan bly, selfs deur die grootste van moeilikhede en beproewinge en lyding. Paulus skryf dat hulle lyding ver bo hulle kragte was, só asof die doodsvonnis klaar uitgespreek was oor hulle. Verskriklik! Nogtans kon hy deur alles heen steeds God se trou en liefde baie intens ervaar.

Paulus besef dat sy probleme gebeur sodat hy sy totale afhanklikheid van God keer op keer sal besef. Dit is alleen die Here wat hom kan red. En óók vir óns!

Maar daar is ook ‘n ander baie belangrike saak wat ons beslis moet onthou, en dit is om vir mekaar as gelowiges te bid. Ek het al dikwels persoonlik deur baie diep waters gegaan, maar die wete dat daar soveel mense was wat vir my gebid het, het my laat sweef op ‘n wolk van geloof. Gelowiges het mekaar bitter nodig.

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek vanoggend kan weet dat U my op die hande dra deur al my beproewinge.**

# 45 Kritiek

## 2 Korintiërs 1:12-2:4

As gemeentelede maak ons onsself dikwels baie skuldig aan onnodige kritiek, sonder dat ons die ware agtergrond besef. Omdat ek self nie ‘n predikant is nie, dink ek dat ek hierdie onderwerp beslis maar mag aanroer. Die eerste plek waar ‘n prediker kronies aangeval word, is sy preke. Ek het al dikwels oopmond geluister as ‘n arme prediker se boodskap uitmekaar getrek word. “Hy herhaal te veel”, word soms gesê. (Dalk moes hy daardie gedagte nóg ‘n paar keer herhaal het, want dit het steeds

nie by die hoorder ingesink nie!) Ek het al die argument gehoor, dat ‘n sekere leraar net oor liefde en genade preek, en gans te min oor sonde. Die hoorder wou ‘n regte, egte Hel-en-Vuur preek gehad het! En wanneer die leraar die dag oor sonde preek, dan is dit óók nie reg nie, want dan begin dit bitter persoonlik raak.

En dan is daar die mense wat vir die prediker wil voorskryf waaroor sy preek die volgende Sondag moet handel. Baie duidelik verstaan hulle nie hoe ‘n preek werk nie. Kom ek probeer verduidelik: ‘n Prediker sonder hom af in gebed en vra dan die

Heilige Gees om hom te lei in sy voorbereiding vir die preek. Die boodskap wat hy gaan oordra is nie noodwendig wat mense graag wil hoor nie, maar mag niks anders wees as ‘n boodskap van God nie. Daarom is dit van uiterste belang dat die prediker in volle afhanklikheid van die Here, nie alleen die preek sal voorberei nie, maar ook die onderwerp kies. As die Heilige Gees hom dit op die hart lê om oor liefde en genade te preek, dan sal hy ongehoorsaam wees as hy besluit om eerder oor iets anders te preek. Aan wie moet jy meer gehoorsaam wees, mense of die Here?

‘n Tweede terrein waar predikers met die sweep bygekom word, is dikwels die aantyging dat hulle nie hulle werk doen nie. Hierdie vinger word gewoonlik gewys sonder dat die persoon hom vergewis van die ware omstandighede. Kom ons wees nou maar eerlik met mekaar: ‘n leraar is nie ‘n super-mens nie! Hy is ‘n doodgewone mens wat geregtig is om 5 dae per week en 8 uur per dag te werk. Nie één van ons, buiten die werkslawe, is bereid om meer te doen nie. Kom ons begin by die preek: Voorbereiding vir ‘n preek neem gewoonlik tussen 20 en 30 uur per week, dus byna 4 werksdae.

Die vyfde dag moet hy inruim om hospitaalbesoek te doen by hospitale wat dikwels wyd verspreid is, hy moet vergaderings bywoon, preek, kategese hou, krisisbesoeke doen, sinodale verpligtinge nakom, administratiewe sake in die kerkkantoor afhandel, begrafnis hou en nog baie meer. En dan word daar van hom verwag om boonop in daardie dag ook tyd in te ruim om deur die jaar by 500 besoekpunte huisbesoek te gaan doen. Mag ek dit nou maar baie kategories stel: Dit is menslik totaal onmoontlik! Ek het 'n insiggewende stukkie geskryf om te illustreer wat in 'n

leraar se dag ingaan. Lees dit gerus by **http://bit.ly/Dominee**

Ek dink Paulus het dikwels ook maar moedeloos geraak, want hy moes kritiek verduur van nie net een nie, maar talle gemeentes wat hy en sy medewerkers oor ‘n klompie jare gevestig het. Hy staan steeds pa vir elke gemeente, en hy neem hulle probleme persoonlik op. Hoe Paulus dit kon regkry, is ‘n wonderwerk.

Hier sit hy nou juis weer met ‘n reuse kopseer, met die gemeente in Korinte. Dinge gaan nie lekker daar nie, en dan het die gemeentelede boonop nog die

vermetelheid om hom te kritiseer en sy werkmetode te bevraagteken. Hy het dan nou belowe dat hy hulle sou kom besoek, en toe doen hy dit nie. Waarom? Hy versuim sy pligte! Waarom kom doen die Dominee nie by my huisbesoek nie? Hy versuim sy plig! Werklik? Boonop verstaan hulle nie alles wat Paulus skryf nie. Hy beter maar persoonlik kom verduidelik, as hy weet wat goed is vir hom!

Paulus verduidelik dat hy opgetree het met openhartigheid en eerlikheid wat van God kom. Boonop durf hy hom nie deur mense se wysheid laat lei nie,

maar alleen deur die genade van God (v 12). "*Ek hoop net julle sal ons eendag heeltemal verstaan,*" sug Paulus.

Paulus word beskuldig van wispelturigheid en onbetroubaarheid, omdat hy nie die gemeente besoek het soos belowe nie. Wanneer hy hulle hieroor antwoord, gaan soek hy eers die fout by homself. Was hy dalk oorhaastig? Of as gevolg van menslike oorwegings? Maar dan kom hy tot die gevolgtrekking dat hy geluister het na die Here, want as hy die voorgenome besoek gemaak het, sou hy nie

die wil van die Here gedoen het nie.

Die Here se boodskap hieruit vandag aan jou en aan my, is dat ons baie mooi moet dink voordat ons sommer wild begin kritiseer. En dan wil ek sommer byvoeg, dat dit nie net oor die leraar gaan nie, maar ook in die algemeen. Vergewis jou eers dééglik oor die omstandighede voordat jy beskuldigings begin rondgooi. Maar dan is daar ook ‘n tweede faktor wat ons in gedagte moet hou: wat is die wil van God? Wie van ons durf vir die Here voorskryf wat Hy moet doen en wat nie, en wat Hy vir ons mag sê

en wat nie? Hy is immers die HERE!

**Gebed:**

**Here, plaas asseblief ‘n wag voor my mond, en laat my tweekeer dink voordat ek kritiek uitspreek.**

# 46 Jesus se Wierook

## 2 Korintiërs 2:5-17

Die geur van wierook is vasgevang in my geheue vir altyd. ‘n Onthou-geur wat my gedagtes terugneem na ‘n besoek aan Durban se Oosterse Mark in my kinderdae.

So ‘n Oosterse mark is ‘n wonderwêreld van speserye en kruie, van rye en rye bont stalletjies met kleurvolle fyn materiale en eksotiese vrugte, en van oorgretige verkoopsmanne met ‘n ongekende oorredingsvermoë. En dan natuurlik daardie geur van

wierook wat swaar in die lug hang.

Maar nie almal is ewe gek na wierook nie. Baie mense kan die reuk daarvan nie verdra nie. Vir sommige mense gee dit hooikoors of asma, en voel dit of hulle wil doodgaan van daardie einste nostalgiese geur.

En dit is presies waarvan Paulus hier praat as hy in 2 Kor 2:15 skryf dat ons as gelowiges soos wierook is. Ons versprei die geur van Christus wanneer ons geloof brandend is. Vir sommige mense is daardie geur iets wat hulle laat verlang om ook deel te wees van die kerk van Jesus. Maar

ongelukkig is daardie selfde geur vir ander mense weer ‘n walglike doodsreuk. Dit is die mense wat maar ál te deeglik besef dat Jesus die enigste Weg is, maar met sulke beuselagtighede soos geloof wil hulle nie hulleself ophou nie. Die ewige dood is hulle voorland, maar die prys om te betaal vir verlossing is net eenvoudig te groot! Die geur van Christus spel vir hulle “DOOD”.

Maar nou loop ek eintlik vandag se Skrifgedeelte vooruit. Die hele aanloop tot die wierook-storie het begin by sekere gemeentelede in Korinte wat vir Paulus en die ander gemeentelede baie

droefheid veroorsaak het, moeilikheidmakers wat die lewe vir almal versuur het. Die probleem is: hoe hanteer jy sulke korrelkoppe?

Met groot liefde! Natuurlik kan jy dit nie sommer maar net sy gang laat gaan nie. Die pitsweer moet uit die weg geruim word, anders gaan dit die ganse gemeente verteer. Die probleem moet uitgestryk word met die persoon, maar dan is die groot geheim dat jy hom vergewe en daarvan vergeet. Jy durf dit nie nog vir die volgende paar jaar teen hom hou nie. Paulus was bitter seergemaak deur hierdie situasie,

so kan ons aflei. Maar hy het die persoon (of persone) alreeds vergewe, en nou vra hy die gemeente om dieselfde te doen. Maar dit is nie net om te vergewe nie. Daardie persoon moet met hartlikheid weer in die gemeente opgeneem word. “**Vergewe en bemoedig,**” pleit Paulus, “**en bewys liefde aan hom**” (v. 7 en 8). Om kwaad te bly vir die man, sou beteken dat jy eintlik die planne van die duiwel uitvoer, en dit wil géén gelowige doen nie!

Wat Paulus aan die Korintiërs skryf, geld natuurlik presies net so vir ons vandag. Ek het al te dikwels gesien dat die gemeente

vir ‘n persoon kwaad bly en hom net eenvoudig nie wil vergewe nie, of nog erger, nalaat om die saak met hom uit te klaar. Miskien is die leiers te bang vir konfrontasie om met hom te praat. Ek is self daar skuldig, want ek kan konfrontasie net eenvoudig nie hanteer nie - een van my swakhede. Uiteindelik sneeubal die ding dan, sodat die gemeente in twee verdeel word. As dit eers so ver gegaan het, is dit bitter moeilik om die situasie te ontlont. Aan die ander kant het ek ook die resultate gesien, van ‘n sweer wat oopgesteek en uitgepraat word.

‘n Moeilikheidmaker het gewoonlik ‘n baie sterk persoonlikheid, en as hy in liefde weer in die gemeente ingetrek word, kan hy van onskatbare waarde vir die gemeente wees. Kry hom dus eerder aan jou kant as teen jou!

As hierdie soort dinge eers in ‘n gemeente begin gebeur, en die hegte bande van liefde wat die gemeente aanmekaar bind, word sigbaar buite die gemeente, dan is jy besig om die heerlike geur van Jesus te versprei.

Iemand vertel my van ‘n Moslem vrou wat tydens 'n uitreik na Jordanië na haar toe gekom het.

Die vrou het die opmerking gemaak, dat hierdie Christen-uitreikgroepe almal so verfrissend anders is. Hulle liefde vir mekaar is só opmerklik!

Sondagoggende na die erediens, staan die lidmate van ons gemeente vir baie lank nog en gesels en koffie drink, en dikwels moet jy sukkel om hulle weg te kry. Waarom? Omdat die geur van liefde en eenheid versprei word. Dikwels is hier besoekers van elders, en dan kuier hulle heerlik saam, en voel hulle dadelik deel van die "gesin." Dit is die soort wierook waarvan Paulus skryf.

Ek wil vanoggend vir jou vra: hoe welkom voel mense by jou gemeente? Mense het al dikwels vir my gesê dat hulle nie lekker kuier by hulle eie kerk nie. Hoe kry jy dit reg om mense as ‘n gesin saam te laat kuier en so die gemeenskap van die heiliges te laat be-oefen? Bid saam met ‘n paar vriende oor die saak, en neem dan ‘n besluit om een Sondagoggend net te staan en lekker gesels. Trek ander van buite in deur julle hartlikheid, en weldra sal daar sommer ‘n heerlike groep wees wat hulle liefde met mekaar deel en so die wierook van Jesus versprei.

**Gebed:**

**Here, ek wil graag U liefde versprei aan almal met wie ek in aanraking kom.**

# 47 Brief vir Jesus

## 2 Korintiërs 3:1-3

Gister se Skrifgedeelte wil jou amper die indruk gee dat Paulus besig is om sy eie stert te prys. Hy skryf byvoorbeeld: **“Ons is nie soos ander wat geld maak uit die Woord van God nie,”** en dan gaan hy voort om te vertel dat hy die Woord in opregtheid en verantwoordelikheid verkondig in opdrag van God. Klink dit dalk ‘n bietjie verwaand? Ek dink Paulus het sélf vermoed dat dit daardie indruk kon skep, en daarom is hy baie vinnig om te vra: **“Begin ons onsself aanprys?”** (2 Kor 3:1).

Ons het Paulus leer ken as iemand wat uiters uitgesproke is, en beslis nie doekies omdraai nie. Hy sê ‘n ding soos hy glo dat dit gesê moet word. En as hy glo dat hy ‘n voorbeeld stel, dan sê hy dit ook. Maar hy wil glad nie die indruk probeer skep dat hy homself aanprys nie. Die enigste ding wat werklik vir hom van belang is, is die evangelieverkondiging. Hierdie saak is egter só nóú vervleg met sy eie lewe, dat sy lewe waarlik ‘n voorbeeld is van hoe dit gedoen moet word. Ek dink dat Paulus met reg kon glo dat hy reg was om sulke stellings te maak! Hy

was immers in sy hart oortuig dat hy reg was.

Wanneer jy aansoek doen vir ‘n betrekking, is die eerste ding waarvoor jou voornemende werkgewer gewoonlik vra, ‘n aanbevelingsbrief, oftewel ‘n CV. Daardie dokument word nie deur iemand anders opgestel nie, maar deur jouself. Kyk, ek het al CV’s onder die oog gehad wat my laat lê het van die lag! Die manier waarop sommige mense hulle eie sterte prys, en vertel van hoe wonderlik hulle nou eintlik is, kan skreeusnaaks wees. Die tragiese is dat ‘n CV deesdae totaal sy waarde verloor het, juis as gevolg

van hierdie tendens om ‘n CV so wonderlik in te kleur. Wat is die waarheid?

Dieselfde gaan oor getuigskrifte. Al te dikwels word ‘n persoon só opgehemel in ‘n getuigskrif, dat hy totaal onherkenbaar word. Die getuigskrifte wat ek in my Matriekjaar gekry het, het my so kort deuskant ‘n engeltjie beskryf!

In kort: CV’s en getuigskrifte het totaal waardeloos geword. As Paulus vandag vir ons die vraag sou vra, of dit dan nou nodig is dat hy eers sy CV moet stuur voordat ons na hom luister, wat sou ons reaksie wees?

As Curt Darren vanaand in jou dorp sou optree, dink jy dat dit nodig sou wees dat hy eers sy CV in die dorp gaan uitdeel? Daarin sal dalk staan van hoeveel CD’s hy in sy loopbaan verkoop het, hoeveel keer hy reeds opgetree het en hoe gewild hy is. So ‘n CV sou dalk ‘n klompie mense lok. Maar hy het nie ‘n CV nodig nie, want sy charisma en verhoogpersoonlikheid loop hom ver vooruit. Mense kyk by sy foute verby en sien die kunstenaar daaragter, en hulle stroom na sy vertonings toe. Hy ís sy eie CV en getuigskrif!

Op dieselfde wyse het Paulus se hele lewenswyse hom vooruit geloop. Hy het nie aanbevelingsbriewe nodig gehad om die Evangelie te mag verkondig nie. Maar dit gaan nie oor Paulus nie, maar die lesers van hierdie brief. Hy wil dit op die hart druk van elkeen wat die brief lees, om ook so ‘n lewende getuigskrif te wees. **“Julle is ‘n brief van Christus”**, skryf Paulus, **“geskryf met die Gees van die lewende God, nie op klip nie, maar op die harte van mense”.**

Die vraag vanoggend, is hoe ons eie brief lyk? Wat lees die wêreld

daar buite as hulle ons brief kom oopmaak? Dalk moet ons ‘n slaggie gaan stilsit en ons eie brief ‘n bietjie deurlees. Kyk vir spelfoute, lelike woorde en kolle waar die inkpot omgeval het.

Die héél eerste ding waarna ons moet kyk, is wie die outeur is van ons lewensbrief. Is dit waarlik Jesus? Of het die duiwel ook ‘n paar reëls ingeskryf? As die duiwel sy pen op my briefie kom rondswaai het, dan gaan daar dinge soos norsheid, liefdeloosheid, woede, onvergewensgesindheid, skinder, kwaadpraat, selfsug, hebsug en al daardie vieslike goed, iewers in

my lewe te voorskyn kom. Enigiemand wat daardie dinge in my brief lees, gaan dadelik weet dat Jesus nie op my lewenstroon sit nie. Snaaks hoe een enkele vuil kol op ‘n brief, die ganse brief bederf, al is hy in die mooiste skoonskrif geskryf. En hoe mooier die brief is, hoe leliker staan daardie kol uit. Dit is ‘n waarskuwing aan persone wat baie naby aan die Here leef, om soveel méér nougeset te lewe, anders bemors hulle hulle lewensbrief.

Wat behoort op ‘n gelowige se lewensbrief geskryf te staan? Liefde, vriendelikheid, vertroue op

God, liefde, omgee vir ander, liefde, meelewing met ander se nood, ‘n passie vir die Evangelie, liefde, eerlikheid, selfopoffering, liefde, borrelende blydskap - selfs in moeilike omstandighede, liefde. Het ek dalk vergeet om liefde te noem?

Hoe lyk my lewensbrief? Is dit nodig dat iemand eers ‘n aanbevelingsbrief skryf oor my? Ek wil jou graag uitnooi om saam met my hieroor te gaan bid. Kom ons hou 'n slaggie behóórlik introspeksie en maak reg waar dit skeef is.

**Gebed:**

**Here, my lewensbrief het soveel liederlike inkkolle op. Help my asseblief om dit mooi skoon te kry.**

# 48 Die Nuwe Verbond

## 2 Korintiërs 3:1-6

Die arme Paulus het ‘n verbete stryd gevoer, nie teen heidene nie, maar teen sy eie volksgenote. In die eerste plek was daar natuurlik die Jode wat steeds aan die Joodse geloof vasgehou het. Hierdie mense het Paulus, wat eens op ‘n tyd sélf ‘n vurige Fariseër was, beskou as ‘n verraaier, en by verskeie geleenthede wou hulle hom doodmaak omdat hy die wet van Moses minag. En dan was daar ook ‘n tweede groep, die Jode wat die Christelike geloof aangeneem het, maar steeds bly

vasklou het aan die ou Joodse tradisies en die wet. Hulle het steeds vereis dat die besnydenis ‘n voorvereiste is vir ‘n geloofslewe, en dat die reinheidswette stiptelik nagekom moes word. Hulle wou selfs die heidene wat tot geloof in Jesus gekom het probeer dwing om hierdie vereistes na te kom. In Handelinge sien ons die vurige debatte wat gevoer is oor hierdie vraagstuk. En dit wat ons in Handelinge lees, is maar net die puntjies van die seekoei se ore. Daar was dae om gebaklei oor hierdie netelige vraagstuk.

Uiteindelik het die “sinode” ‘n besluit geneem hieroor in ‘n groot vergadering in Jerusalem. Hulle het ooreengekom dat die heidene wat tot geloof kom in Jesus nie onder die las van die wet van Moses geplaas moes word nie. Hulle is immers nie Jode nie. Maar nie almal was hiermee gelukkig nie, en steeds was daar, baie jare daarna, nog steeds bittereinders wat die wette in almal se kele wou probeer afdruk. Dit het die arme heidene verwar, en hulle het nie geweet watter kant toe nie.

Paulus probeer nou om te verduidelik. Omdat hy self ‘n

Fariseër was, ken hy hierdie dinge baie goed, en hy weet presies hoe hulle koppe werk. As Fariseër is dit in hom ingedril dat jy die wet tot op die naaste tittel en jota moet nakom, en as jy dan boonop ‘n afstammeling van Abraham is en besny is, dan sál jy die saligheid kry. Eintlik het die Fariseërs die hele ding nog ‘n stappie verder geneem, en ‘n hele rits wette gemaak wat sou keer dat jy nie miskien per ongeluk ‘n sekere wet sou oortree nie. Hulle het bepaalde gebedstye gehad en gebedsrieme. Die wet is in ‘n houertjie teen hulle voorkop vasgebind. Ja, selfs dinge wat

figuurlik bedoel was, het hulle letterlik uitgevoer.

“Die letter maak dood, die gees maak lewend,” skryf Paulus, en hy weet presíés waarvan hy praat! Dit gaan nie oor die uiterlike handelinge nie, maar oor dit wat in jou hart geskryf is. Paulus praat van die wet wat destyds op kliptafels uitgekap is deur die hand van God. Harde, rigiede wette wat nagekom moes word. Daardie tyd was dit baie nodig, want dit moes die Israeliete, wat vir honderde jare in heidendom gelewe het, ‘n riglyn gee om ná te volg. In die nuwe bedeling moet hierdie wette nie

op klip nie, maar in gelowiges se harte geskryf wees.

Nou gaan ek ‘n ding sê waaroor baie gelowiges my dalk gaan stenig: In die geloof gaan dit nie meer oor die nakom van die Tien Gebooie nie. Is jy geskok? Die Tien Gebooie is negatief: jy mag nie dít nie en jy mag nie dát nie. As jy hierdie gebooie nie stiptelik nakom nie, sê sommige mense, is jou paadjie reguit hel toe! Nee, dit is nie waar nie!

Wat het Jesus gesê? Hy het gesê dat daar twee belangrike riglyne in jou lewe moet wees: Wees lief vir God, en wees lief vir jou medemens. Hierdie is ‘n

positiewe wet. Wat beteken dit? As jy waarlik liefde vir God in jou hart het, sal jy beslis nie Sy heilige Naam misbruik, soos wat dit deesdae so hoogmode geword het nie. Kyk maar enige fliek, en tel ‘n bietjie hoeveel keer die Here se Naam misbruik word vir elke liewe dingetjie. As jy die Here waarlik liefhet, sal jy Hom eer bo alles en almal, en sal ander gode nie meer ‘n plek in jou lewe hê nie. Ander gode? Dinge soos om ‘n afgod te maak van sport, geld, kos of enigiets. As jy Hom waarlik liefhet, sal jy Hom vir alles in jou lewe vertrou. Dan sal jy ‘n lewende verhouding met Hom hê.

Wat van jou medemens? As jy jou medemens liefhet, sal die gebooie wat aan Moses gegee was outomaties deel van jou lewe wees. Dan sal liefdelose handelinge soos diefstal, egbreuk en doodslaan beslis nie in jou woordeboek voorkom nie. "Doodslaan" het eintlik 'n baie wye betekenis: dit is om jou medemens op enige manier seer te maak, nie net deur jou dade nie, maar ook deur jou woorde. Om te skinder of kwaad te praat van iemand, is jy eintlik besig om hom geestelik dood te slaan. En dan die aaklige een: begeertes! O ja, daar is óók goeie begeertes, soos om nader aan Jesus te leef.

Maar daar is ook slegte begeertes, en dit is húlle wat lei tot allerhande liederlike sondes wat mense bitter seer kan maak. As daar waarlik liefde in jou hart is, sal daar nie plek wees vir hierdie begeertes nie, en sal jy ook outomaties jou ouers sowel as ander ouer mense respekteer en aan hulle die eer gee wat hulle toekom.

So, as ek sê dat dit nie gaan oor die nakom van die gebooie nie, dan wil ek eintlik hiermee sê dat met liefde, jy outomaties die gebooie gaan nakom. Dit gaan in jou hart geskryf wees, en jy gaan dit uitleef.

**Gebed:**

**Here, gee my asseblief baie meer liefde in my hart, en leer my om dit waarlik uit te leef.**

# 49 Die Ou en Nuwe Bedeling
## 2 Korintiërs 3:7-18

Het jy al gewonder oor die Ou en Nuwe Bedelings? Ons, die Christen-gelowiges leef vandag in die Nuwe Bedeling. Paulus probeer met beeldspraak hier die verskille verduidelik.

Die Ou Bedeling (Ou Testamentiese tyd) het natuurlik ‘n baie lang aanloop gehad. Dit het begin met Adam en Eva, waar die Here ‘n verbond met hulle gesluit het in die Tuin van Eden. Dit het oorgegaan na Noag, Abraham en Jakob. Maar die Ou Bedeling het waarlik eers sy piek bereik met Moses.

In Egipte het die Jode vir die eerste keer waarlik ‘n volk geword. Oor ‘n tydperk van ‘n paar honderd jaar het hulle aangegroei van ‘n klein handjievol kinders van Jakob tot 3½ miljoen mense. As ons tussen die lyne lees, wil dit voorkom asof hulle geloof totaal afgestomp was deur die oorweldigende afgodediens van die Egiptenare. Hulle het nie meer geweet wat reg en verkeerd was nie, en baie van hulle het waarskynlik nie eers meer geweet wie God is nie. Daarom dat Moses met sy eerste ontmoeting met die Here by die brandende doringbos vir Hom vra, hoe hy vir die volk moes verduidelik, Wie

hierdie God is wat hom gestuur het - wat is Sy Naam?

In opdrag van die Here, het Moses die volk uitgelei tot by die berg Sinai, daar waar Hy die Here aanvanklik ontmoet het. Hier sou die volk waarlik die heerlikheid van God aanskou, en sou hulle geloof, wat tot dusver maar op krukke geloop het, versterk word. Vir die volk was hierdie aanskoue van die Heilige God ‘n skrikwekkende groot ervaring. Hulle het Hom nou wel nie self gesien nie, maar net Sy heilige teenwoordigheid ervaar, maar dit was al klaar te veel vir hulle, en

Moses is gestuur om God op die berg te gaan ontmoet.

Vir Moses moes hierdie ‘n geweldige, onbeskryflike ervaring gewees het. Hy het nie net alleen met die Here verkeer nie, maar God het ook hier vir hom die wet gegee het om aan die volk oor te dra. Onthou, die volk het nie geweet wat reg en wat verkeerd is nie, en hulle moes van vooraf geleer word hoe jy moes optree teenoor mekaar en teenoor die Here. Vir die volk was dit die begin van ‘n totale nuwe tydvak, waar hulle soos babas van vooraf moes leer loop in die geloof.

Vir Moses was die hele ervaring só groot, dat sy gesig eintlik geskitter het. Dit het die mense bang gemaak om na hom te kyk, en uiteindelik was Moses verplig om ‘n sluier te dra. Moses was in ekstase, en die volk was ook op 'n groot hoogtepunt.

Dit het egter nie baie lank gehou nie, en geleidelik het hierdie wonderlike ervaring begin verflou. Moses se gesig het nie meer so gestraal nie, en omdat hy bang was dat die volk sou agterkom dat hy nie meer hierdie glans met hom saamdra nie, het hy eenvoudig aangehou om die sluier te dra. Vir die volk was die

wet aanvanklik ‘n riglyn oor hoe om te lewe en hoe om God te dien. Oor die jare wat gevolg het, het dit egter vir die meeste Jode eerder begin gaan oor die onderhouding van die wet ter wille van die wet. Hulle het die doel daarvan totaal misgekyk.

Die vraag wat dikwels gevra word, is of God dan ‘n fout gemaak het met die wet? Nee, beslis nie! Moses en die wet het ‘n bepaalde plek en betekenis gehad in die geskiedenis van die mens. Dit was egter ‘n tydelike maatreël, iets van verbygaande aard. Dit moes die weg voorberei vir daardie groot gebeurtenis van

verlossing wat aangebreek het met Jesus. Jesus se koms as Verlosser was natuurlik alreeds beplan, baie millennia voor Moses.

Saam met Jesus se Verlossingsdaad het daar egter iets anders gebeur van uiterste belang: die uitstorting van die Heilige Gees. Hierdie twee gebeure het eensklaps die Ou Bedeling tot ‘n einde gebring, en ‘n totale Nuwe Bedeling tot stand gebring. Daar is twee aspekte betrokke by hierdie bedeling: eerstens natuurlik Jesus se verlossing. Soos ons as gelowiges almal deeglik van

bewus is, is Jesus die enigste Weg na God en na die saligheid.

Maar wat dan van die wet? Is dit nou gladnie meer nodig om die wet te onderhou nie? Dit is waar die tweede aspek inkom - die Heilige Gees. Omdat Hy nou deel is van elke gelowige se lewe, is Hy die Een wat die wet in ons harte skryf. Nou is dit ook nie meer die rigiede wette wat Moses aan die volk moes voorhou nie, maar soos ons in die vorige dagstukkie gesien het, die wet van liefde. Die Heilige Gees lei ons in hierdie nuwe wet, sodat ons al meer aan die beeld van Jesus gelyk kan word. Paulus

skryf dat die glans op Moses se gesig verdof het, maar dat die glans van die heerlikheid van God wat ons moet weerspieël, al helderder en helderder moet skyn, soos wat die Gees ons lei.

Die verlossing van Jesus en die leiding van die Gees is onlosmaaklik deel van mekaar, en as gelowiges durf ons nooit die twee van mekaar skei nie. Luister dus na die Stem van die Heilige Gees, en gehoorsaam Hom.

**Gebed:**

**Here Jesus, dankie dat U my verlos het. Lei my asseblief ook om U Heilige Gees gehoorsaam te wees.**

# 50 'n Sluier oor die Evangelie

## 2 Korintiërs 4:1-6

Paulus kan verséker ‘n rolmodel wees vir enige persoon wat homself besig hou met die uitdra van die Evangelie. Hy vertel hier aan die gemeente in Korinte so ‘n ietsie oor sy bediening en dié van sy medewerkers. Ek dink hulle moes maar baie teenstand gekry het oral waar hulle die Woord gaan verkondig het, maar steeds het hulle dit met blymoedigheid gedoen. Jaco Thom het ‘n roman geskryf oor die lewensverhaal van Paulus. Die beeld wat Jaco skep, is een van ‘n sendeling wat dikwels platgeslaan word deur sy

omstandighede. Ek het self ‘n boek geskryf oor hom, met al die inligting wat ek uit die Bybel oor Paulus kon versamel, met die titel: “Paulus, Sendeling na die Heidene.”

Dit was veral die Jode wat hom bly vervolg het op elke moontlike manier, omdat hy ‘n “dwaalleer” sou verkondig het. Volgens hulle het hy al die ou Joodse tradisies geminag, en dikwels wou hulle hom doodmaak of uit die stad verdryf. Aan die ander kant weer, was daar heidene wat hom dikwels wou doodmaak omdat hy hulle besigheid kom opmors het met die Evangelie.

Meeste van ons sou hopeloos moedeloos geword het oor die onmoontlike omstandighede waaronder Paulus gewerk het. Die ergste was boonop dat hy nie ‘n salaris verdien het vir dit wat hy gedoen het nie. Af en toe het ‘n gemeente hom ‘n bietjie lewensonderhoud gegee, maar die meeste van die tyd moes hy maar tente maak om aan die lewe te bly.

Paulus het egter nie moedeloos geword nie. Waarom nie? “*God het Hom oor ons ontferm en hierdie bediening aan ons opgedra*”, sê hy, en om daardie rede kon hy met groot vreugde

die lewe in die oë kyk, selfs wanneer dit baie sleg gegaan het.

Die een baie groot geheim agter hierdie werk van Paulus en sy medewerkers, was dat hulle baie eerlik was in hulle bediening. Paulus-hulle het hulle daarop toegelê om die Woord absoluut suiwer te bedien. Daar was géén foefies nie, en slegs die waarheid is onvervals deur hulle verkondig, al het dit dikwels vir hulle baie teenstand gekos.

Ten spyte van dit alles, was die Evangelie dikwels met 'n "sluier" bedek vir sekere hoorders. Waarom? Bloot omdat mense die Woord nie wóú hoor nie. Paulus

sê dat "*hulle verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is*" ( 2 Kor 4:4). Die duiwel bedek hulle verstand só erg, dat hulle nie die Evangelie kan raaksien nie.

Sal ons nou kan sê dat dit slegs die duiwel se skuld is dat sekere mense blind en doof is vir die Evangelie? Inderdaad het hy groot invloed, maar ons kan nie goedsmoeds elke slegte ding aan die duiwel toeskryf nie. Elke mens, of hy gelowig is of nie, weet wat reg en verkeerd is. As 'n ongelowige homself doelbewus in 'n sondige situasie laat bevind, speel hy reg in die hand van die

duiwel, en laat hy toe dat daar ‘n skeidsmuur kom tussen hom en die Here. Om ‘n voorbeeld te noem: almal weet dat dit verkeerd is om te steel. Die meeste ongelowiges sal hulle nie met sulke gevaarlike goed ophou nie. Daar is egter diegene wat bewustelik in diefstal gaan betrokke raak, dalk bloot omdat die geleentheid hom voorgedoen het. Uiteindelik raak dit ‘n lewenswyse wat hom tot ander ernstiger misdaad aanspoor. Hoe dieper hy homself in die gemors dompel, hoe verder dryf hy weg van enige vorm van Godsdiens af, en hoe minder kom hy in kontak met ‘n geleentheid om die

Evangelie te kan hoor. Daar kom in werklikheid ‘n sluier tussen hom en die Evangelie. Die duiwel se werk? Ja, maar  beslis ook sy eie toedoen!

Maar dis ongelowiges! Ek is mos ‘n gelowige, en dit sal beslis nie met my gebeur nie! Werklik? Ons moet nooit te gerus raak nie. Ek het al dikwels gelowiges gesien wat stadig begin wegdryf het van die Here af. Ek het al dikwels droewige briewe gekry van mense wat sê dat hulle nie meer weet of hulle nog geredde mense is nie. Eens op ‘n tyd het hy wel sy hart vir die Here gegee, maar nou weet hy nie meer nie. Hy

kom nie in die kerk nie en sy lewe is ‘n gemors. Dit voel asof die Here van hom vergeet het.

Luister wat Paulus sê: “*Ons vermy praktyke wat nie die lig kan verdra nie en waaroor ons ons sou moes skaam.*” (vers 2). As gelowige is dit harde werk en dissipline om te leef op só ‘n wyse dat die Evangelie nie vir jou versluier word nie. Jesus het inderdaad my hart verlig met Sy helder, suiwer lig die dag toe Hy in my lewe gekom het. Dit is egter my plig as gelowige om daardie wonderbare lig aan die brand te hou, en dit elke dag helderder en helderder te laat skyn, sodat

ander mense ook die lig van Jesus deur my kan sien. Wanneer ek so in die lig lewe en aktief in die wingerd van die Here werk, dan kan daar net eenvoudig nie meer ‘n sluier wees wat die Evangelie vir my dof maak nie. Wanneer ek so leef, gee ek aan die Heilige Gees plek in my lewe, en laat ek Hom toe om my lewe te rig en my te lei. Dan word Hy waarlik vir my die Trooster wat Jesus vir my belowe het met Sy hemelvaart.

**Gebed:**

**Here, gee my asseblief die krag om elke dag aktief vir U te kan**

**lewe, sodat daar nooit ‘n sluier kan kom tussen my en U nie.**

# 51 Skat in Kleipotte

## 2 Korintiërs 4:7-15

Ons is soos kleipotte, sê Paulus, baie broos en breekbare kleipotte. Maar binne-in hierdie verganklike kleipotte van ons, is ‘n wonderlike skat versteek. Wat presies bedoel hy hiermee? Gelowiges is nie super-mense nie, ons is maar doodgewone mense wat ook uitgelewer is aan die verganklikheid van die lewe. Selfs die vroomste gelowige kan nie ‘n enkele dag leef sonder om te sondig of te struikel nie. Baie van ons se liggame is ook stukkend as gevolg van siekte en

ander lyding, en baie gelowiges word wreed vervolg.

Maar dit is wat ons binne-in ons dra wat belangrik is. Die Heilige Gees is in ons, en Hy is die grootste Skat waaroor ons ooit kan droom.

Paulus het ‘n gediggie geskryf om dit te illustreer. Ek het probeer om dit my eie woorde weer te gee.

Verdruk is ek gedurigdeur,
verskriklik swaar verdruk
Maar Jesus hou my hand styf vas,
ek’s nooit teneergedruk!
My raad is op; ek kan nie dink,
my denke slaan skoon toe
Maar radeloos? Met God by my?

Nog nooit gesien, my broer!

Vervolg is ek, en afgeknou,
die mense bly my slaan
Maar God is altyd hier by my,
Sy hulp raak nooit gedaan!
Vertrap is ek, en neergevel,
my liggaam voel skoon voos.
Maar staande bly ek steeds
gewis;
die Here is my Troos!

Jesus is my Redder en
ek dra Sy beeld in my
Deur hóé ek leef en wát ek doen,
sien almal Hom in my!
Dit jubel in my binneste
om hierdie kruis te dra
En liefde sal ek steeds bly lééf,

net soos wat Jesus vra!

My Mosbolletjie het ‘n ding oor kleipotte. Wanneer ons by ‘n padstalletjie verbyry, is die eerste ding wat haar oë soek, ‘n mooi kleipot. Die probleem is egter dat die kleipotte wat jy daar in die afgeleeë platteland koop, gewoonlik nie gebak is in ‘n oond om hulle sterk te maak nie, gevolglik breek hulle maar maklik. Die lot van menige kleipot in ons huis is dan ook dat iemand hulle net per ongeluk omstamp, en dan is hulle gekraak of stukkend gebreek. Maar dan red die uwe gewoonlik die pot van die asblik, want so ‘n gekraakte pot gee

karakter aan jou tuin. En dan kry die stukkende pot ‘n ereplekkie waar hy die tuin pragtig versier, en sodoende baie nuttig is.

Inderdaad gaan dit dikwels ook so met die kleipotte van ons eie lewe. Gelowiges is ook maar nie juis hardgebak nie, en jy raak maklik gekraak deur die lewe. Ons wil dit dan gewoonlik as ‘n slegte ding sien wat met ons gebeur het. Wanneer ons geestelik, liggaamlik of finansiëel in duie stort, voel dit soms asof jy op pad is asblik toe.

Toe ons 'n paar jaar gelede bankrot gaan en alles verloor, het dit ook vir my gevoel asof dit

asblik toe is met my! Maar die Here het ‘n doel gehad daarmee, en ek sien vandag steeds elke dag Sy wonderlike hand in elke ding wat met my gebeur. Een ding wat ek byvoorbeeld geleer het, is om alleen op Hom te vertrou.  Ek kan talle voorbeelde noem van hoe Hy op presies die regte tyd voorsien het toe ek iets bitter nodig gehad het. Die Here voorsien vandag steeds in al ons behoeftes. Boonop kry ons tonne liefde en omgee van mense, sommige van wie ons dit nooit eers sou verwag nie.

Op my stoep het daar eenmaal ‘n palmboom in ‘n swaar kleipot

gestaan. Eendag het die boom se wortels te groot geword vir die pot, en dit aan skerwe laat spat, stukkend, onherstelbaar. Ek wou dit eers weggooi, maar ek het besig geraak, gevolglik het ek daarvan vergeet en dit net so gelos, met die potskerwe wat rondom dit lê. En toe gebeur die interessante: vir die eerste keer sien almal wat verbyloop die pot en die boom raak, en almal praat oor hierdie besonderse wortelstelsel van die boom wat nou so blootgestel is en hoe interessant die potskerwe die boom versier.

Wanneer die lewe jou kleipot kraak, of dalk selfs stukkend breek, moenie daaroor huil nie. Ja, dit is soms bitter seer, maar wéét dan dat daar ‘n wonderlike doel is daarmee. Jou stukkende pot is dikwels baie meer werd as toe dit pragtig mooi en heel was.

Die belangrikste van alles, is egter nie die pot nie, maar die inhoud van die pot. Dikwels moet ‘n pot juis breek om die inhoud daarvan te openbaar, soos my pamboom in die gebreekte pot. Die Inhoud van ‘n gelowige se kleipot, is die Here. Hoe openbaar en vertoon ons Hom aan die wêreld?

**Gebed:**

**Here, ek besef vanoggend dat ek net ‘n breekbare kleipot is. Help my om my Inhoud waardig aan die wêreld te vertoon.**

# 52 Ons Ou Tentwoning

## 2 Korintiërs 4:16-5:10

Van ‘n relatief jong ouderdom af het sy reeds die tekens begin sien van rumatiek in haar liggaam, ‘n dierbare vriendin van ons. Sy het aktief tennis gespeel, maar gaandeweg het dit al moeiliker geword om ‘n raket vas te hou, en boonop het die pyne in haar rug haar naderhand so opgekeil dat sy moes ophou. Maar dit het nie gekeer dat haar klokhelder lag weerklink nie, blymoedig, altyd opgeruimd en vrolik, en sy kon nooit ophou praat van haar Verlosser nie. Haar pragtige vleuelklavier het sy

later vir die kerk gegee, toe die rumatiek in haar vingers so erg begin raak dat sy nie meer die betowerende klanke daaruit kon laat vloei nie. Maar steeds was sy ‘n bemoediging vir elkeen met wie sy in aanraking gekom het.

Etlike rugoperasies was uiteindelik onafwendbaar, want die pyn het haar opgevreet. Komplikasies met narkose, het telkens byna haar lewe gekos, en die nagevolge was verskriklik. Maar steeds bly sy ‘n borrelende mens, ‘n inspirasie vir elkeen wat haar ontmoet. Sy moes later ’n loopraam gebruik om oor die weg te kom. Kry jy haar daar waar sy

besig is om inkopies te doen agter haar loopraam, dan weet jy dat jy eers ’n wyle sal vertoef, want sy kan nie ophou praat nie, en haar borrelende lag weergalm deur die winkel. Nóg operasies het gevolg, elke keer met katastrofale gevolge. Een operasie het haar totaal verlam gelaat. Volgens die dokters sou sy nooit weer loop nie. 'n Paar maande later was sy alweer skuifelend agter haar loopraam, kromgetrek deur die rumatiek en pyn, maar steeds sprankelend soos altyd, en steeds vol moed. Haar ou tentwoning was verwronge en dikwels was dit slegs die groot kanonne soos

morfien wat die pyn effens kon verlig. Maar moed opgee, en ophou getuig van die liefde van Jesus, het sy nooit! Rochellé was vir elkeen wat haar ontmoet het, ‘n ware bemoediging.

Ons raak so maklik moedeloos, of selfs kwaad vir die Here, as die geringste ou terugslaggie ons tref. Paulus praat van ‘n tentwoning. Hy het sékerlik baie goed geweet waarvan hy praat, want hy het sélf tente gemaak, en hy weet presies hoe verganklik die goed kan wees. En as die storms so ‘n tent tref, dan is dit maar bitter broos, en kan dit maklik weggewaai word. Ek het

persoonlik al menigmaal bibberend in ‘n tent gelê as die storms buite woed. Dis g’n grap nie! So is ons ou aardse liggaam ook maar net ‘n tydelike tentwoning wat aan allerhande storms uitgelewer is. Sommige tente is gemaak van sterk seil, en kan die ergste storms weerstaan. Ander weer is gemaak van ligte materiaal wat lek as dit reën of skeur as die wind te sterk waai. Sommige van ons is dikwels ook maar baie broos, en ons word soms platgeslaan deur net ‘n briesie.

Maar ‘n tent is iets waarin jy gewoonlik net vir ‘n beperkte

tydjie bly. Jy het mos jou huis waarin jy permanent bly! Sommige se huise is maar klein en armoedig, ander weer paleise, afhangende van hoe jy gevorder het in die lewe. Dieselfde geld vir ons lewe hier op aarde: jou liggaam is maar baie tydelik, net vir solank jy hier op aarde "vakansie hou". Jou regte liggaam wag vir jou wanneer jou tentjie die dag finaal die gees gee, want dan gaan jy intrek in jou permanente woning. Sommige gaan nou nie juis 'n grênd huis hê nie, want ons het maar bitter min vir Jesus gedoen tydens ons "vakansie". Ander gaan weer 'n paleis kry

omdat hulle waarlik die Koning gedien het op aarde.

Het jy al ooit ‘n vakansie deurgebring in ‘n tent waar dinge nou rêrag miserabel gaan? Een waar die reën en storms jou teister? Jy het twee keuses: Jy kan in jou tentjie bly sit en die dae met ’n lang gesig omwens, die hele vakansie vir jouself en almal om jou ‘n nagmerrie maak. Of jy kan besluit om te gaan dans in die reën en deur die waterpoeletjies te plas en te lag en jouself gate uit te geniet ten spyte van die eendeweer. Dieselfde geld vir ons tentwoning waarin ons op aarde verkeer: As

die storms jou teister, kan jy gaan sit en jouself bejammer, en dalk die Here blameer vir jou toestand. Of jy kan die storms gebruik tot jou eie, én ander mense se voordeel, en jubelend die Here loof ten spyte van die storms. Moenie dat lewensstorme jou onderkry nie. Styg uit bo jou probleme soos Rochellé. Toe die ergste storm in my lewe my tref, wou ek eers my kop in die sand gaan druk. Maar toe neem ek ‘n wilsbesluit om die Here te vertrou om my in die krisis in Sy arms vas te hou. Die resultate was wonderlik! In plaas daarvan dat ek in sak en as gaan sit en huil het, kon ek skielik lag en die lewe

aanpak met ‘n huppel in my stap. En ek het tonne hulp gekry van dierbare vriende om my te help om te kon huppel. Ek huil deesdae nogal baie. Ek huil egter nie van droefheid nie, maar van dankbaarheid en verwondering oor die wonderlike troue sorg van die Vader in my lewe.

Al hierdie dinge maak maar net dat jy nie anders kan as om met nuwe ywer die wonderbare lig van Jesus te weerkaats. Hoe wonderlik sou dit nie wees, as die Here my vandag al in die hemelse woning sal laat woon! Maar aan die ander kant, maak Hy die lewe in my ou tentwoning

vir my ‘n ewigdurende fees. Ek loop oor van dankbaarheid!

**Gebed:**

**Dankie vir al die wonderlike dinge wat U vir my doen, Here, ek loof en prys U grote Naam!**

# 53 Versoenings Bedienaars

## 2 Korintiërs 5:11-21

Versoening het ‘n baie groot woord geword. Ons het dit beleef in ons eie mooi Suid-Afrika in 1994 tydens die groot verkiesing. Mense was kwaad vir mekaar, maar terselfdertyd was hulle bang vir mekaar. Sommige het in woede gereageer en wraak gesweer. Ander weer het weggekruip en kos opgegaar, of selfs landuit gevlug omdat die einde van die land aangebreek het. Baie mense was verbitter oor onreg wat oor baie jare teenoor hulle gepleeg is. Sommige wou met geweld geregtigheid laat

geskied, terwyl ander weer net vrede begeer het.

Jy onthou seker nog hoe die bemiddelaars met die wysheid van Salomo gespook het om al die partye rondom dieselfde tafel bymekaar te kry om ‘n oplossing te vind. Sommige het die bemiddelaars uitgekryt as verraaiers wat die land weggee, terwyl ander hulle weer opgehemel het as engele van vrede.

1994 Was nie die laaste versoeningspoging nie. Selfs vandag is daar die vredemakers wat dag en nag werk om rebelle en regerings by mekaar uit te

bring om die verskriklike bloedvergieting te probeer stop. Soms is hulle suksesvol, meer dikwels misluk hulle tragies, en moet iemand anders maar weer probeer.

Hoe moet iemand lyk wat versoening kan bewerkstellig? Wat moet sy uitkyk in die lewe wees? In die eerste plek moet hy ‘n 100% geloof hê in die saak waarvoor hy stry. As daar by hom die minste twyfel is, is die kanse dat hy gaan misluk groot. In die tweede plek moet dit vir hom gaan om versoening alleen, en kan daar nie bysake wees nie. As hy dit doen om sélf iets daaruit te

kry, gaan dit op ‘n ramp uitloop. In die derde plek moet hy die geduld van Job hê, want versoening is ‘n proses wat baie lank kan neem, en die partye het dikwels die mees absurde voorwaardes. En elke keer nes dit nou lyk asof daar ‘n deurbraak is, dink iemand weer nóg ‘n struikelblok uit om in die pad te gooi. ‘n Versoener moet ook bereid wees om dinge eenvoudig te hou, en nie allerhande foefies te gebruik nie, want later gaan dit net weer probleme veroorsaak.

Wanneer Paulus skryf oor die bediening van versoening, dan is dit nie alleen tussen mens en

mens nie, maar terselfdertyd ook tussen mens en God. Die probleem is dat die een nie waarlik sonder die ander kan geskied nie. Om met God versoen te kan raak, behels terselfdertyd ook ‘n versoening met jou medemens. Jy kan tog nie sê dat jy nou skielik vir die Here baie lief is, maar jy haat nog jou naaste nie?

Hoe moet hierdie versoener tussen mens en die Here lyk? In die eerste plek moet sy geloof in die saak onwrikbaar wees. Jy kan tog nie vir iemand gaan sê dat hy in Jesus moet glo, as jy self nie ten volle oortuig is nie? In die

Gereformeerde kerk in Nederland is een van die leraars ‘n Ateïs. Nou verstaan ek gladnie: hoe kan hy geloof preek as hy sélf gladnie glo nie? Dit maak net eenvoudig nie sin nie! Hiermee wil ek nie sê dat iemand wat nog maar jonk en onseker in die geloof is, nie die Evangelie kan uitdra nie. Inteendeel: die Here wil juis hê dat jy moet getuig van die oomblik af wat jy tot geloof kom. Dit beteken egter ook dat jy hard moet werk daaraan om jou geloof sterk te maak sodat jy ‘n meer effektiewe getuie kan word.

Tweedens moet dit vir jou suiwer gaan om versoening alleen. Daar

mag géén bysake aan gekoppel wees nie. Wanneer ek hierdie dagstukkies skryf, verkondig ek nie die NG Kerk of die een of ander doktrine nie. Dit gaan oor Jesus alleen! Moet my dus asseblief nie uitvra oor allerhande leerstellings waaroor kerke verskil nie. Dit is bysake!

Derdens mag dit nie vir my gaan oor wat ek daaruit kan kry nie. Jesus het die versoening gratis en suiwer uit genade vir ons aangebied, en daarom durf ons nie op enige manier probeer wins maak daaruit nie. Dit wil egter nie sê dat ons nie ons leraar moet betaal nie. Inteendeel: Dit is juis

ons plig om hom ‘n goeie lewensonderhoud te gee sodat hy ál sy tyd aan die opleiding van lidmate en die verkondiging kan gee, en nie nog soos die arme Paulus dikwels tente moes maak om aan die lewe te bly nie. Terloops, Paulus het ook ‘n lewensonderhoud in sekere gemeentes ontvang, wat hom meer tyd gegee het vir die Evangelie.

En dan moet jy baie beslis die geduld van Job hê as jy die Evangelie uitdra. Mense kom met die mees absurde verskonings om nie ‘n besluit te neem nie. Twee dinge moet ons onthou: ons

moet so ‘n persoon tyd gee om sélf ‘n besluit te neem. Jy durf hom nie in ‘n besluit inboelie nie. Tweedens is dit nooit my eie oorredingsvermoë wat hom laat besluit nie, maar die Heilige Gees wat in hom werk.

Ten slotte: Hou dit eenvoudig en Skrifgebonde. Moenie met allerhande foefies kom nie, want later gaan dit dinge vir jou baie kompliseer. En werk met groot ywer! Elke gelowige (ja, ook ek en jy!) is ‘n evangelis!

**Gebed:**

**Here, hou asseblief die vuur vir die Evangelie brandend in my.**

# 54 Alles vir Almal

## 2 Korintiërs 6:1-13

Ek is altyd so bang dat ek dalk iets skryf in my dagstukkies wat iemand gaan aanstoot gee. En kort-kort kry ek dit nogtans reg om op iemand se tone te trap, en dan moet ek móói verduidelik om uit die moeilikheid te bly. My groot kriterium is om asseblieftog net Skrifgebonde te bly, want die oomblik as jy van die Skrif afdwaal, dan soek jy gróót moeilikheid. Maar ongelukkig is ek ook maar net mens, en boonop het ek nie al die boekgeleerdheid wat 'n predikant het nie. Dus vra ek nou al by

voorbaat: vergewe my as ek iets skryf waarmee jy nie heeltemal saamstem nie. Ek verwys nie nou na ‘n spesifieke geval nie, want ek is al baiekeer aangevat oor iets waarmee iemand nie saamstem nie. Ek troos my egter daaraan, dat elke keer as ek oor die vingers getik word, dan is iemand anders in ekstase oor presies dieselfde ding.

Ek troos my ook daaraan, dat ek nie alleen staan in hierdie probleem nie - ek is in goeie geselskap. Alle predikante word die een of ander tyd geraps oor iets wat hulle gesê het. Maar dit gaan verder, want selfs Paulus,

die grootste sendeling van alle tye, moes dikwels maar sy pak slae verduur omdat iemand ongelukkig was oor sy sêgoed. En sy pak slae was dikwels nie maar net ‘n mondelinge een nie, maar fisies. In 2 Kor 6:5 skryf hy: “Ons is geslaan, in die tronk gegooi en het in oproere beland”. As daar nou een man was wat rede gehad het om te kerm, dan was dit Paulus, want hy kon nooit alles reg doen in almal se oë nie.

Om daardie rede moes Paulus ekstra versigtig wees om absoluut onberispelik te leef, op te tree en te preek. Vriendelikheid moes uit hom uitstraal, en hy moes begrip

hê vir elkeen se omstandighede. Hy moes verdraagsaam wees. Waarom? Paulus het gewerk met basies vier groepe mense van totaal uiteenlopende sieninge.

Aan die een kant was daar die stoere Jode, wat vasgeklou het aan al die ou Joodse tradisies en wette. Hulle het van hom, as Fariseër verwag om presies dieselfde te doen. As hy nie die wet onberispelik navolg soos wat hulle tradisies dit verwag nie, dan was hy kniediep in die pekel.

Die tweede groep was die Joodse gelowiges. Meeste van hulle kon nog maar nie afskeid neem van die tradisies nie, maar

terselfdertyd het hulle Jesus aanbid. Hulle was verdeeld oor presies wat van hulle verwag word. Hulle was verward.

Die derde groep was die ongelowige heidene, wat briesend was oor Paulus hulle gode geminag het, en hulle mede-aanbidders afgerokkel het.

En dan was daar die vierde groep: heidene wat tot geloof gekom het. Hulle het absoluut geen erg gehad aan Joodse tradisies nie, en kon nie verstaan waaroor al die bohaai gaan nie. Die Jode het van hulle verwag dat hulle ten minste sommige van die Joodse tradisies soos

byvoorbeeld die besnydenis moes nakom.

En iewers tussen hierdie vier groepe was die arme Paulus en sy medewerkers vasgevang. Dit was ‘n gans onmoontlike taak om sodanig te leef dat hulle almal gaan tevrede stel. En die dinge wat hulle verkondig het, het nog meer konsternasie veroorsaak, want die Joodse gelowiges wou hê dat Paulus moes preek dat die wet ten volle onderhou moes word, terwyl die Heidense gelowiges vereis het dat Paulus moes preek dat almal vrygemaak is van die wet, en dat dit totaal oorbodig is.

Daarom skryf Paulus die gedig om te illustreer waardeur hulle moes gaan: “Ons ontvang eer en oneer, ons word beledig en geprys” (2 Kor 6:8 vv).

In ons eie bediening gaan dit dikwels ook soos met Paulus, en ek moet maar fyn trap! Ten spyte daarvan word ek dikwels uitgelok om my opinie te lug oor die een of ander omstrede onderwerp. Vir ‘n leraar in ‘n gemeente is dit maklik, want hy preek wat sy kerk of gemeente se siening is. Ongelukkig skryf ek vir gelowiges oor ‘n baie wye spektrum van sieninge. Daar is diegene wat glo dat die skepping slegs 6000 jaar

oud is, en ander wat glo dat dit 15 biljoen jaar oud is. Daar is die kwessie van die Sabbat of Sondag. Dan is daar strydvrae oor die doop, nagmaal, onderhouding van die wet, verdraagsaamheid teenoor gay mense en nog baie meer.

Ek het al ‘n paar keer in die strik getrap om hierdie soort onderwerpe aan te raak, en elke keer is ek gelooi daaroor. Aan die ander kant is daar ook dikwels persone wat my probeer oortuig om hulle siening aan te neem.

Daar is slegs een onderwerp waaroor ons almal saamstem, en dit is die wonderlike

verlossingsdaad van Jesus. Daaroor kan ons eensgesind wees. Kom ons loof saam die Here hieroor, en los al die ander twispunte uit. Jesus is immers gróót bo álles en álmal, en Hy is die magtige Heer en Heiland, sterke Verlosser en ewige God! Amen!

**Gebed:**

**Here Jesus, ons aanbid U as ons Verlosser. Help ons om so te leef dat almal U sal loof deur ons lewens.**

# 55 Lewenswyse vir Jesus

## 2 Korintiërs 6:14-7:1

‘n Bybelversie kan baie maklik uit verband geruk word, en dan as ‘n totale lewenswyse gesien word. Vat nou byvoorbeeld die eerste versie van vandag se Skrifgedeelte: “*Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie.*” Die eerste gedagte wat by jou opkom wanneer jy dit lees, is jou werksituasie. Die meeste van ons werk skouer teen skouer saam met ongelowiges. Moet ek onmiddellik bedank en ‘n ander werk gaan soek waar daar slegs gelowiges werk? En as my huweliksmaat ‘n ongelowige is,

beteken dit nou dat ek van hom (haar) moet skei?

As ons hierdie versie op sy eie gaan lees, en letterlik wil opneem, dan is dit inderdaad die opdrag! Maar as ons baie wyer lees, dan begin ons sien dat dit oor baie meer gaan as ‘n werksituasie saam met ongelowiges. As ons boonop in ag neem wat die lewensomstandighede van die mense in Korinte was, dan begin dit die prentjie totaal verander.

Wat was gelowiges in Korinte se situasie? Hulle was ‘n baie klein minderheid te midde van ‘n skare van afgodsaanbidders. Die stad was baie strategies geleë, met ‘n

hawe aan twee kante van die stad. Daar was ‘n gedurige vloei van Italianers, Egiptenare, Siriërs, Jode en Oosterlinge, en almal se godsdiens is in die stad weerspieël. Daar was tempels vir Apollo, Asklepius, Afrodite (die seksgodin), Demeter en Persefone. In die tempel van Afrodite is ‘n duisend prostitute as priesteresse gehuisves, en prostitusie was die norm. Die morele standaard van die stad was iets allerverskrikliks, en dronk orgies was aan die orde van die dag.

Jy kom dus agter dat Paulus eerder praat van ‘n lewenswyse

as ‘n werksituasie. Dink maar net, as jy gewoond was aan die losbandige lewenswyse van Korinte, dan kan dit nogal baie moeilik wees om skielik ‘n totaal ander tipe lewe te moet leef. Oral rondom jou gaan daardie lewe van vrye seks en drank voort. Die gelowige moet hom dus weerhou daarvan omdat dit ‘n sondige lewe is. Maklik was dit vir die gelowiges beslis nie! Elders in Paulus se briewe aan Korinte praat hy juis van die liederlike invloed op die gemeente, waar gelowiges steeds die sondige praktyke as lewenswyse be-oefen het.

Paulus wil dus vir die gelowiges van Korinte sê dat hulle hulle moes losmaak van die sondige lewe van die stad, en hulle daarvan distansiëer. Hulle moes ‘n lewe leef wat pas by dié van ‘n gelowige! Om dus nie in dieselfde juk as ‘n ongelowige te trek nie, kan ons dus eerder sien as om nie dieselfde soort lewe te lei as ‘n ongelowige nie.

As ons hierdie beginsel sou toepas op ons hedendaagse lewe, dan sien ons hoe die verleidelikhede van die stad ook vandag vir ons as gelowiges wink. Ons land is deurspek met afgodstempels van ‘n iewat ander

aard, maar hulle is nét so aanloklik en verleidelik as die tempels van Korinte. Oral om ons is daar die tempels van die verleidelike geldgod, die kasino's. Hierdie tempels is ontwerp om selfs die mees geharde gelowige ook aan te lok, met hulle asemrowende argitektoniese skoonheid en skouspelagtige vertonings. Die mooiste voorbeeld hiervan is die Lost City, wat jaarliks miljoene mense lok. En as jy eers daar is, dan wink die eenarm-bandiete met hulle flikkerliggies en beloftes van miljoene wat vir jou wag.

Dan is daar nog die seks-tempels soos Teasers, wat die manne se oë laat omdop, plekke waar hulle hulleself aan die wellus kan gaan oorgee. En moenie dink dat jy nie daar gelowiges gaan kry nie! Almal doen dit mos!

Sal ek aangaan? In die sakewêreld is daar die tempel van korrupsie wat soos ‘n vloedgolf oor ons land spoel. Om byvoorbeeld in ‘n munisipaliteit ‘n plan goedgekeur te kry, het jy eers nodig om die bouinspekteur om te koop.

“Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg?” vra Paulus. “En hoe kan daar gemeenskap

wees tussen lig en duisternis?” (2 Kor 6:14). As ons in ‘n verhouding met Jesus leef, kan ons nie ook terselfdertyd ‘n verhouding hê met hierdie soort wêreldse praktyke, die praktyke van die duiwel nie. Dink so daaraan: as gelowige leef die Heilige Gees in jou en my. Sal ek Hom nou in ‘n dobbelhool saam met my neem? Of in ‘n vieslike plek soos die klubs waar meisies op my skoot sit en dans sonder klere aan? Ek gril my dood aan die blote gedagte daaraan! En sal ek oneerlike besigheidspraktyke bedryf soos wat ál die ander in elkgeval doen? En dit terwyl my

Verlosser, Jesus hier by my is? Hoe kán ek!?

Paulus wil met hierdie gedeelte vir my en jou op die hart druk om anders te lewe as ‘n ongelowige. Die dag as Jesus jou verlos, moet jou hele lewensuitkyk verander na een wat nie meer die praktyke van die duiwel aanhang nie, maar na ‘n lewenswyse wat gedurigdeur gaan vra: “Wat wil Jesus hê dat ek moet doen in hierdie situasie?” As dit jou lewenswyse word, sal jy nie meer in dieselfde juk trek as die ongelowige nie, maar jy sal jou eerder instel op die edel dinge van die lewe.

**Gebed: Here, hou asseblief my oog gevestig op Jesus, en gee my die lus om dinge te doen wat heilig is, eerder as om die luste van die wêreld na te volg.**

# 56 Tugtiging

## 2 Korintiërs 7:2-16

Sondagmiddag op die plaas. Ek sug swaar, ek is vrek-verveeld! Al die grootmense lê pens in die lug en snork, en hier moet ek rustig wees en met my tone lê en speel. Ek mag nie dít nie en ek mag nie dát nie, nie eers gaan swem nie, want dis mos Sondag. Ek's verveeld, dóódverveeld!

Ek hoor die honde blaf, en ek wéét sommer dat hier buite iets aan die gebeur is. Ek hol uit, en dan sien ek die baaisiekels in die stofpad aangery kom. My hart gee ‘n dubbel bollemakiesie. Dis ‘n paar van my pêlle wat van die

dorp af gery het om die Sondagmiddag ‘n bietjie sports te kom maak hier op ons plaas buite Waterval Boven. Ek hardloop hulle tegemoet: “Hoezit, hoezit?” Dis somer en dis warm, veral na die harde trap oor die steil bulte van ons plaaslike berg, Suid Heuwel.

“Kom ons gaan koel eers af in die dam,” kom die versoek van die blasende outjies. My hart gee ‘n paar wilde spronge. Pa het uitdruklik gesê dat ek nie vandag sal gaan swem nie. Dis mos Sondag, en mens swem nie op ‘n Sondag nie! Ek wil nog teëstribbel, maar die dorpsjapies

is al klaar op pad af dam toe. En wat kan ek dan nou maak? Die klere word sommer so in die hardloop al afgestroop, en teen die tyd dat ons die dam bereik is almal lankal poedelkaal. Maar wie gee nou om? Die grootmense lê mos nog hoeka en slaap, en boonop - wie het nou erg aan ‘n klomp kaal seuns?

Dit gaan jolig in die gronddam, en dit raas en skree en swem en duik en gooi mekaar met modder. En weg is al die Sondag-blues. Bo al die geraas verbeel ek my ek hoor iemand roep na my dáár bo van die huis af. Eers steur ek my nie daaraan nie, maar as die

stem dringend raak: “Louis, kom onmiddellik hier!” Ek kry skielik so ‘n verskriklike knop op my maag. Ek gryp my broek en trek hom so in die hardloop aan. Ek wéét sommer dat ek hierdie slag diep in die gemors is. Pa het uitdruklik gesê ek mag nie swem nie, en .......

Pa raak nie sommer kwaad nie, maar die gesig wat voor my opdoem gee my yskoue rillings. Pa bedoel bésigheid! In die dam hoor ek nog steeds my maters lag, en dit maak seer. “Gaan pluk ‘n lat,” kom die bevel. So ‘n opdrag het ek nog nooit in my lewe gekry nie. Huil-huil loop ek

die veld in. Ek weet presies watter boom die beste kleilat maak, en ek wéét watter een die seerste kan slaan, die kweper! Dis bitter moeilik, want nou moet ek ‘n lat vir my EIE bas pluk! Rou snikke skeur deur my borskas.

En dan kom die ergste: die preek! Dit was sestig jaar gelede, maar ek onthou dit nog woord-vir-woord. Die loesing was eina, maar die woorde het baie seerder gemaak. Daarna gaan lê ek in my kamer en tjank. My maters is stil-stil weg. En ek lê en ruk van die huil wat my binneste stukkend skeur. “Dis onregverdig!” snik ek

vir myself, “bitter, bitter onregverdig!”

In die skemer kom Pa my kamer binne, waar ek steeds lê en sanik. Hy praat mooi met my, en dan verduidelik hy waaroor dit gegaan het. En ek verstaan. Dit is asof ‘n donderwolk skielik lig en oopmaak, en die helder sonskyn verlig my hart. Ek was gekneus, maar nou maak die lewe weer sin, en ek voel goed daaroor. Alles is verby, en ek kan weer lag. Pa wás toe al die tyd reg!

Daar was bitter trane in die gemeente in Korinte na Paulus se harde brief aan hulle. Dit het ook vir Paulus seer gemaak om die

brief te skryf. Dae en weke en maande om het hy in angs geleef om te hoor wat gebeur het nadat Titus die brief gaan aflewer het. “Waar draai Titus dan so lank?” het Paulus sékerlik gewonder. En dan, op ‘n mooi dag, sien hy vir Titus in die stofpad aangehuppel kom. En dan wéét Paulus sommer dat alles uiteindelik goed uitgewerk het in Korinte. Sy brief was bitter kras, maar dit het die regte uitwerking gehad, en nou verstaan hulle mekaar. Titus is opgewonde, en Paulus kan weer lag. En die Korintiërs? Hulle het dinge reggestel, en na Paulus se skrobbering, wat baie seer

gemaak het, is hulle nou ook weer gelukkig.

In die kerk is ons dikwels bitter bang vir konfrontasie wanneer dinge skeef geloop het. Persoonlik skram ek weg van enige vorm van konfrontasie, want dit is nie lekker nie. Iemand gaan seerkry in die proses. Ons moet egter onthou dat enige vorm van tugtiging moet voldoen aan ‘n paar vereistes. In die eerste plek moet dit Skrifgebonde wees. Tweedens moet dit met die grootste liefde en deernis gebeur, en moet die persone wat dit uitvoer dit biddend doen en gedurig die leiding van die Heilige

Gees soek. Jy moet ook altyd onder die besef bly waaroor die tugtiging gaan. Tug beteken nie om iemand te "straf" nie, maar om iemand wat in sonde geval het te probeer help om uit die gemors te kom en terug te keer na die Here. Jy moet ook dóódseker maak dat daardie persoon dit in dieselfde lig sien.

Tug is vir niemand lekker nie, maar dikwels is dit noodsaaklik. Ons durf nie nalaat om dit uit te voer nie, anders staan ons sélf skuldig.

**Gebed:**

**Here, gee ons asseblief wysheid en durf om weer tug**

**toe te pas volgens U heilige Woord.**

# 57 Slae van die Lewe

# 2 Korintiërs 7:8-16

Diensplig in die sestigerjare was beslis nie ‘n grap nie. ‘n Arme troepie kon nooit iets reg doen nie, al het hy ook hóé hard probeer. My eerste kennismaking met die gevreesde paradegronde onthou ek nog baie goed. Op skool het ek darem al die basiese van dril onder die knie gehad, altans so het ek gedink. Tot die dag toe ek Potchefstroom se paradegrond betree. Ek verneem dat ‘n Bombardier eintlik die artillerie variasie van ‘n Korporaal is. Hy bombardeer ons arme troepies met bevele wat net

hyself kon verstaan, en verskree ons. Skielik is al my skoolkadette kennis uit my kop uitgewaai. As hy skree: “Hêêêêêêê..... hô!” dan doen ek nét daar ‘n omkeer. En dan gil hy vir my dat ek om dáárdie boom moet hardloop. En vinnig ôk! Potchefstroom se paradegronde het nou nie juis bome gehad nie, en dié wat daar was, was bitter ver! En as jy nie vinnig genoeg na sy sin maak nie, dan moet die hele peleton een honderd “pushups” doen, en dan is álmal vir jóú kwaad, en dan moet jy dit boonop nog later ontgeld óók.

Ons is gedril totdat ons op strepe begin omdop het van uitputting. Die son was warm en die Bombardier genadeloos. Maar die paradegrond was ‘n vulletjie teen die hindernisbaan, waar jy deur rolle doringdraad moet kruip en oor mure klouter en met toue oor ‘n moddergat swaai. Die Sersant in beheer was erger as die duiwel homself, en elke klein foutjie is genadeloos uitgebuit. Sy strafmaatreëls het menige troepie in die hospitaal laat beland.

En moenie dink dat wanneer die son sak, jy kan gaan ontspan nie. Dit is dán wanneer jy begin om jou bed te stryk sodat die lakens

soos gestyfde servette lyk op ‘n koning se tafel. Middernag word daar kamerinspeksie gedoen. Een enkele plooitjie of stofkorreltjie, en die hele slaapsaal is in die sop. Dan werk jy tot dagbreek toe om alles weer op standaard te kry. Maar dan is dit natuurlik ook al weer opstaantyd, en tyd vir die paradegrond. En intussen moet jy nog wagstaan ook!

Onthou jy nog? Die jonger manne sal nie weet wat ons alles deurgemaak het nie. Die straf was dikwels so verskriklik onregverdig. Daar was dikwels moordgedagtes in jou binneste as

jy net die naam van ‘n Sersant of Bombardier hoor.

Die resultaat was egter, dat toe die grensoorlog uitbreek, hierdie manne se dissipline wat in hulle ingedril, ingeslaan en ingestraf is, dikwels hulle lewe gered het. Daardie dissipline het hulle gedra regdeur die wrede Bosoorlog, en vandag kan daardie troepies van weleer vertel van die mees ongelooflike situasies wat hulle kon oorleef, bloot as gevolg van die hartelose opleiding wat hulle deurgemaak het. Vandag kan ek net die Here dank dat ek sélf die Bosoorlog misgeloop het. My diensplig het verstryk voordat ek

vir grensdiens opgeroep kon word.

In jou geestelike lewe gaan dit dikwels ook soos met ‘n militêre opleiding. Baie keer voel dit vir jou so bitter onregverdig oor die dinge wat met jou gebeur. Soms voel jy selfs kwaad vir die Here, dat Hy dit kon toelaat dat sulke dinge jou tref. En dan wil ons die vraag vra: “Waarom straf die Here my so? Was my sondes dan so groot dat ek hierdie straf moes verduur?” Boonop voel dit bitter onregverdig as ons na ander kyk wat nooit “gestraf” word nie, mense wat net maanskyn en rose beleef.

Op ‘n dag word daar ‘n klompie name uitgelees, die fiksstes onder ons troepies. Hulle sou verdere opleiding kry as “Parabats,” valskermsoldate. Hulle opleiding het ons swaarkry na ‘n sondagskoolpiekniek laat lyk!

As gelowige is die “straf” wat jy moet verduur gewoonlik ook gelyk aan jou geestelike uithouvermoë. Diegene wat die “punch” kan vat, gaan deur baie erger trauma as die ouens wat nie opgewasse is nie. Kyk maar net deur watter diep waters sendelinge dikwels gaan. Dit gebeur alles om hulle steeds

sterker te maak en te oefen om reuse uitdagings wat die sendingveld bied te kan oorkom.

Paulus het hierdie “tranebrief” aan die gemeente in Korinte gestuur, nie om hulle te probeer straf vir die dinge wat daar aangegaan het nie, maar juis om hulle tot inkeer te dwing. Die brief het seergemaak, en hulle het bitterlik gehuil daaroor. Die resultaat was egter dat hulle lewens dramatiese geestelike groei getoon het.

Wanneer ek en jy as gelowiges “gestraf” word, kan ons weet dat dit eintlik gladnie straf is nie, maar dat ons hierdeur gebrei, gelouter

word. In die eerste plek, om geestelik sterker te word, maar ook dat ons hierdeur aangepor word om ‘n lewe te lei wat nader aan Jesus is.

Een ding wat ons dééglik moet besef, is dat dit ‘n baie groot eer I s om harde slae te verduur. Dit wys ons dat die Here vertroue in ons het, dat ons die potensiaal het om tot groot hoogtes te kan groei in ons geestelike lewe. As dit nie so was nie, sou ons nooit hierdie slae gekry het nie.

**Gebed:**

**Here, dankie dat U my waardig geag het, dat ek slae kan verduur vir U. Ek loof U**

**daarvoor, en bid dat dit die regte uitwerking in my lewe sal hê.**

# 58 Gee Aan die Here

## 2 Korintiërs 8:1-15

Ons gemeente se finansies was in ‘n benarde toestand. Die segsman oor finansies kry toe die onbenydenswaardige taak om vir die gemeente te sê dat daar nie genoegsame fondse is om ons verpligtinge na te kom nie. Ek kry die arme kêrel bitter jammer toe hy voor die gemeente gaan staan!

Hy begin met 'n grafiek op die skerm wat 'n baie donker prentjie skilder. Hy verduidelik dat ons inkomste net-net genoeg is om ons vaste uitgawes te dek. Vir sending, Bybelverspreiding,

evangelisasie, die ouetehuis, die kinderhuis en barmhartigheid is daar dus niks oor nie. Elke bietjie ekstra wat die gemeentelede bydra, gaan direk aan hierdie projekte.

Skielik begin die mense besef watter verskil ‘n bietjie ekstra dankoffer maak. Binne enkele maande het die prentjie totaal verander, en was daar genoeg om in baie behoeftes na buite te voorsien.

Dit is tragies dat die kerk die eerste instansie is wat geraak word deur ‘n swak ekonomie. Lidmate begin héél eerste besnoei by hulle dankoffers.

Hierdie tendens het ‘n hele tragiese kettingreaksie tot gevolg. ‘n Gemeente se administrasie moet aangaan, dus word die leraar en amptenare eerste betaal, en so ook die gewone uitgawes soos water en ligte. Wat oorbly, word aangewend vir evangelisasie, sending, armesorg, Bybelverspreiding ens. Dit is juis hierdie dinge wat dan afgeskeep word as lidmate nie meer hulle bydraes gee nie. Dit veroorsaak dat die situasie van verarming, finansieel én geestelik, nog verder vererger word.

Die ekonomie maak dit bitter swaar vir die armes, en daar is al hoe meer mense wat hulle werk verloor. Hier het die kerk ‘n baie groot rol om te speel, om mense uit hulle nood te help. Maar sonder geld is die kerk se hande afgekap. As ons ophou gee, verhoog ons die nood.

In Paulus se tyd was daar juis ook so ‘n krisis-situasie. Hier was dit die gelowiges van Jerusalem wat in groot nood was, want die oomblik as hulle die Joodse geloof verruil het vir die Christelike geloof, dan was hulle afgesny van die gemeenskap. Hulle het dan geen inkomste

meer gehad nie, omdat niemand iets met hulle te doene wou hê nie. Dit het gelei tot ‘n verskriklike verarming.

Hierdie gelowiges se enigste hoop op hulp was uit die geledere van die heidenlande soos Masedonië. Die probleem was egter dat die meeste gelowiges hier ook maar die armer klas mense was, wat sélf dikwels gesukkel het om kop bo water te hou. Nogtans sien ons uit Paulus se brief dat hierdie mense, ten spyte van hulle eie swaarkry, nog steeds bydraes gegee het om Jerusalem se nood te help verlig. “Al was hulle arm, hulle was ryk in

oorvloedige vrygewigheid," skryf Paulus oor hulle in 2 Kor. 8:2. Hulle het ook nie maar net gegee wat oorgebly het nie, nee, hulle het gegee selfs bó hulle vermoë.

Om te gee uit jou oorvloed, is nie 'n dankoffer nie. Om meer te gee as wat jy werklik kan bekostig, wanneer dit eintlik seer maak om te gee, dan gee jy waarlik 'n dankoffer vir die Here.

En dit bring ons by die éintlike rede waarom ons bydraes gee vir die Here: dit is uit dankbaarheid vir wat Hy vir ons doen en gedoen het. Ons lees van die Masedoniërs dat hulle maar swaar gekry het in die

verdrukking, maar dat hulle blydskap oorvloedig was. Blydskap spruit uit dankbaarheid. En dankbaarheid maak ook jou hand en hart oop.

Dalk sê jy vanoggend dat jy waarlik niks het om te gee nie. Ek weet hoe dit voel om niks te hê wat jy kan gee nie. Maar dan het jy steeds iets om te gee - jou tyd, jou bereidheid en jou hande. Selfs die armste mens kan steeds vir die Here geld genereer deur ‘n bietjie van sy tyd te gee. In ons gemeente is daar byvoorbeeld ‘n span mense wat elke Saterdag pannekoek en vetkoek bak en aan die publiek verkoop. ‘n Ander

span bak weer koekies en koeksusters, en hulle kan net eenvoudig nie voorbly met bak nie. Dit verkoop soos soetkoek! Met hierdie twee aksies word daar waardevolle fondse vir onder meer Bybelverspreiding gegenereer. En dit deur mense wat bereid is om hulle vrye tyd op te offer vir die Here.

Dit is egter nie slegs op finansiële vlak waar die Here ons offers vra nie. Hy vra ook dat ons moet gee in ons liefde, vriendelikheid, geduld, blydskap ens. Dit help niks as jy gee bo jou finansiële vermoëns nie, as dit ontbreek in liefde nie. Jesus was hier vir ons

die perfekte voorbeeld: Menslik gesproke het Hy niks gehad nie, maar Hy het gegee in oorvloed. Sy liefdesaksies het duisende mense na Hom toe laat stroom. Uit dankbaarheid vir wat Jesus vir my en jou gedoen het, moet ons ook ons liefde uitleef deur die Evangelie uit te dra en liefde aan ander mense te betoon. Hy het elkeen van ons talente gegee. Leef daardie talente uit!

**Gebed:**

**Dankie Here, vir U groot liefde aan my. Help my om ook my liefde uit te leef volgens U wil.**

# 59 Versoekings

## 2 Korintiërs 8:16-24

Plegtig word die groep van 34 weggestuur na 'n uitreik in Mosambiek. 'n Klein Indiërgemeente in Shakaskraal organiseer die uitreik elke paar maande. ‘n Klompie lidmate van ons eie gemeente gaan saam, asook 'n Baptiste gemeente in Phoenix en nog etlike ander kerke. In 'n baie emosionele seremonie word ons die hande opgelê en word daar vir ons gebid. Hierdie sou baie beslis nie 'n vakansie op die goue strande van Mosambiek wees nie! Die gebied waarheen ons gaan is

bitter arm en daar is géén luukshede nie, nie eers 'n warm stort saans nie! Daar is geen krag, geen lopende water, geen winkels en geen huisvesting nie.

Maar ons het 'n groot taak wat op ons skouers rus, want die nood is baie groot in die gebied wat ons besoek. Kos en klere is daar baie luukse items, om nie eers te praat van Bybels nie! Bitter min van die mense daar het die voorreg om 'n Bybel te besit. Boonop is die evangelie slegs in 'n klein gebied daar versprei, en lê daar steeds 'n groot braakland oop waar die Woord nog nie gehoor is nie.

Daar is 'n berg klere en tonne kos ingesamel wat moet saamgaan. 'n Reuse pak medisynes en pleisters moet help om die mense wat waarskynlik nog nooit in hulle lewe die binnekant van 'n kliniek gesien het nie, se eina's en kwale te help verlig. En natuurlik 'n paar kaste Bybels, want daarsonder sou die uitreik betekenisloos wees.

Uitgeput na 'n uitmergelende uitreik keer ons 'n week later terug. Die groep moet kom verslag lewer aan die gemeente. Dit is 'n groepie borrelende, stralende mense, sommige nog skoolkinders, wat nie uitgepraat

kan raak oor die wonderlike ondervinding, waar meer as 70 mense hulle harte aan die Here gegee het. Boonop is die lewens van diegene wat die uitreik meegemaak het vir ewig verander.

Paulus was oorstelp van blydskap toe Titus destyds uit Korinte terugkom. Hy was al bekommerd dat Titus dalk die hasepad sou kies, want die probleme in die gemeente was oorweldigend. Titus het egter die toets met onderskeiding geslaag, en nou stuur hy hom wéér. Hy is immers reeds wél bekend in Korinte, en dinge loop daar nou weer

normaal. Hierdie keer is dit sy taak om die geld wat ingesamel is vir Jerusalem, te gaan haal. Dit is ‘n baie verantwoordelike en uiters gevaarlike taak, want hy kan so maklik in die hande van rowers val. Boonop kan mense hom dalk wantrou, want wie sal ooit weet as hy van die geld vir homself hou? Daarom stuur Paulus nog twee betroubare manne saam met hom.

Jare gelede kuier ons in Marloth Park. Die oggend gaan ek en Mosbolletjie ‘n ent stap om voëls te gaan kyk. Dis warm, en ons los die vensters wawyd oop sodat vars lug deur die huis kan trek.

Hierdie aksie van ons het egter gesorg vir ‘n reuse versoeking. In Marloth Park loop die wilde diere oral rond tussen die huise, onder andere ook bobbejane. By ‘n oop venster kan ‘n ordentlike Kees net eenvoudig nie verby stap nie. En boonop is hulle klein skelm ogies so skerp dat hulle ‘n oop venster op ‘n kilometer kan herken.

Die diefwering het hulle nie gekeer nie, want toe gaan hou Kees & Kie gróót makietie in ons huis. Hulle stroop die koskaste, en wat hulle nie kon eet nie, strooi hulle oor die meubels en vloer. Meelblom en mieliemeel het vir vet pret gesorg! Dié het

hulle rondgegooi om reuse wit wolke in die huis te maak wat alles in ‘n wit sneeulaag getooi het.

Toe ons terugkeer van ons wandeling, laat spaander hulle, en laat vir ons die huis in chaos! Dit was baie ure se werk om alles weer leefbaar te kry!

Wie se skuld sou jy sê, was hierdie ramp? Die skelm bobbejane? Nee, dit was my eie skuld want ons het die Adoonse in die versoeking gelei! As ons die vensters toegemaak het, sou niks ooit gebeur het nie!

Paulus het nie verniet die twee betroubare manne saam met

Titus gestuur om die geld te hanteer nie. Al het Paulus ook vir Titus met sy lewe vertrou, kon hy nie die risiko loop dat iemand dalk ‘n vinger wys nie. As gelowiges, moet ons baie versigtig wees om nie versoekings op iemand se pad te plaas nie. As die persoon in die strik trap, dan was ek die oorsaak dat hy in die sonde beland het.

Ek het al so dikwels gehoor dat iemand sê dat sy huiswerker so betroubaar is, dat hulle maar geld oop en bloot in die huis kan laat, en wéét dat niks ooit sal verdwyn nie. Deur dit te doen, stel jy egter vir daardie persoon, wat dikwels

in finansiële nood verkeer, in ‘n baie groot versoeking.

Deur matrieks aan die einde van hulle skooljaar alleen saam met hulle pêlle see toe te stuur vir ‘n vakansie, is ‘n reuse versoeking. Ek sien jaarliks in Ballito hoe die kinders in groot getalle sneuwel onder groepdruk, terwyl hulle ouers salig onder die indruk is dat hulle verantwoordelik vakansie hou. Drankmisbruik, wilde partytjies, dwelms en seksorgies is die norm - almal doen dit mos! Liewe ouers, moenie julle kinders aan daardie gevaarlike versoekings blootstel nie!

**Gebed:**

**Here, gee my asseblief ‘n verantwoordelikheid teenoor ander, sodat ek niemand ooit in ‘n versoeking sal stel nie.**

# 60 Gee met die Regte Gesindheid

# 2 Korintiërs 9:1-15

Voel jy dalk ‘n bietjie ongelukkig oor die dagstukkie wat ek twee dae gelede gestuur het oor die gee van offergawes aan die Here? Ongelukkig is dit só dat sommige kerke hulle lidmate “mislei” deur hulle te dwing om tiendes te gee. Dikwels word daar só met lidmate se emosies gesmokkel, dat hulle uit pure skuldgevoel meer gee as wat hulle werklik kan bekostig, en dat hulle dan sélf in die verknorsing beland. Mense gee dikwels met ‘n swaar hart. En dan is daar die

ander sy van die saak, waar gemeentes hulleself verryk en onnodige luukse bouwerk doen of hulle leraars in weelde leef terwyl die gemeente verarm. Die tiendes word dus misbruik. Daar is dikwels ook die gevoel dat ‘n mens liewer gladnie oor geld moet praat wanneer dit by geloof kom nie. Die gedagte is ook al teenoor my uitgespreek dat ‘n mens slegs uit jou oorvloed vir die kerk gee, en dat dit jou nie finansieel moet raak nie. Is die gee van “tiendes” nie dalk baie wetties nie?

Ek gaan my nie uitlaat oor al hierdie vrae en gedagtes nie.

Maar ek wil tóg enkele opmerkings maak, en ek wil vra dat jy hierdie dinge sal oordink en die saak vir jouself sal uitmaak met die Here.

In die eerste plek wil ek dit benadruk dat ons besig is met ‘n reeks oor 2 Korintiërs. Paulus skryf sekere dinge met ‘n doel in hierdie brief, en as ons gaan besluit dat ons maar ‘n hoofstuk wil oorslaan omdat ons dit liewer nie wil hoor nie, dan is ek bevrees, lees ons slegs die dele in die Bybel wat ons pas, en die ander gooi ons weg. Die ganse Bybel is die Woord van God, en ons durf nie iets weglaat nie. Ja,

óók die Ou Testament! Lees gerus weer wat in Openbaring 22:18,19 staan.

Dat die verpligte gee van tiendes wetties is, stem ek heelhartig oor saam. ‘n Gelowige gee nie omdat die wet van hom vereis om te gee nie. Jy gee aan die Here uit dankbaarheid vir wat Hy vir jou gedoen het. Hoeveel moet jy gee? Nee, dit kan ek nie vir jou sê nie - dit moet jy sélf besluit, en die saak met die Here uitmaak. En as jy met ‘n swaar hart gee, dan moet jy dit liewer uitlos, want die Here het nie behae daarin nie. Toe ek in die dagstukkie gesê het dat ‘n ware dankoffer eintlik

behoort seer te maak, het ek nie bedoel dat jy moet gee terwyl jy eintlik nie wil nie, of terwyl jy dit gladnie kan bekostig nie. Dit kon eintlik maklik misverstaan word. Jy moet gee omdat jy juis vir die Here wil gee. Maar soms kan dit wél jou sak baie diep raak.

Moet ek juis vir die kerk gee? Nee, nie noodwendig nie. Maar jy het ‘n verpligting teenoor jou gemeente. Die gemeente is die kanaal waardeur sendingwerk, evangelisasie en hulp aan armes verleen word, en boonop is daar noodsaaklike administrasie wat ‘n gemeente aan die gang moet hou, en salarisse wat betaal moet

word. As ‘n gemeente egter lidmate se bydraes misbruik, dan sou ek tweekeer dink voordat ek vir daardie gemeente gee. ‘n Gemeente het ‘n baie groot verantwoordelikheid en verpligting om die bydraes slegs te gebruik tot eer van die Here en tot uitbreiding van Sy Koninkryk. Sommige gelowiges het ’n probleem daarmee om vir die kerk te gee. Dit moet eerder vir die Here gegee word. Die kerk is die verteenwoordiger van die Here op aarde, en as jy vir die kerk gee, gee jy eintlik vir die Here! Mits daardie gemeente dit natuurlik nie misbruik nie. En natúúrlik kan ek ook ‘n deel van

my dankoffer aan ander persone of instansies gee, soos wat die Here dit op my hart druk.

Die vrae wat na vore gekom het, sluit eintlik baie mooi aan by vandag se Skrifgedeelte, wat weereens praat oor ons bydraes. En nee, hierdie een gaan ek ook nie oorslaan nie! In die openingssin skryf Paulus: “Eintlik is dit oorbodig dat ek aan julle skryf oor die hulpverlening aan die gelowiges in Judea.” Dit behoort nie nodig te wees vir ‘n leraar om oor ons bydraes te preek nie, want dit is iets wat natuurlik moet voortspruit uit jou lewe van liefde. ‘n Gelowige wat

waarlik sy liefde uitleef, sal van nature ook ‘n oop hand en beursie hê, en die nood in ander raaksien en help. Hierdie gemeente aan wie Paulus skryf, staan gereed. Hulle is opgewonde om te kan gee, want die bydraes wat hulle maak, gaan ‘n groot verskil maak aan die lewensgehalte van die mense van Judea, wat waarlik swaar gebuk gaan onder armoede.

Daar is natuurlik ook ‘n bonus vir diegene wat bereid is om vir die Here te gee. Ek sê dit eintlik met huiwering, want weereens kan dit maklik verkeerd verstaan word. “*Wie karig saai sal karig oes; en*

*wie volop saai sal volop oes”*, skryf Paulus in 2 Kor 9:10. Om iets terug te kry vir dit wat ons gee, mag nooit óóit ‘n motief wees vir ons om te gee nie. Maar dikwels kry jy baie meer terug as wat jy gee. Dit mag dalk nie stoflik wees nie, maar geestelik doen dit wondere vir jou as jy bereid is om te gee.

Ten slotte: Vers 7 moet eintlik die norm wees vir ‘n gelowige om te gee: “*Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.*” (2 Kor 9:7)

**Gebed:**

**Here, gee my ‘n oop hand om te gee, en blydskap in my hart.**

# 61 Harde Woorde

## 2 Korintiërs 10:1-6

Voor 'n groot kerkvergadering neem ek my eenmaal voor om ‘n paar dinge te sê wat my grief: “Ek sal reguit sê wat my pla. Hierdie saak moet reggestel word!” Toe die vergadering egter aanbreek, begewe my moed my, en kon ek met die beste wil nie praat nie. Ek was so bang dat ek dalk op iemand se tone sou trap! Ek wou niemand seermaak nie. Hierdie is dalk een van my baie swak punte. As ek moet praat in so ‘n situasie, struikel ek oor my eie tong, en dan kom dinge skeef uit. Gee my liewer ‘n stuk papier, dan skryf ek

vir die man ‘n brief, en verduidelik my probleem, daarmee is ek gemaklik. Op papier kan ek my gedagtes rustig formuleer, en as daar dalk ‘n verkeerde woord inglip, dan is dit maklik om te verander voordat ek die “STUUR” knoppie druk. Die probleem is dat jy so maklik die verkeerde ding sê in ‘n oomblik van swakheid, en dan maak jy seer terwyl jy nooit werklik bedoel het om seer te maak nie.

Wanneer ek dan ook ‘n ernstige brief skryf, laat ek hom verkieslik eers ‘n dag oorstaan voordat ek hom stuur, sodat ek eers kan

seker maak dat ek nie iets sê wat nie gesê moes wees nie.

Dalk het Paulus dieselfde probleem gehad, of so het die Korintiërs ten minste gedink. Hulle het hom daarvan beskuldig dat hy baie braaf is wanneer hy vir hulle skryf, en dan sê hy soms baie harde dinge vir hulle. Dan is hy nie bang om hulle die Leviete voor te lees nie. Wanneer hy hulle egter in die oë kyk, is hy so mak soos ‘n lammetjie - g’n skewe of harde woord uit sy mond nie!

Iemand wat hard aangespreek word, pluk egter gewoonlik onmiddellik ál sy wapens uit en veg terug. Al waaraan hy op

daardie oomblik dink, is om homself te verdedig, en natuurlik is aanval die beste strategie van verdediging. Gewoonlik kom jy nêrens deur iemand hard aan te spreek nie. Harde woorde is nie die werk van die Heilige Gees nie, maar die produk van jou eie menslike denke.

As jy met iemand wil praat oor iets wat hy verkeerd gedoen het, dan verg dit waarlik die wysheid van Salomo. Aanval is beslis nié die antwoord nie. Het jy al gesien wat gebeur met ‘n kind as jy met hom raas? Hy raak bang vir jou, en beplan dan om dieselfde verkeerde ding volgende keer op

só ‘n skelm manier te doen dat hy nie weer uitgevang gaan word nie. Gesels jy egter sag en rustig met hom, en verduidelik waarom dit verkeerd is om te doen wat hy gedoen het, mag hy dit dalk oorweeg om uit eie vrye wil tot ander insigte te kom.

Daar is egter ‘n baie belangrike faktor waarmee jy moet reken wanneer jy so ‘n gesprek aanknoop: Die werk en plek van die Heilige Gees. Geen geestelike gesprek durf plaasvind sonder dat die Heilige Gees daarby betrek word nie. Persoonlik is ek en jy net eenvoudig te swak om enige

mens te kan oortuig van sonde. Die Heilige Gees is die enigste Een wat dit kan doen. Daarom is dit van uiterste belang dat wanneer ons met iemand gesels, ons dit biddend sal doen en die Heilige Gees sal vra om die spreker te wees in die gesprek. "*Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig,*" skryf Paulus 2 Kor 10:4.

Dit bly egter steeds moeilik om iemand mondelings te oortuig. My eie ondervinding is dat elke keer as iemand my so aanvat oor 'n ding, dan slaan ek bottoe. Ek wil

sélf die saak uitklaar met die Here. Kry ek die gesprek egter op papier, dan het ek tyd om dit te herkou en te ondersoek en daaroor te bid. Dit gee my ook die geleentheid om te gaan kyk wat die Bybel daaroor sê.

Dalk is dit juis om hierdie rede wat Paulus, en ek sélf ook, dit baie gemakliker vind om ‘n moeilike situasie op skrif te hanteer. Wanneer dit gebeur dat ek vir iemand moet skryf, dan skryf ek die brief biddend. Ek lees dit weer en weer deur, en maak baie, baie seker dat ek die stem van die Heilige Gees reg verstaan, en dat ek nie skryf uit

menslike oorwegings nie, maar dat my gedagtes gelei word deur die Here. Terselfdertyd moet ek ook een honderd persent seker maak dat die dinge wat ek skryf absoluut Skrifgebonde is, en dat dit nie maar dinge is wat ek voel, of uit my duim suig nie. Dit is natuurlik ook makliker om skriftelik ‘n ding reguit te sê, want die kanse is baie kleiner dat die persoon sommer die gesprek gaan kortknip en nie verder luister nie. En al doen hy dit, kan hy altyd later weer teruggaan en lees wat jy geskryf het, wanneer die Heilige Gees eers met hom begin werk het. Natuurlik is die voordeel

ook dat hy die boodskap oor en oor kan lees.

En dan wonder jy waarom ek dagstukkies skryf? Die Here het my hierdie wonderlike geleentheid en metode gegee om met jou te kan praat. En die bonus is dat jy kan reageer hierop en vir my terug skryf nadat jy dit herkou het. Ek dank die Here elke dag daarvoor.

**Gebed:**

**Dankie Here, dat U my die geleentheid gee om so met baie mense te kan praat. Help my asseblief om slegs te skryf wat U my beveel.**

# 62 Nederigheid

# 2 Korintiërs 10:7-18

Die twee rugbyspanne draf op die veld en gluur mekaar in die oë. Die Rooikatte is vol vertroue dat hulle hierdie wedstryd kan wen, hulle het immers hard gewerk om te kom waar hulle is, en hulle het tot dusver al die regte dinge gedoen. Die Jakkalse, aan die anderkant, was nie so suksesvol nie. Maar hulle het ‘n troefkaart. Voor die tyd het hulle met die skeidsregter gekonkel, en daar is ooreengekom oor ‘n paar dinge waarvan nét hulle weet. Arrogant en propvol selfvertoue staan hulle daar.

Die fluitjie blaas, en die Rooikatte skop af soos wat hulle gedril is om te doen, presies op die regte kolletjie. As die man spring om die bal uit die lug uit te gryp, blaas die skeidsregter hard op sy fluitjie. Strafskop! “Waarvoor?” wil die Rooikatte se kaptein weet. Die skeidsregter vererg hom, en hy verskuif die strafskop twintig treë nader. Weereens is die Rooikatte totaal in die war, hoe het die reëls dan nou so skielik verander? Soos die wedstryd vorder, kom die Rooikatte agter dat alles wat hulle van rugbyreëls af weet, absoluut niks tel in hierdie wedstryd nie. Hulle is baie beslis die beste span op die veld,

maar niks wat hulle doen is reg nie. Die reëls word elke keer verdraai, en hulle het géén raad nie.

In ‘n sekere sin is die verkondiging van die Evangelie ook ‘n spel. Hierdie is egter ‘n baie belangrike “spel”, waarby menselewens betrokke is. Elke gelowige wat die Evangelie uitdra, doen dit na die beste van sy vermoë. Anders as hedendaagse rugby, is daar geen betaling vir die “spelers” nie. Hulle speel vir die liefde van die saak. Maar soos met rugby, is daar ook sekere reëls. Hierdie reëls is egter nie deur mense daargestel

nie, maar deur die Here Sélf. Ons speel dus die spel volgens God se reëls.

En juis hier het Paulus ‘n ernstige probleem opgetel, want in Korinte was daar sekere evangeliste wat begin het om hulle eie reëls op te stel. Hulle was nie ongelowiges nie, maar gelowige Christene, nes die ander. Hulle het egter begin om sekere dwaalleringe te verkondig. En dit het baie probleme veroorsaak, want die mense het nie meer geweet wat reg en verkeerd was nie, en hoe hulle nou eintlik veronderstel was om op te tree nie. Boonop was hierdie dwaalleraars ook besig

om die gelowiges teen Paulus op te sweep, en te beweer dat sy prediking nie feitelik korrek was nie.

Wat was daar aan die gang? Hierdie mense het in die eerste plek ‘n baie hoë dunk van hulleself gehad en hulle eie maatstawwe gestel. Hulle het hulleself verhef bo manne soos Paulus. Om jouself te verhef bo ander, is nie Bybels nie. Die Bybel leer ons om nederig te wees. Paulus sê dan ook dat hy hom nie buite sy perke sal roem nie. Paulus het sékerlik alle rede gehad om te roem. Hy was immers die stigter van die Korinte

gemeente, asook ‘n streep ander gemeentes. Nogtans het hy nie geroem buite sy perke nie.

Ek moes eenmaal ‘n kursus aanbied by ‘n Voortrekker kamp. Ek merk ‘n kêrel met ‘n vaal laphoedjie op wat met die kinders staan en skerts. Later is hy sommer net ‘n hulp in die kombuis wat skottelgoed was en worsies braai. “Ek is Piet,” stel hy homself voor aan my, en hy vertel dat hy met studente werk. Tot my skok en skande verneem ek later dat hy die hoofleier van die Voortrekkerbeweging is, en boonop ook die moderator van die NG Kerk! Hierdie nederige

man het gevorder tot ‘n baie hoë posisie in die lewe, maar steeds was hy plat op die aarde! Hy het alle rede gehad om homself te verhef bo die gespuis daar onder, maar hy het besluit om ‘n doodgewone mens te wees. Soos op enige kamp, het daar maar dinge skeefgeloop, maar nooit het ek hom hoor kritiseer nie. Op hierdie manier het hy diep in die harte van die kinders en al die ander mense met wie hy kontak gehad het, ingekruip. Hy het die hele tyd die boodskap van liefde en opregte omgee uitgestraal.

Wanneer ‘n gelowige begin sterk groei in sy geloof, en moontlik

sekere geloofs-mylpale bereik, dalk ‘n leiersposisie, leraar of pastoor, dan is die gevaar baie groot dat hy homself sal sien as ‘n bietjie verhewe bo die res wat nog nie “aangekom” het nie. Ek het al te doene gekry met ‘n dominee wat jou uit die hoogte aanspreek. Maar dankie tóg, die meeste leraars wat ek ken is doodgewone mense wat plat op die aarde is, en wat besef dat hulle met ‘n hoogdrawende houding nooit siele vir Jesus sal wen nie. Ek kry dikwels die geleentheid as “gewone” lidmaat om saam met die geleerde manne en vroue om die tafel te sit, en keer op keer beleef ek dat

almal van hulle nederig is, en slegs een doel voor oë het, naamlik om die Naam van Jesus groot te maak en Sy Koninkryk op aarde uit te brei. Ek, as gewone lidmaat, word telkens behandel asof ek iemand baie spesiaal is.

Paulus sluit hierdie betoog af deur aan te haal uit Jeremia 9:24: “Hy wat roem, moet in die Here roem”. Kom ons gee vandag al die eer aan Jesus, die Verlosser, Saligmaker, Skepper van hemel en aarde - die Opgestane Heer!

**Gebed:**

**Here, my gebed is vandag dat U my nederig sal hou, en dat U**

**wonderlike Naam verheerlik sal word.**

# 63 Die Sendingveld
# 2 Korintiërs 11:1-15

Sendelinge word gereeld gekritiseer vir hulle lewenswyse. Wanneer ‘n sendeling eers wegraak daar in die vreemde tussen hordes heidene wat dikwels krepeer van die ellende, is dit so maklik om totaal van hulle te vergeet. Dit is op sulke tye wat sendelinge swaartrek om kop bo water te kan hou. “God sal voorsien”, hoor jy hulle ál te dikwels sê, en dan word hulle deur baie mense uitgelag. “Hoe kan enigiemand so dwaas wees? Watter soort waarborg het hulle dat hulle so kan oorleef? Dit gaan

nie lank hou nie - binnekort kruip hulle terug!" Hierdie soort opmerkings maak seer!

Ek het al so baie verhale gehoor van sendelinge wat absoluut alles in die lewe opgegee het om in die primitiefste van omstandighede te gaan werk iewers in die onbekende. Onderhoud uit die "gemeente" waar hulle werk, is onbeduidend, want gewoonlik het daardie mense ook niks. Hulp van elders is ook maar karig. Malaria en ander tropiese siektes is 'n werklikheid wat hulle daagliks in die gesig staar. Maar vra jy hoe dit gaan, dan is hulle borrelend van blydskap. Elke bekeerling is

‘n reuse mylpaal, en as iemand uit die gemeenskap die dag sy opleiding as evangelis voltooi, dan is daar ongekende vreugde. Dit is soos Lourens Lauretti, in die onbereikbare oerwoud van Papua New Guinea en Johan Leach in die verste uithoek van Zambië die lewe ervaar.

Ek dink Paulus het ook iets hiervan beleef. Ja, net soos die sendelinge, moes hy ook dikwels gebuk gaan onder felle kritiek. Ons lees daarvan in 2 Kor. 11, waar sekere dwaalleraars hom uitgelag het. Waarom het hy byvoorbeeld nie ‘n salaris gevra van die Korintiërs nie? Waarom

sou hy verniet onder hulle gaan werk, sonder enige vorm van vergoeding? In Korinte het hy vernederende handewerk gedoen, tente gemaak om aan die lewe te bly sodat hy vir hulle kon preek. G’n ordentlike inwoner van Korinte doen handewerk nie! Dis slawe se werk! Paulus wou egter op géén manier vir die gelowiges in Korinte ‘n las wees nie, selfs nie eers toe die hongerpyne begin knaag het en die kos maar karig was nie. Al was hy sekerlik die mees suksesvolle sendeling van alle tye, sou hy beslis nie uit hierdie werk ryk word nie.

Daar was darem iemand wat van Paulus onthou het, en soms het die gemeentes in Masedonië geld gestuur om Paulus aan die gang te hou. Op daardie tye kon hy meer van sy tyd spandeer om die Evangelie te verkondig.

Ons vra dikwels die vraag: wat het Paulus dan so ‘n suksesvolle sendeling gemaak? As ons tussen die lyne lees, lyk dit asof hy nie juis ‘n wonderlike spreker was nie. Uit vers 6 kom jy agter dat daar uitstekende redenaars was met gladde tonge teen wie Paulus moes kompeteer. Met hulle mooi redenasies en asemrowende preekvaardighede

het baie mense agter hulle aangedrentel. Hulle het ryk geword uit hulle preke!

Vir Paulus het dit egter gegaan om iets baie groter as geld en eer. Hy wou hierdie bruid (die gemeente) voorberei vir die Bruidegom (Jesus) sodat sy vlekkeloos na Hom kon gaan. Dit het gegaan oor ‘n “onverdeelde en suiwere toewyding aan Christus” (2 Kor. 11:3). En hy span ál die kennis wat hy met bloedsweet deur die jare opgebou het in om hierdie gemeente daarheen te lei. Met hulle mooi praatjies was die dwaalleraars egter besig om die gemeente te

verlei om ‘n ander pad te volg - ‘n ánder Jesus te aanbid as die Jesus wat hy verkondig, ‘n Jesus wat dalk meer aanvaarbaar sou wees.

Ja, dit is iets wat die sendelinge vandag steeds mee te doen kry. Ná hulle harde werk om die Evangelie by mense tuis te bring, word bekeerlinge dikwels afgerokkel deur gladde sprekers wat Jesus vir hulle meer aanvaarbaar maak. Om ‘n voorbeeld te noem: Die hele gedagte van voorvader aanbidding/verering, is tradisioneel ingehamer in die lewe van baie van die mense van

Afrika. Wanneer die Evangelie aan hulle verkondig word, moet hulle ‘n keuse maak tussen dit en Jesus. Om met jou ou tradisies waarmee jy grootgeword het te breek, is beslis nie maklik nie, en dit neem soms jare vir so ‘n persoon om Jesus as enigste Saligmaker te aanvaar. En dit is juis hier waar die gevaar lê en loer, want daar is ‘n maklike weg uit die verknorsing. Iemand wat sukkel om ‘n keuse te maak, word maklik verlei om albei te aanvaar. Jy kan mos maar vir Jesus dien en steeds vasklou aan die voorvadergeeste. Daar is ‘n gewilde Godsdiens rondom hierdie gedagte geborduur, en

baie Afrikane word hierdeur ingesluk. Vir die arme sendelinge is hierdie ‘n nagmerrie, net soos die dwaalleraars vir Paulus ‘n nagmerrie was.

Raak hierdie dinge jou en my? Baie beslis! In die eerste plek mag ons nooit van ons sendelinge vergeet nie. Nie alleen moet ons hulle in die gebed dra nie, maar ook met ons finansies. En dan moet ons ook versigtig wees dat ons nie sélf verlei word deur dwaalleraars wat verkondig dat ons steeds aan ons ou tradisies moet vasklou nie, tradisies wat strydig is met die Woord. Dien Jesus met liefde!

**Gebed:**

**Here, help my asseblief om nooit ons sendelinge te vergeet nie.**

# 64 Swaarkry

## 2 Korintiërs 11:16-33

Paulus was ‘n baie ernstige man. Dis nie dat hy nors of onvriendelik was nie, maar ernstig in die dinge van die Evangelie. Vir hom was daar net één manier, en dit was die regte manier, volgens Bybelse riglyn. Hy was egter nie sonder sy bietjie humor nie. ‘n Tikkie daarvan slaan deur as hy die dwaalleraars aanvat. Paulus het gevoel dat dit suiwer dwaasheid was om te roem op enige menslike mylpale in jou lewe. Roem en eer is wêrelds! Maar nou ja, as die dwaalleraars dan kan roem in groot dinge, dan kan

hy mos maar ook vir een slag ‘n dwaas word en roem. Hy kan immers op baie meer dinge roem as hulle! As hulle kan grootpraat - hy kan dit baie beter doen! Maar eers wil hy dit in perspektief stel: hy praat beslis nie sulke grootpratery goed nie want dit is nie iets wat van God kom nie.

Paulus “spog” dat hy ‘n Jood is in murg en been, vólbloed, met ál die nodige geslagsregisters en fieterjasies van ‘n rasegte Jood.

Dis egter nie ál waarop Paulus kon roem nie. Oor die aller-verskriklikste ontberinge wat hy deurgemaak het, kan ons maar net die kop skud en sê: “Foei-tog!

Arme man!" As daar darem nou één mens is wat van swaarkry geken het, dan was dit Paulus! By vyf geleenthede het die kerk hom onskuldig gestraf deur hom 39 houe te slaan. Deuteronomium 25 skryf voor dat iemand wat in 'n hofsaak skuldig bevind is op die grond moet gaan lê, en met 'n gésel geslaan word. Hy mag egter nie meer as veertig houe kry nie. Uit vrees dat hulle dalk die voorskrif kon oortree, het die Jode slegs 39 houe toegedien, net vir ingeval iemand dalk per ongeluk verkeerd getel het. Hierdie was 'n wrede straf, en die arme man was half-dood geslaan,

want die owerhede het nie gespeel nie!

Boonop het Paulus ook ’n steniging oorleef. By so ’n geleentheid word jy nie met klein klippies gegooi nie, maar gróót klippe wat bedoel was om dood te gooi. Stefanus is op so ’n gruwelike wyse doodgegooi. Paulus het egter weer daar opgestaan en nie opgehou om te preek nie!

En dan was die openbare vervoer van daardie jare nou nie juis veiliger as vandag se minibus taxis nie! By drie geleenthede het die skip waarop hy geseil het gesink. Eenmaal moes hy vir ’n

dag en ’n nag in die oop see aan ’n wrakstuk vasklou voordat hy gered is.

Paulus se reise oor land was dikwels nog erger. Rowers, riviere in vloed, bittere koue, versengende hitte en wilde diere was ‘n alledaagse, en dikwels moes hy snags in die veld slaap. Sy ergste gevaar was egter die mense. Jode sowel as heidene wou hom uit die weg ruim!

Maar asof dit nie genoeg was nie moes Paulus dikwels nagte deurwerk om aan die lewe te kon bly sodat hy bedags die evangelie kon verkondig. Dikwels moes hy honger ly. By geleenthede het hy

byna verkluim in die bittere koue winter, sonder enige skuiling. En deur al hierdie swaarkry waar hy hom afgesloof het vir die mense aan wie hy die Evangelie gebring het, het sommige van hulle nog teen hom gedraai ook.

Paulus vertel egter nie van al hierdie verskriklike ontberinge sodat ons hom moet jammer kry nie. Inteendeel, hy beskou dit bloot as deel van die lewe. Ten spyte van dit alles, loop hy oor van dankbaarheid en blydskap. Hierdeur sê hy ook dat daar persone is wat juis met opset sulke swaarkry deurmaak sodat

mense hulle moet jammer kry en vereer.

Vandag hoor ons dikwels van mense wat die verskriklikste gevare deurmaak bloot om hulle name in groot opskrifte in die nuus te kan sien. Eie eer! Of diegene wat deur die allerverskriklikste lyding gaan om God se guns te probeer wen, soos die mense wat in Suid Amerika gedurende Paasfees hulleself loop en gésel totdat die bloed van hulle afstroom. Of erger nog, wat soos Jesus gekruisig word.

Paulus gee ál die eer aan God alleen. Dit gaan nie oor sy

swaarkry nie, maar juis dat God hom deur al die swaarkry en gevare steeds staande gehou het, ten spyte van sy eie swakhede. Paulus was bereid om sy hart totaal vir die Here oop te maak, en die Here het hom nie teleurgestel nie. Toe hy en Silas met seergeslaande, bebloede lywe in ‘n vuil tronk vasgeketting lê, het hulle nie daar gelê en huil van selfbejammering nie, maar hardop lofliedere gesing! Dit is wat gebeur as jy jouself onvoorwaardelik in God se hande oorgee. Jou ganse lewe word gevul met ‘n blydskap wat net eenvoudig oorborrel, al is jou omstandighede ook hóé haglik.

As die ellende jou tref het jy twee keuses: jy kan kies om jouself aan die ellende oor te gee, en miserabel op 'n hopie te sit en huil en jouself bejammer. Of jy kan kies om al jou sorge aan die Here oor te gee, en Hom te loof en dank vir Sy genade, en so boonop 'n praktiese instrument te word in die hande van God om die boodskap van Sy liefde en genade uit te dra.

**Gebed:**

**Here, ek dank U vir die swaarkry in my lewe. Leer my om dit te gebruik tot U eer.**

# 65 Vervoerings en Dorings

## 2 Korintiërs 12:1-10

Ek het eenmaal ‘n “vervoering” beleef. Dit was 26 Desember 2003. Ons was baie vroeg die oggend op pad van Ballito na die Laeveld deur Zoeloeland. Daar beleef ek ‘n gevoel, ‘n wegvoering - noem dit wat jy wil - wat ek nooit sal vergeet nie, en die wonderlike beloftes wat God my daardie oggend gegee het, gee my ‘n gloed in my hart. Lees dit gerus by **bit.ly/dsGenade**

Ek het al ook die voorreg gehad om met ‘n persoon te gesels wat ‘n naby-doodse ervaring gehad het, waar hy ‘n kykie in die hemel

gekry het. Hy het die hemelpoorte oop gesien, en hy het die heerlikheid van die hemel ervaar. Sy tyd was egter nog nie daar nie, en hy is teruggebring. ‘n Mens wil die vraag vra of hy (sy gees) fisies daar in die hemel was, en of dit net ‘n visioen was wat die Here vir hom gegee het? Ons sal nie weet nie, maar vir hom was dit ‘n werklikheid.

Paulus vertel ook van sulke ervarings wat “’n man” gehad het. Hy verwys eintlik na homself, en ook hý kan nie met sekerheid sê of hy fisies weggevoer was na die “derde hemel” en of dit net ‘n gesig of visioen was nie. Dit maak

in elkgeval nie eers saak nie. Volgens Joodse opvattings was daar sewe hemele, onder meer die wolkehemel, sterrehemel en die derde hemel, wat die woonplek van God en die verlostes is. Die derde hemel sou dus dui op die teenwoordigheid van God. Sou sulke verhewe ervarings van Paulus ‘n verhewe Christen maak? Hy het immers ‘n geesteservaring beleef wat min mense beskore is! Paulus beklemtoon dit egter dat hy dalk wél daarop sou kon roem, maar dit maak hom niks beter as enige ander mens nie. En net om hom daaraan te herinner dat hy nie kan spog met sy ervarings nie,

het hy ‘n “doring in die vlees” gekry. Hy sê dat dit is soos “’n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan.” (vers 7)

Daar is al baie bespiegel oor watter soort doring hierdie kon wees. Dit was heel waarskynlik die een of ander gesondheidsprobleem, moontlik iets te doene met sy oë. Telkens sien ons dat hy sy briewe slegs onderteken, en dan “in groot letters”, omdat hy baie sleg sien. Iemand het deurgaans ál sy briewe vir hom geskryf terwyl hy dikteer. Dit was moontlik nog die nagevolge van sy Damaskuservaring, toe hy vir ‘n

paar dae blind was. Dit kon dalk ook iets anders wees, soos malaria of ‘n spraakgebrek of epileptiese aanvalle. Dit kon selfs die nagevolge wees van ‘n besering, moontlik tydens een van die vele kere wat hy gegésel is. Alles is egter slegs bespiegelings. Wat ons wél weet is dat hierdie doring in die vlees ’n voortdurende lyding was wat hom weerhou het van enige selfverheffing.

Drie maal het Paulus al gebid dat die Here die doring van hom moet wegneem. Die Here het nie sy doring weggeneem nie, maar aan hom die krag gegee om daarmee

saam te leef. Hy herinner Paulus daaraan dat Sy genade vir hom genoeg is. Die seëninge wat God ons skenk in Jesus Christus is voldoende in voor- en teëspoed. God se krag word juis sigbaar wanneer ons geheel en al afhanklik en swak is. Hoe minder ek op my eie vermoëns en krag steun, hoe meer word die krag van God sigbaar! Die krag van Christus is deel van Paulus se lewe. Sy swakheid is juis die rede waarom hy die krag van Christus so kennelik ondervind.

Daarom besef Paulus dat hy nie in verset moet kom teen sy swakhede, beledigings,

ontberings, vervolging en moeilikhede nie. Dit alles ondervind hy juis ter wille van Christus. As hy self op sy swakste is, kom die krag van Christus op sy sterkste na vore. Eers toe hy geleer het om nie op eie krag staat te maak nie, het Paulus die krag van Christus wat deur hom werk, ontdek.

Dalk sit jy vanoggend met so ‘n “doring in die vlees”, en jy wonder waarom jy dan so “gestraf” moet word. Vra die Here biddend vir ‘n antwoord. Paulus het dit gedoen, en die Here se antwoord was duidelik dat dit hom plat op die aarde moes hou sodat hy nie dalk

hoogmoedig sou raak nie. Jou antwoord kan dalk iets heeltemal anders wees. Kyk maar hoe gebruik die Here dikwels erg gestremde mense om ander te inspireer. Die afgelope paar jaar het ons etlike gestremde atlete gesien wat heel bo uitstyg, en selfs meeding teen atlete wat normaal is. Die borrelende lewensvreugde van ‘n meisie met spierdistrofie, vasgevang in haar rolstoel, is ‘n inspirasie vir die hele wêreld. En wat van die jong man wat Kilimanjaro uitgeworstel het in sy rolstoel? In sy “patetiese” toestand het hy gevorder tot waar ek en jy dit nie eers sal waag nie. Hy dra die

boodskap uit dat ons verby ons probleme moet kyk en die uitdagings wat die lewe ons bied vierkant in die oë moet kyk. ‘n Swemkampioen met net een been; ‘n langafstand atleet wat die Comrades hardloop op krukke. En dan is daar ons geliefde sanger, Mathys Roets! Alles dorings wat mense laat blom.

Paulus se doring moes hom nederig hou. Die doring in my en jou lewe het dalk ‘n gans ander doel. Aanvaar die dorings met vreugde!

**Gebed:**

**Here, daar is ook dorings in my lewe - my gebed vandag is dat U my aanvaarding sal gee.**

## 66 Ongesonde Kritiek

## 2 Korintiërs 12:11-21

Dit was die jaar 1933, vir duisende Suid-Afrikaners ’n blye dag toe die Bybel vir die heel eerste keer in ons moedertaal, Afrikaans gelees kon word. Nou kon ons die Woord lees in ’n taal wat ons verstaan. Hoog-Hollands is vir jare alreeds nie meer in Suid-Afrika gepraat nie, en veral die kinders het nie ’n woord verstaan as Pa of die dominee uit die Bybel lees nie. Maar een ou omie was met hierdie nuwe euwel beslis nie tevrede nie. Hy het gesit en broei en broei, en toe laat kom hy die dominee:

“Dominis”, val hy sommer met die deur in die huis toe die predikantjie daar aanland, “As die Bybel ál die jare vir Moses en die Profete goed genoeg was in Nederlands,” tier die oubaas dat die spoeg so spat, “dan is hy vandag nog steeds vir óns goed genoeg in Nederlands!” Volgens hom was dit pure kettery dat die Bybel so “onteer” moes word.

Kritiek kan ‘n baie goeie ding wees, solank dit gesond en goed-deurdag is. Die groot probleem kom daarin dat dit ál te dikwels gebeur dat mense kritiseer sonder om na die hele prentjie te kyk, of hulleself van die ware feite

vergewis. Ek dink ons is dalk almal tot ’n mindere of meerdere mate daaraan skuldig. Dit is soos om die Bybel te verwerp omdat daar teenstrydighede in is. Maar as jy dit doen, dan gaan jy jammerlik by die boodskap van die Bybel verby! Vat maar byvoorbeeld die verhaal van Jona - sommige mense verwerp dit as ’n blote storie, omdat daar dinge in die verhaal is wat nie sin maak nie, soos byvoorbeeld die tyd waarin die verhaal afspeel. Maar maak dit werklik saak of Jona werklik geleef het, en of hy ’n fiktiewe karakter was? Nee, dit is nie waaroor dit gaan nie. Wat werklik saakmaak is die sterk

boodskap vir elkeen van ons vandag uit hierdie tydlose verhaal. En terloops, of jy met my saamstem of nie, ek glo dat die verhaal van Jona wél waar is tensy iemand baie duidelik die teendeel kan bewys! Natúúrlik is daar dinge in die Bybel wat vir ons teenstrydig lyk, en natúúrlik is daar goed wat ons gladnie verstaan nie. Maar die boodskap van God se genade, liefde en verlossing is die sentrale tema van die ganse Bybel, en dit is waaroor dit gaan. Vergeet van die dinge wat jy nie kan verstaan nie, eendag sal ons wél die antwoorde kry.

Wanneer jy die Woord van God verkondig, op watter wyse ookal, gaan daar mense wees wat ontevrede is met die manier waarop jy dit doen. Oor hierdie einste dagstukkies is ek al menigmaal uitgetrap. Slegs enkele maande nadat ek dit begin skryf het, het ek vir die eerste keer al my tone baie seer gestamp, toe ek iets gesê het wat iemand baie persoonlik opgeneem het. Ek het summier opdrag van ons leraar gekry om op te hou skryf om die vrede te bewaar, maar skaars ‘n week of wat later het ’n koor van stemme begin opgaan om te vra na die skielike droogte, en ek kry die

opdrag om weer voort te gaan ten spyte van die kritiek.

Lyk my Paulus was ook maar gedurig in die sop oor dinge wat hy gesê of gedoen het. Maak nie saak na watter kant toe hy geneig het nie, hy sou gekritiseer word. Die feit dat hy geen vergoeding gekry het vir sy werk in Korinte nie, het gemaak dat sommige mense dit bevraagteken. Sou hy egter wél vergoeding gekry het, sou ander mense dit weer bevraagteken het. Paulus het egter nie geskroom om die probleme in die gemeente by die naam te noem nie. Paulus het nie 'n bang haar op sy kop gehad

nie, maar híérdie goed het hom waarlik bang gemaak: Twis, naywer, onbeheersdheid, selfsug, kwaadpratery, nuusdraery, verwaandheid en wan-ordelikheid. Só ook onreinheid, ontug en losbandigheid. Hierdie lélike dinge waarvan hy in vers 20 skryf, het in die gemeente voorgekom, en dit het vir Paulus bitter bang gemaak. Weë die arme predikant wat dit vandag sou dúrf waag om sulke dinge van sy gemeente te sê. En tóg kom hierdie dinge daagliks binne in die kerk voor. Maar as jy daaroor gaan praat, dan is jy in die moeilikheid, want dan sê jy

kwansuis lasterlike dinge van die gemeente.

Maar dis nie net die predikers wat gekritiseer word oor dinge wat hulle sê nie. Ek en jy, die gewone gelowiges, moet ook leer om die Woord onverskrokke uit te dra, en nie kleinserig te wees wanneer mense ons begin kritiseer nie. Kritiek en selfs verwerping is te wagte as jy ernstig is om die Evangelie uit te leef en daaroor te praat. Tydig en ontydig moet ons die Evangelie verkondig en die goeie Naam van God verdedig. In Paulus se tyd is mense selfs doodgemaak en wreed gemartel as hulle dit sou doen, maar hulle

het steeds voortgegaan en onverskrokke hulle geloof uitgeleeef.

In sekere dele van die wêreld is dit vandag ook nie anders nie, en mense word wreed vervolg vir hulle geloof. Ek en jy het dit baie maklik, en die klein bietjie opoffering wat ons moet maak is maar gering. Moenie bang wees nie! Praat en lééf jou geloof. En wéét dat Jesus elke oomblik van die dag by jou is om jou hand vas te hou, en dat die Heilige Gees binne-in jou vir jou die krag en die woorde in jou mond sal gee. Al wat Hy van jou vra is jou gewilligheid.

**Gebed:**

**Here, ek bely vanoggend dat ek ook so dikwels kritiseer sonder rede. Plaas asseblief ‘n wag voor my mond.**

# 67 Die Krag In Ons

## 2 Korintiërs 13:1-13

Baie jare gelede nooi ‘n sendeling my eendag om saam met hom ‘n Hindoe fees by te woon. Dit is nou nie eintlik my gewoonte om by sulke feeste rond te hang nie, en ek wil dit ook nie vir enige gelowige aanbeveel nie, want daar kraai die duiwel letterlik van die lekkerkry! Jy kan sy walglike teenwoordigheid ruik en voel en sien! Ons wou egter vir ons sélf sien wat daar gebeur, want niemand kan dit vir jou beskryf nie. Ons het ook wel deeglik besef dat ons daar met die opperhoof van onheil te doen sou

kry, en daarom het ons ons besoek biddend gedoen. Wat ek egter daardie dag beleef het, het ek in my wildste drome my nie kon indink nie. Dit is ingebrand in my geheue, en elke keer as ek daaraan dink sidder ek opnuut.

Dit is ‘n koue, nat dag en die reën sif saggies neer. ‘n Kleurvolle waentjie iewers tussen die dansende aanbidders trek my aandag: dit is twee meter hoog en versier met blomme en prente van gode. Daar is ’n gedierte met ’n mens se gesig en ’n olifant-slurp. ’n Mens met ’n aapgesig, en ’n verleidelike vrou met ses arms, Hindoe-afgode versier die

waentjie. ’n Vaal, patetiese, brandmaer mannetjie, geklee net in ‘n kortbroekie, staan sopnat gereëen en bibber van die koue langs sy karretjie. ‘n Priester in ’n wit gewaad kom ingesweef. Hy prewel al singende ’n onverstaanbare rympie terwyl hy en die maer mannetjie ‘n olielampie aansteek. Al bibberende en prewelende begin die patetiese kêrel rondom sy waentjie loop. Ek skrik my yskoud as ek sien hoe die bedremmelde figuur algaande ’n metamorfose ondergaan, van bewende swakkeling na ‘n selfversekerde wese. ‘n Wese, nie meer ‘n mens nie! Sy wilde, rollende oë spoeg

vuur na my, die oë van ‘n wilde dier. Hy bult sy spiere. Die koue het skielik vir hom verdwyn.

Die priester bring iewers uit sy wit gewaad ‘n handvol vishoeke te voorskyn, nie die soort waarmee jy sardientjies vang nie - dis gróót menere wat vir haaie bedoel is! Ek maak my oë toe as hy die hoeke een-vir-een deur die man se rugvel haak. Ek sidder. Hy knip nie ‘n oog nie! Nie ‘n druppel bloed nie. Sy gesig is wild en sy oë rol. Hy steek sy tong ver uit, soos ‘n bees met malsiekte. Die priester druk ‘n dik breinaald deur sy tong, en nóg ‘n halfdosyn, ook deur sy wange. ‘n Naarheid styg

uit my maag op. Die swaar waentjie word met toutjies aan die hoeke in die man se rug vasgemaak, en hy begin aanstap daarmee. Hy sleep sy wa al dansende oor die bult en verdwyn.

Ek het genoeg gehad van hierdie onheil! Ek wil huistoe. Ek wurm my deur die dansende massas. Ek sien vroue met kokosneute wat aan hoeke aan hulle borste hang terwyl hulle op en af spring. Wilde gesigte wat kyk maar nie sien nie, en dierlike wesens met penne besteek soos ystervarke, staar na my uit alle rigtings. Elkeen is gevul met ‘n ongekende

bose krag wat hulle liggame totaal oorgeneem het.

Die duiwel is ‘n werklikheid wat jy nie mag miskyk nie. Hindoes leef gedurig in vrees en bewing. want hulle weet dat die demone hulle enige tyd kan oorval. En hulle is bitter bang!

As ek en jy Hom toelaat, sal die Here ook óns lewens vul, maar op ‘n totaal ander wyse! Die Hindoe het nie meer beheer van sy lewe nie, want die duiwel oorheers hom. Die Here gee my egter volle beheer van my lewe. Ek kan sélf besluit in hoe ‘n mate ek wil toelaat dat Hy my beheer. Die duiwel gee die Hindoe

uiterlike krag - die Here vul ons met innerlike krag. Die Hindoe se god vul hom met vrees - God almagtig vul ons met vrede, liefde en lewensvreugde. Die mag van die duiwel is beperk - die mag van God is onbeperk, en absoluut niks is vir Hom onmoontlik nie!

Jy kan ook sélf bepaal tot hoe ‘n mate die Heilige Gees jou lewe kan vul. Ja, inderdaad is die Heilige Gees binne-in jou as jy ‘n kind van God is, maar jy moet plek maak vir Hom as jy meer van Hom in jou lewe wil hê. Hoe meer ek van die sonde in my lewe ontslae raak, en hoe meer intens

ek God dien, hoe meer plek is daar vir die Heilige Gees in my.

Ons het gesien dat die duiwel ‘n werklikheid is, maar is God ‘n werklikheid? Ja, duisendmaal **JA**! Paulus sê dat Christus deur hom praat. Dit is byvoorbeeld een bewys dat God ‘n werklikheid is. Nét só gebeur hierdie oordenkinge ook nie maar toevallig nie, maar God het ‘n doel met elkeen van hulle, al is dit net om een enkele mens se hart aan te raak. Nee, dit is nie ék wat die goeie skrywer is nie. Ek laat maar net die Heilige Gees toe om my te gebruik om die boodskap uit te dra. Is dit nie al klaar

genoeg bewys dat Hy ‘n werklikheid is nie?

Paulus sluit sy brief aan die gemeente in Korinte, asook ook aan jou en my, af met ‘n vermaning: “**Wees bly, streef na geestelike volwassenheid, aanvaar vermaning, wees eensgesind, leef in vrede.**” En dan groet hy met die wonderlike woorde: “**Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.**”

**Gebed:**

**Here, ek bid vir elke persoon wat hierdie reeks oordenkinge**

**oor Korintiërs gelees het. My innige gebed is dat dit tot groot seën in elkeen se lewe sal wees.**